

Die nuusagenda en die raming van nuus in drie Namibiese susterkoerante: ‘n Vergelykende studie aan die hand van die agendastellingsteorie en nuusramingsbeginsel

Y Nel



orcid.org/0000-0002-7472-076X

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister
Artium* in *Kommunikasiestudies* aan die Noordwes-
Universiteit

Studieleier: Dr T Swanepoel

Gradeplegtigheid Mei 2018

Studentenommer: 20295456

Bedankings

Dankie aan my Pappa Vader wat vir my gesê het ek het dit in my. Ek is in alles tot staat deur Hom wat my krag gee.

My ouers, Fanie en Hanlie, dankie vir julle ondersteuning. Dankie vir die geleenthede wat julle my gebied het en my geleer het om jou eie mens te wees. Ek sal nooit ophou by julle leer nie.

My sibbe en vriende: Antoinette, Tiaan, Rhena, Riëtte, Marizanne, Jessica, Rodney en Gerrit, dankie vir die koffie wat aangedra is, vir al die etes wat gekook is, die trane wat afgedroog is en die baie bemoedigende boodskappe. Dankie vir julle ondersteuning en liefde.

My kêrel – Antonio Quintal, jy maak alles beter. Dankie vir jou daar-wees tydens van die moeilikste tye gedurende hierdie studie. Vir jou het ek lief.

Dankie aan die personeel van NMH, in die besonder aan Luzelle October en Thusnelda Gamibes in die biblioteek wat seker gemaak het ek kry al die koerante vir hierdie studie. My redakteur, Gerine Hoff, jou bystand die afgelope paar jaar is merkwaardig – ek sal daarom aanhou vir jou werk. Karin Eloff, my taalversorger, ons hoef nooit weer 4uur in die oggende te begin werk nie.

Thalyta Swanepoel – dankie vir die ingryp na 'n probleem en die optel na elke val. Dankie vir alles, ook dat jy my nooit toegelaat het om tou op te gooi nie.

Abstract

Keywords: *Republikein, Namibian Sun, Allgemeine Zeitung, NMH, agenda setting, framing, Namibia*

In this study, the researcher looks into what agenda three daily sister newspapers in Namibia sets and how each of the papers frames the news. The agenda setting and framing theory are used as theoretical interpretation instruments.

Elements and criteria are extracted from literature to determine how to identify what is important. A newspaper analyses and interviews, with current editors of the newspapers, are used to conduct the study.

All news articles published on the first three pages of the newspapers, as well as the editor's commentary is included in the study. One month of newspaper (July 2013) is used in the study.

This information will be used to see how the newspapers differ from one another and what similarities can be seen.

Opsomming

Sleutelwoorde: *Republikein, Namibian Sun, Allgemeine Zeitung, agendastelling, raming, Namibië*

In hierdie studie kyk die navorser na die agenda wat drie susterkoerante in Namibië daarstel, sowel as hoe elk van die koerante nuus raam. Die agendastelling- en ramingsteorie word as teoretiese perspektiewe voorgehou.

Elemente en kriteria word uit die literatuur onttrek om vas te stel hoe om te identifiseer wat belangrik is binne hierdie teorieë. 'n Koerantanalise en onderhoude met die huidige redakteurs, word binne hierdie studie gebruik.

Alle nuusitems wat op die eerste drie bladsye van die koerante gepubliseer is, sowel as die kommentaarblad is in hierdie studie ingesluit. Een maand se koerante van Julie 2013 is gebruik.

Die inligting sal gebruik word om te sien hoe die koerante van mekaar verskil en ooreenstem.

INHOUDSOPGAWE

Bedanking	i
Abstract / Opsomming	ii
Hoofstuk 1	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Die Namibiese medialandskap	2
1.2.1 Media-eienaarskap in Namibië	4
1.2.2 Die geskiedenis van die drie susterkoerante	6
1.3 Probleemstelling	11
1.4 Navorsingsvrae	12
1.5 Navorsingsdoelstellings	12
1.6 Teoretiese perspektiewe	13
1.6.1 Agendastelling en raming	13
1.7 Navorsingsbenadering	14
1.8 Metode	15
1.8.1 Literatuurstudie	15
1.8.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise	16
1.8.2.1 Onderhoude	17
1.8.2.2 Triangulasie, geldigheid en betroubaarheid	18
1.9 Voorlopige hoofstukindeling	18
Hoofstuk 2	20
2.1 Inleiding	20
2.2 Sosiokulturele tradisie	21
2.3 Rigtinggewende argumente	24
2.3.1 Agendastelling	26
2.3.1.1 Elemente van agendastelling	30
2.3.1.1.1 Nuuskriteria	30
2.3.1.1.2 Onderwerp	32
2.3.1.1.3 Plasing	32
2.3.1.1.4 Ruimte	33
2.3.1.1.5 Opvolge	34

2.3.1.1.6 Genre	34
2.3.1.2 Samevatting	35
2.3.2 Nuusraming as teorie	35
2.3.2.1 Elemente van nuusraming	39
2.3.2.1.1 Nuushoeke	39
2.3.2.1.2 Meganismes	41
2.3.3 Samevatting	41
Hoofstuk 3	43
3.1 Inleiding	43
3.2 Die kwalitatiewe navorsingsbenadering	43
3.2.1 Triangulasie, geldigheid en betroubaarheid	44
3.3 Navorsingsmetodes	45
3.3.1 Literatuurstudie	46
3.3.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise	47
3.3.2.1 Navorsingsmateriaal	48
3.4 Werkswyse	49
3.4.1 Kategorieë: Agendastelling	49
3.4.2 Kategorieë: Nuusraming	51
3.4.2.1 Nuushoek	51
3.4.2.2 Meganismes	51
3.4.2.3 Onderhoude	54
3.5 Etiek	55
3.6 Samevatting	55
Hoofstuk 4	56
4.1 Inleiding	56
4.2 Ontledingskategorieë: Agendastelling en nuusraming	56
4.2.1 Onderwerpe	58
4.2.1.1 Politiek	59
4.2.1.1.1 Tipe politieke nuus	60
4.2.1.1.2 Nuuskriteria in politieke nuusdekking geïdentifiseer	61
4.2.1.1.3 Opvolge en genres	70
4.2.1.1.4 Plasing, kwadrante, ruimte en meganismes	72

4.2.1.1.5 Raming	77
4.2.1.2 Hof en misdaad	79
4.2.1.2.1 Nuuskriteria geïdentifiseer	80
4.2.1.2.2 Opvolge en genres	86
4.2.1.2.3 Plasing, kwadrante, ruimte en meganismes	89
4.2.1.2.4 Raming	101
4.2.1.3 Plaaslike owerhede	105
4.2.1.3.1 Nuuskriteria geïdentifiseer	106
4.2.1.3.2 Opvolge en genres	109
4.2.1.3.3 Plasing, kwadrante, ruimte en meganismes	111
4.2.1.3.4 Raming	113
Hoofstuk 5	119
5.1 Inleiding	119
5.2 Navorsingsdoelstellings	119
5.3 Navorsingsuitdagings	121
5.4 Voorstelle vir verdere navorsing	122
5.5 Gevolgtrekking	122
Bronnelys	124

HOOFSTUK 1: INLEIDING, AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

In Julie 2013 is die grootste mediatransaksie ooit in Namibië aangekondig nadat 50% van die Democratic Media Holdings-trust (DMH) se aandele aan die breë bemagtigingsonderneming Stimulus verkoop is (Hoofredaksie, 2013:1). Die ander 50% het aan Media24 behoort. In Julie 2016 het Stimulus aangekondig dat hy Media24 se 50%-aandeel in NMH gaan koop en dat die transaksie goedgekeur is. Volgens 'n artikel wat in die dagblad Republikein verskyn het, het die transaksie 'n veelledige bemagtigingsplan ten doel gehad. Stimulus se besturende direkteur, Monica Kalondo, het ten tyde van die aankondiging gesê Stimulus sien sy rol as dié van 'n “strategiese belegger sonder bedryfsbetrokkenheid”. Dié benadering is noodsaaklik om redaksionele onafhanklikheid te waarborg (Hoofredaksie, 2013:1).

In April 2014 is DMH se naam verander na Namibia Media Holdings (NMH). Dié maatskappy is in beheer van die Namibiese koerante *Republikein* (Afrikaans), *Namibian Sun* (Engels) en *Allgemeine Zeitung* (Duits), sowel as 'n drukpers, Newsprint Namibia (NMH, 2015). Dié publikasies se nuuskantore sou egter steeds as onafhanklike entiteite bestuur word, elk met sy eie redaksie. Die drie koerante funksioneer ook vanuit een gebou wat bestuurstake vergemaklik.

Republikein en *Namibian Sun* het voor die transaksie tussen DMH en Stimulus reeds dieselfde kantoorruimte gedeel, terwyl *Allgemeine Zeitung* op dieselfde perseel was, maar in 'n ander gebou. In Januarie 2012 is die drie koerante se redaksionele spanne in dieselfde kantoorruimte ingeskuif (dus vóór die transaksie).

Teen die einde van 2016 het First National Bank (FNB) Namibia aangekondig dat hulle Stimulus wil oorneem, wat onder meer 100% van NMH besit. Op 24 Maart 2017 berig die *Namibian Sun* dat die transaksie goedgekeur is. “Die goedgekeurde transaksie beteken dat FNB Namibië 39% van NMH besit,” lees die berig (Duddy, 2017). NMH verwag nie dat die nuwe transaksie enige werksaamhede sal beïnvloed nie.

Hierna sal die raamwerk van mediakonvergensie bespreek word, sowel as nuuskantoor kulture, voor die medialandskap in Namibië in diepte bespreek word.

Vobič (2009:8) het ondersoek ingestel na die samesmelting van nuuskantore binne die raamwerk van mediakonvergensie. Sy studie handel oor nuuskonvergensie as 'n geleidelike proses van toenemende globale samewerking en die kombinering van tegnologie, personeel en spasie tussen voorheen duidelik gesegregeerde redaksionele spanne van die gedrukte media, uitsaaimedia en aanlyn media. Hy het twee nuuskantore (*Delo* en *Žurnal*) in Slowenië vir 'n maand waargeneem en voorgestel nuuskantoorkonvergensie is nie 'n universele, lineêre en tegnologies-gedrewe proses nie. Die *Delo* en *Žurnal* het verskillende nuuskantoorkulture en speel verskillende rolle in die Sloweense media. Dié media-instansies het ook elk sy eie oorsprong uit verskillende sosiale kontekste, verskillende rolle en wisselende aandele in die mediamark (2009:10).

Vobič (2009) sê nuuskantore word breedweg op verskillende maniere georganiseer afhangende van hul onderskeie politieke, ekonomiese en kulturele kontekste.

Sy gevolgtrekking is gemaak nadat hy bevind het daar is 'n geleidelike toename in die globale samewerking tussen koerante ten opsigte van tegnologie, personeel en spasie. Voorheen was daar duidelik onderskeibare redaksionele spanne van die gedrukte media, televisie en aanlyn media, maar hierdie onderskeid is nou ook besig om te verdwyn binne die raamwerk van media- en nuuskonvergensie. Hierdie studie fokus op die drie Namibiese koerante *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung*.

In hierdie hoofstuk bespreek die navorser die koerante teen die agtergrond van die Namibiese medialandskap, die politieke konteks en media-eienaarskap. Navorsingsvrae, doelstellings en 'n kort oorsig oor die navorsingsmetodes sal ook in hierdie hoofstuk gegee word.

1.2 DIE NAMIBIESE MEDIALANDSKAP

Volgens die 2016 CIA World Factbook oor Namibië se demografiese profiel, is 87,5% van die bevolking swart, 6% wit en 6,5% Basters. Oshiwambo word deur 48,9% van die bevolking gepraat, 11,3% praat Nama/Damara en 10,4% (hoofsaaklik witmense en Basters) Afrikaans. Slegs 1% is Duitssprekend. Hoewel Engels die land se amptelike taal is, word dit deur net 3,4% van die bevolking gepraat (CIA, 2016:3).

Namibië spog met vyf dagblaaie en 12 weekblaaie (sien Tabel 1). Volgens die Friedrich Ebert Stiftung (FES) is daar ook ses tydskrifte (FES, 2015:28-29), waaronder die *Ewi IyaNooli* ('n maandelikse bylaag van *Namibian Sun*).

Tabel 1 verskaf 'n oorsig oor die gedrukte medialandskap in Namibië. Volgens die African Media Barometer Namibia (2015), is daar, afgesien hiervan, ook twee aanlynpublikasies en 30 radiostasies.

Tabel 1: Uiteensetting van gedrukte publikasies in Namibië, wanneer hulle beskikbaar is, aan wie hulle behoort en die prys van elke publikasie.

Naam van publikasie	Tipe publikasie	Beskikbaar	Eienaar	Prys
Allgemeine Zeitung	Dagblad	Maandae – Vrydae	NMH	N\$4
<i>Republikein</i>	Dagblad	Maandae – Vrydae	NMH	N\$6
New Era	Dagblad	Maandae – Vrydae	New Era Publications Corporation	N\$3
The Namibian	Dagblad	Maandae – Vrydae	Free Press of Namibia Trust	N\$4
Namibian Sun	Dagblad	Maandae – Vrydae	NMH	N\$4
Confidante	Weekblad	Donderdae	Max Media Conglomerate	N\$5
Economist	Weekblad	Vrydae (aanlyn)	Privaat eienaarskap	Gratis
Erongo	Weekblad	Vrydae	NMH	Gratis
Informanté	Weekblad	Donderdae	Trustco	Gratis
Kundana	Weekblad	Vrydae	New Era Publications Corporation	Gratis
Namib Independent	Weekblad	Donderdae	Roy Claasen	Gratis
Namib Times	Weekblad	Dinsdae	Desmond Frankfurt en Dr Gene Kop	N\$4
Namibia Today	Weekblad	Vrydae	SWAPO	N\$2
Southern Times	Weekblad	Vrydae	New Era Publications Corporation en NamZim Newspapers PTY	Nie beskikbaar
The Villager	Weekblad	Donderdae	Omalaeti Media Group	N\$3

Windhoek Express	Weekblad	Donderdae	NMH	Gratis
Windhoek Observer	Weekblad	Woensdae	Paragon Media	N\$5
Ewi IyaNooli	Maandeliks	N.v.t.	NMH	Gratis
Insight	Maandeliks	N.v.t.	Fredericks Links	N\$30
Inspired	Maandeliks	N.v.t.	Nie beskikbaar	Nie beskikbaar
Municipal Pillars	Maandeliks	N.v.t.	Municipal Pillars Company	N\$20
Prime Focus	Maandeliks	N.v.t.	Omalaeti Media Group	N\$20
Sister Namibia	Kwartaalliks	N.v.t.	Nie beskikbaar	Gratis

Tabel 2: Lys van radiostasies in Namibië (FES, 2015:29 – 31)

In regeringsbesit	Kommersieel	Gemeenskap
NBC !HA	Fresh FM	Base FM
NBC Afrikaans	Hitradio Namibia	Channel 7
NBC Damara/Nama	Omulunga Radio	E-FM
NBC German	Radio 99	Karas
NBC Lozi	Radio Cosmos	Live FM
NBC National Service (English)	Radio Energy	Namcol
NBC Oshiwambo	Radio France International (RFI)	Ohangwena
NBC Otjiherero	Radio Kudu	Omaheke
NBC Rukavango	Radio Wave	Oranjemund FM
NBC Tirelo ya Setswana	West Coast FM	UNAM Radio

1.2.1 Media-eienaarskap in Namibië

Plaaslike media val in twee kategorieë volgens media-eienaarskap en -beheer: Openbare media, soos byvoorbeeld NBC-TV en -radio, sowel as *New Era* en *Namibia Today*, is onder staatsbeheer. Die aanstelling van die uitvoerende direkteur van *New Era* word deur die kabinet goedgekeur.

Aan die ander kant is die private media, wat grotendeels deur 'n wit minderheid besit word. Volgens Ya Nangoloh (2012:1) word net drie van die weekblaaie wat deur private individue besit word, deur swart Namibiërs besit.

Soos in Tabel 1 hierbo uiteengesit, kan NMH (as private media-entiteit) as 'n konglomeraat beskou word. Die organisasie is enig in sy soort, met meer as die helfte van die land se dagblaaie, sowel as talle ander weekblaaie en 'n maandblad in sy besit. Ander private media-entiteite, soos die Free Press of Namibia Trust, Max Media Conglomerate, Trustco Newspaper en Paragon Media, besit elk net een koerant. Omalaeti Media Group besit 'n weekblad en 'n tydskrif (FES, 2015:28 – 29). Hoewel 'n verskeidenheid media-entiteite bestaan, is daar 'n tekort aan diversiteit wat eienaarskap betref (FES, 2015:35).

Die African Media Barometer Namibia (2015) sê afgesien van die feit dat die media grotendeels in die hande van wit Namibiërs lê, is die meerderheid van dié eienaars boonop manlik. Die regering het dus nie daarin geslaag om diverse eienaarskap te verseker nie, met geen belastingaansporingsmaatreëls of inisiatiewe wat aktiewe diverse eienaarskap sal aanmoedig of kleiner mediahuise sal beskerm nie (FES, 2015:35).

Dit word ook deur Namrights, 'n regeringsorganisasie wat ten doel het om die skending van menseregte in Namibië stop te sit, bevestig (Ya Nangoloh, 2012:1).

Eienaarskap het wel verander met 'n aankondiging op 1 Julie 2016 dat Stimulus Investments Ltd 100% van NMH se aandele besit “ná die Namibiese Mededingingskommissie (NaCC) die verkryging van Media24 (die Suid-Afrikaanse mediakonglomeraat) se belang van 50% goedgekeur het” (Graig en Duddy, 2016:1). Volgens 'n artikel deur Augetto Graig en Jo-Maré Duddy, wat op 4 Julie 2016 op die voorblad van *Republikein* verskyn het, was Stimulus en Media24 gelyke aandeelhouers in NMH, die beheermaatskappy van *Republikein*, *Namibian Sun*, *Allgemeine Zeitung*, verskeie gemeenskapskoerante en Newsprint Namibia. Stimulus het reeds in September 2012 sy belang van 50% in NMH bekom en die groep se direksie het in April 2016 die verkryging van die oorblywende 50% goedgekeur. Die NaCC het op 23 Junie die groen lig vir laasgenoemde transaksie gegee (Duddy, 2016:1). Die uitvoerende direkteur van Stimulus, Josephat

Mwatotele, het (luidens die berig) tydens die aankondiging gesê NMH is nou ten volle in Namibiese besit en onder Namibiese beheer.

NMH het tot 2014 die monopolie in die drukkerybedryf gehad met sy aandeel in Newsprint. Die mediahuis kon daarom die druk van publikasies prioritiseer, wat 'n invloed het op hoe vroeg 'n sekere koerant gereed moet wees om gedruk te word. Volgens die FES het dit 'n probleem veroorsaak. Die *New Era* byvoorbeeld, kon nie wag tot 17:00 vir kommentaar van 'n bron nie, omdat hulle reeds 17:30 by die drukkers moet wees. Die *Republikein* daarteenoor, druk eers om 19:00 en het dus nog genoeg tyd om die kommentaar in 'n nuusberig te gebruik. Omdat Newsprint tot onlangs toe die enigste drukkery in die land was, kon hulle ook die drukprys van koerante bepaal (FES, 2015:34).

Die gedrukte medialandskap van Namibië is hierbo uitgelê en bespreek. Vervolgens word aandag aan die geskiedenis van die drie susterkoerante geskenk.

1.2.2 Die geskiedenis van die drie susterkoerante

Voor *Republikein* tot stand gekom het, het die destydse Nasionale Party aan Dirk Mudge (politikus en stigter van Democratic Media Holdings) toestemming verleen om in sy private hoedanigheid met swart leiers in gesprek te tree en nie as politieke leier nie (Greef, 2016).

PJ Malherbe en sy span (wat later KPMG gestig het) het die Swamex-trust gestig om Mudge in staat te stel om deur die land te reis om met swart leiers te vergader. Ná 'n skeuring tussen die Nasionale Party en die Republikeinse Party (RP), is *Republikein* in Desember 1977 as mondstuk vir die RP gestig, soos wat *Die Suidwester* 'n mondstuk van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party se Suidwes-Afrikaanse eweknie was (Wikipedia, 2016).

Volgens Chrisna Greef (2016), dogter van Dirk Mudge, het die RP *Republikein* gefinansier en talle RP-lede het verniet vir die koerant gewerk. *Republikein* is ook sonder koste deur Perskor in Suid-Afrika gedruk (Greef, 2016). Dié Afrikaanse koerant het tot 1992 op sulke gunste en gawes oorleef.

Nadat die RP en nog 10 rasgebaseerde politieke partye by die Demokratiese Turnhalle Alliansie (DTA) aangesluit het, het die *Republikein* die nie-amptelike mondstuk van die DTA geword (Wikipedia, 2016).

Voor Namibië se onafhanklikwording en verkiesing in 1990 het talle skenkers van Suid-Afrika en ander dele van die wêreld geld aan opposisiepartye geskenk, veral aan die DTA, terwyl ander nie 'n duidelike verbintenis met 'n spesifieke party wou skep nie (Greef, 2016).

Alle geld het aan die Swamex-trust gegaan, wat dit na goeie dinge aangewend het. 'n Derde van die geld is aan Mudge en sy binnekring gegee, wat self kon besluit hoe en waar dit gebruik moes word. Van die geld wat vir die DTA beoog was (wat ook in die Swamex-trust was), het van die Suid-Afrikaanse regering af gekom.

Volgens Greef (2016) het al die ander opposisiepartye ook geld van die Suid-Afrikaanse regering ontvang, op voorwaarde dat alle oorblywende geld aan die regering terugbetaal moes word.

Ná die verkiesing was 'n bedrag van N\$4,5 miljoen in die Swamex-trust oor, maar daar was nie sekerheid oor aan wie dié geld behoort het nie. Die opposisiepartye het tydens Namibië se eerste verkiesing só swak gevaar dat hulle nie as waardige opposisie sou kon optree nie. Die opposisieparty se geld is dus, op Mudge se aandrang (Greef, 2016), aangewend om 'n vrye media in die land te handhaaf.

DMH is toe in 1992 gestig deur Mudge en dr. Jan Spies, en die John Meinert-besighede is met dié geld oorgekoop. Meinert het destyds *Allgemeine Zeitung* besit, sowel as *Advertiser*, die Sondagkoerant *Tempo*, *Times of Namibia*, die koerantdrukkery, 'n kommersiële drukkery en 'n 50%-aandeel in *Windhoek Observer* (Greef, 2016).

Allgemeine Zeitung, wat ook bekend is as die AZ, is in 1916 gestig en was eers bekend as *Der Kriegsbote* ("die oorlogsgesant"). Berigging het grotendeels op die Eerste Wêreldoorlog gefokus (Wikipedia, 2015). *Allgemeine Zeitung* is die oudste dagblad in Namibië en die enigste Duitse koerant op die Afrika-vasteland (Wikipedia, 2013). Alle *Allgemeine Zeitung*-lesers is Duitssprekend. Die koerant spog maandeliks met nagenoeg 59 000 internasionale en sowat 5 600 Namibiese besoekers aan sy webwerf (sien Media Kit, 2014).

In 1994 is die Swamex-trust bankrot verklaar en is Chrisna Greef aangestel as besturende direkteur nadat sy vir 'n jaar 'n direksielid was. Die bestuurslede het almal ten tyde van die bankrotskap hul bedankings ingedien (Greef, 2016).

Volgens Greef is besluit om van alle koerante ontslae te raak wat in daardie stadium die grootste verliese gely het. Teen die tyd dat Greef as besturende direkteur aangestel is, was *Times of Namibia* reeds tot niet en sy het *Advertiser* en *Tempo* ook gesluit (Greef, 2016).

“*The Namibian* het in daardie stadium 'n groter rol as die *Advertiser* gespeel om vrye media te verseker. *Tempo* is gesluit omdat die sirkulasie daarvan te duur was en ons het met onself gekompeteer vir goeie joernaliste. Met die sluiting van *Tempo* het die joernaliste oorgeskuif *Republikein* toe (Greef, 2016).” Die kommersiële drukkerij en die *Windhoek Observer*-aandeel is ook verkoop. Slegs *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en Newsprint (die drukkerij) het oorgebly.

In 1995 is alle politieke bande gesny en volgens Greef is geen ampsdraer sedertdien as direksielid aangestel nie. “'n Media-instansie wat 'n politieke party ondersteun, gaan of saam met die party groei of saam met die party sterf. Om 'n mondstuk te wees vir 'n politieke party beteken jy is bevooroordeeld en die doel van die trust was juis om 'n vrye media daar te stel. Die media moes onverbonden wees om geloofwaardig te wees (Greef, 2016).”

Die helfte van DMH se aandele is daarna (2006) aan Media24 verkoop om die koerante te beveilig, sou die trust dalk ooit weer in 'n finansiële verknorsing beland. Om verder te verseker dat die koerante wel voortbestaan, is 100% van alle winste in die trust teruggestort.

In 2007 is die moontlikheid van media-integrasie ondersoek en is die bal aan die rol gesit om aandele in die radiostasie 99FM te bekom, sowel as aandele in die televisiestasie One Africa. Hoewel die transaksie met 99FM voortgegaan het, het dit nooit met die televisiestasie gerealiseer nie. Dié aandele is deur DMH se operasionele maatskappy Desert Trade Investments (DTI) bekom (Greef, 2016).

Volgens Greef (2016) het Media24 nie in hierdie aandele (van die radiostasie) belang gestel nie, omdat hulle nie radio-ondervinding gehad het nie. In Suid-Afrika

word kruiseienaarskap van verskeie media-entiteite nie volgens wet toegelaat nie (Greef, 2016).

Die trust het besef *Republikein* se sirkulasie (as Afrikaanse koerant) kan op die lange duur daal. Die opsies was om die koerant stelselmatig in 'n Engelse koerant te omskep of om 'n nuwe Engelse koerant te begin. In dieselfde jaar (2007) is *Namibian Sun* as weekblad begin. Media24 wou 'n eweknie van die Suid-Afrikaanse *Son* op die been bring, maar dít sou volgens die DMH-direksie nie 'n bydrae tot die trust lewer nie. 'n Engelse publikasie was ook deel van die integrasieplan (Greef, 2016).

Namibian Sun het in 2010 'n dagblad geword (NMH, 2015). Meer as die helfte van *Namibian Sun* se lesers (54%) is Oshiwambosprekend, gevolg deur 14% Nama-/Damara- en 12% Afrikaanssprekendes. Sowat 6% van die lesers is Engelssprekend (NMH, 2013). Daar was nooit enige politieke agenda met die stigting van *Namibian Sun* nie.

Volgens Greef (2016) was die integrasieplan so ver ontwikkel dat Chris Jacobi as die groep se redakteur aangestel is, met die drie koerante se redakteurs wat aan hom gerapporteer het. “Die idee was om te verhoed dat een publikasie van die maatskappy sekere berigte dae later as die ander op die voorblad publiseer nadat die storie reeds gedra is.” (Greef, 2016).

In 2012 het die DMH-trust besluit om hul 50%-aandeel aan Stimulus te verkoop, omdat die trust, volgens Greef (2016), geglo het die media in die land is nou gevestig en funksioneer goed. Die trust se betrokkenheid was nie nodig nie en alle doelwitte vir die media-instansies is bereik. “Die trust kon geen verdere bydrae tot 'n vrye media lewer nie (Greef, 2016).”

Volgens navorsing wat NMH in 2011 gedoen het en waaroor die maatskappy verslag gedoen het in 2013, speel *Republikein* 'n groot rol in die mediamark en maak dit spesifiek vir Afrikaanssprekendes voorsiening (NMH, 2013). Volgens *Republikein* se 2013-mediapakkie, wat jaarliks op datum gebring word en aan belangstellende sakelui gestuur word, is die helfte van die koerant se lesers Afrikaanssprekend, gevolg deur 20% Nama-/Damara-sprekers. Sowat 13% van die lesers is Oshiwambosprekend en 6% Otjihererosprekend (NMH, 2013).

Benewens die drie dagblaaie spog NMH ook met talle weekblaaie, wat óf deel vorm van die dagblad self óf losstaande publikasies is. Hoewel NMH se weekblaaie en bylae nie deel vorm van dié studie nie, word dit kortliks bespreek om 'n volledige oorsig oor NMH moontlik te maak.

Erongo, 'n weeklikse bylaag in *Republikein*, word gemik op lesers met 'n gemiddelde tot hoë inkomste. Dié bylaag is sedert 15 Mei 2014 weekliks beskikbaar en was voorheen net as 'n maandelikse bylaag beskikbaar. *Erongo* fokus op die kleinsake- en diensbedryf (NMH, 2015).

'n Totaal van 14 500 kopieë word gratis as invoegsel in die drie koerante en losstaande in uitgesoekte winkels versprei. Hoewel dit grotendeels in Afrikaans geskryf word, bevat dit ook Engelse en Duitse artikels (NMH, 2015:5,12).

Windhoek Express (WE) is in September 2014 bekend gestel. Dié bylaag is op middel- tot hoë-inkomste lesers gemik en fokus op gemeenskapsnuus van Windhoek, Gobabis, Rehoboth en Okahandja. Volgens 2015 se Media Kit, wat jaarliks deur NMH vrygestel word, word WE in die Khomas- en Omaheke-streek versprei (NMH, 2015:7). Sowat 34 900 kopieë word gratis op Donderdae versprei. 'n Totaal van 16 000 word in Windhoek afgelewer en 11 000 word as invoegsel in die drie susterkoerante versprei. Sowat 6 000 kopieë is by uitgesoekte winkels beskikbaar en sowat 2 000 word by verskeie skole uitgedeel (NMH, 2015:6).

Die *Ewi lyaNooli* is 'n maandelikse bylaag van *Namibian Sun* wat sedert 2015 beskikbaar is. Sowat 12 450 kopieë word in die Otjozondjupa-, Oshikoto-, Kavango-Oos-, Kavango-Wes-, Oshana-, Ohangwena-, Kunene- en Omusati-streek versprei. Volgens 2015 se Media Kit fokus dié bylaag op nuus van die Noorde en word dit in Engels en Oshiwambo geskryf (Onbekend, 2015:8-9).

Aanlyn-media sowel as sosiale media speel 'n groot rol in wêreldwye media omdat dit vinnig toeganklik is en baie meer mense onmiddellik bereik (sien Hargraves, 2005:42-44). *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* het om dié rede ook elk sy eie aktiewe webtuiste wat daagliks op datum gebring word. Elke koerant, sowel as die houermaatskappy, maak ook van sy eie sosialemediablaaie gebruik. Die NMH-trust het 'n Facebook-blad, terwyl elk van die koerante ook 'n Facebook- en Twitter-rekening het.

Die drie koerante gee sedert Februarie 2013 elke maand saam 'n bylaag genaamd *Tourismus* uit. Dié bylaag fokus op die toerismebedryf in Namibië en word in drie tale (Afrikaans, Engels en Duits) geskryf en by al drie die susterkoerante ingevoeg. Deur in drie verskillende tale te publiseer, bereik die drie koerante alle gemeenskappe in die land.

Omdat verskeie kulture binne die maatskappy betrokke is, word daar ook gekyk na organisatoriese kultuur. Katzenbach, Oelschlegel en Thomas beskryf dit as 'n maatskappy se persoonlikheid en verduidelik hoe werknemers werk en reageer (2016:1). Volgens Katzenbach *et al.*, skrywers van *10 Principles of Organisational Culture*, is kultuur 'n selfonderhoudende patroon van gedrag wat bepaal hoe dinge binne 'n maatskappy gedoen word. Dít sal in diepte in Hoofstuk 2 bespreek word.

Hoewel die drie koerante dus vanuit een gebou bedryf word en bepaalde samewerking voorkom, het elke koerant op die oog af sy eie inhoud vir spesifieke kultuur- en taalgroepe in die Namibiese mark. Elke koerant het sy eie span joernaliste en fokus op sy eie teikengroep.

1.3PROBLEEMSTELLING

In ooreenstemming met Vobič (2009) se waarnemings (sien 1.1), sou daar geredeneer kon word dat die Namibiese koerante *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* hul eiesoortige politieke, ekonomiese en kulturele kontekste kan behou, al val die drie publikasies onder dieselfde hoofdireksie. Dié standpunt word verder versterk deur die feit dat die koerante verskil wat taal en teikenmark betref. *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* bly outonoom funksioneer en elkeen het 'n eie redakteur en nuusredakteur verantwoordelik vir sy publikasie se afsonderlike nuusinhoud (NMH, 2015). Die samesmelting van die drie koerante het gepaard gegaan met 'n herontwerp van die koerante se oorhoofse visuele identiteit, maar elke koerant het ook 'n nie-visuele identiteit behou, gebaseer op elkeen se taal en kultuur (NMH, 2015). In teenstelling hiermee het elke koerant steeds breedweg beheer oor die uitleg van die koerant behou, maar betreffende fyner besonderhede, soos die gebruik van groot foto's en 'n subkop en opsomming vir hoofstories, is groter eenvormigheid bewerkstellig.

Uit die bogenoemde agtergrond kan die volgende stelling geformuleer word: **Gegewe die feit dat *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* aan dieselfde maatskappy behoort, 'n kantoorruimte deel, maar verskillende kultuur- en taalgroepe dien, is die verskynsel wat in hierdie studie ondersoek word hoe elke koerant die gebeure van die dag waarneem en aanbied.** Om hierdie probleem aan te pak, wend die navorser haar tot die agendastellings-teorie en nuusraming.

1.4 NAVORSINGSVRAE

Die volgende algemene navorsingsvraag word in hierdie studie gestel:

Watter nuusagenda stel *Republikein*, *Allgemeine Zeitungen* *Namibian Sun* en hoe word nuus in hierdie koerante geraam?

Uit die algemene navorsingsvraag kan die volgende spesifieke navorsingsvrae afgelei word:

- 1.1.1 Wat is die historiese en organisatoriese konteks waarbinne *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* funksioneer?
- 1.1.2 Hoe kan agendastelling gebruik word om die konstruksie en aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* te verduidelik?
- 1.1.3 Hoe kan nuusraming gebruik word om die konstruksie en aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* te verduidelik?
- 1.1.4 Hoe bied *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* nuus aan?
- 1.1.5 Hoe kan die ooreenkomste en verskille in die aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* verduidelik word?

1.5 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die algemene doelstelling in hierdie studie is om vas te stel watter nuusagenda deur die *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* gestel word en hoe nuus in hierdie koerante geraam word.

Die spesifieke doelwitte is gevolglik:

- 1.5.1 Om aan die hand van amptelike dokumentasie en argiefmateriaal vas te stel wat die historiese en organisatoriese konteks is waarbinne die koerante uitgegee word.
- 1.5.2 Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel hoe agendastelling gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* te verduidelik.
- 1.5.3 Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel hoe nuusraming gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* te verduidelik.
- 1.5.4 Om deur middel van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* vas te stel hoe nuus aangebied word.
- 1.5.5 Om deur diepte-onderhoude vas te stel hoe die ooreenkomste en verskille in die aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* verduidelik kan word.

1.6 TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Die metateoretiese paradigma waarbinne hierdie studie aangepak word, is die sosiokulturele benadering wat breedweg ondersoek hoe mense in bepaalde kontekste betekenis aan die wêreld gee (Littlejohn & Foss, 2011:54-56). Die sosiokulturele tradisie is een van sewe tradisies wat deur Craig (2007:72) voorgestel word. Dit word in hierdie studie as metateorie gekies, omdat dit die konteks waarbinne die drie koerante funksioneer, verduidelik. Binne hierdie tradisie sal agendastelling en nuusraming as rigtinggewende argumente in die studie gebruik word.

1.6.1 Agendastelling en raming

Agendastelling is 'n belangrike basisteorie wat inhou dat die nuusmedia 'n sekere agenda voorhou van wat hy as belangrike nuus aan nuusgebruikers beskou. Daardeur beïnvloed die media nie noodwendig wat gebruikers dink nie, maar ten minste waaroor hulle dink (sien Scheufele & Tewksbury, 2007). Wimmer en Dominicks (1991:348) haal vir Larson (1986) aan wat gesê het die publiek se agenda word gevorm deur wat die media besluit om te publiseer. Dit kom daarop

neer dat indien die media besluit om die meeste tyd of spasie aan 'n spesifieke berig te bestee, die kwessie dan die belangrikste item op lesers se agenda word (Wimmer & Dominick, 1991:348). Sekere faktore beïnvloed die nuuswaarde van gebeure en het dus ook 'n invloed op hul plek op die media-agenda. Die eienskappe waaraan 'n gebeurlikheid se nuuswaarde gemeet word, word nuuskriteria genoem. Watter kriteria die swaarste weeg, wissel van redaksie tot redaksie, afhangende van die tipe koerant en sy gehoor (kyk Froneman, Swanepoel & Van Rooyen, 2005:50-58).

Waar agendastelling aan die nuusgehoor voorhou **waaroor** hulle moet dink (dus die onderwerp), hou nuusraming in dat die media vir die publiek 'n aanduiding gee van **hoe** hulle oor 'n spesifieke saak moet dink deur die manier waarop hulle nuuskwessies “raam”. Dit word onder meer bepaal deur die nuushoek en watter bronne gebruik word (sien Scheufele en Tewksbury, 2007).

Volgens Scheufele en Tewksbury (2007:9) het Frank Luntz, 'n politieke konsultant, nuusraming opgesom as “nie wát jy sê nie, maar hóé jy dit sê” (eie vertaling). Raming is daarom gebaseer op die aanname dat die manier waarop 'n kwessie benader word in die media 'n invloed het op hoe dit deur lesers verstaan word (Scheufele & Tewksbury, 2007:9).

1.7 NAVORSINGSBENADERING

Die navorsingsontwerp van hierdie studie is kwalitatief en ondersoek 'n verskynsel in die werklikheid. Kwalitatiewe navorsing word volgens Hogan, Dolan en Donnelly (2009:3) beskryf as 'n benadering van kultuur, gemeenskappe en gedrag. Marshall en Rossman (2006), soos deur Hogan, Dolan en Donnelly, beaam die siening en wys daarop dat kwalitatiewe navorsing pragmaties is, geïnterpreteer kan word en op ervarings gegrond is (2009:3).

Hierdie skrywers verduidelik voorts dat kwalitatiewe navorsing poog om gedrag te verstaan deur betrokkenes se waardes, oortuigings en emosies te leer ken (2009:5). Hierdie soort navorsing gebruik woorde eerder as syfers as data vir die voorgestelde analise. Die doel van die benadering is om die ervaring en die gesindheid van diegene wat betrokke is, te verstaan en om antwoorde te kry op die vrae “wat?”, “hoe?” of “hoekom?” (Patton & Cochran, 2002:3).

Die spesifieke benadering is veral geskik vir studies waar die perspektief van die deelnemers verstaan wil word en waar 'n proses in diepte waargeneem wil word (Patton & Cochran, 2002:4), soos in hierdie studie, waar beoog word om vas te stel of, en indien wel, hoe en hoekom die agenda en raming van die susterkoerante verskil.

In hierdie studie word die prosesse van agendastelling en raming ook in diepte waargeneem deur al die uitgawes van die koerante wat in Julie 2013 gepubliseer is, te ondersoek en te kyk na wat vir elke publikasie toe van belang was. Dít word in diepte in Hoofstuk 3 bespreek.

Binne die kwalitatiewe navorsingsbenadering van hierdie studie sal 'n deduktiewe invalshoek gevolg word. Volgens Trochim (2006) beteken 'n deduktiewe invalshoek dat 'n navorser vanuit 'n breë invalshoek werk (literatuurontleding en ontleding van teorieë) en dit dan toepas op 'n studie waar spesifieke afleidings gemaak word. Die deduktiewe invalshoek is geskik vir hierdie studie, waar die agendastellingsteorie gebruik word en afgebreek word tot verklarings van 'n spesifieke verskynsel. Die studie poog om te bepaal wat die literatuur en teorieë sê oor die fokus van die studie. Dit beoog om dan vas te stel hoe die drie koerante die gebeure van die dag waarneem en weergee, en of/hoekom dit van mekaar verskil (met verwysing na 'n gebeurlikheid in die werklikheid). 'n Kwalitatiewe benadering is dus ideaal omdat die gedrag van elk van die koerante daardeur beter begryp kan word.

1.8 METODE

1.8.1 Literatuurstudie

In die literatuurstudie sal beskikbare literatuur soos boeke, koerantberigte, internetbronne en joernale, asook amptelike dokumente en argivale bronne oor die publikasies bestudeer word, soos die Media Factsheet van al drie koerante, asook die Media Kit van al drie koerante. Databasisse soos EBSCOHost, Academic Search Premier en LexisNexis is onder meer vir dié doel geraadpleeg.

Onwuegbuzie, Leech en Collins (2012:1) meen 'n literatuurstudie is die belangrikste stap van die navorsingsproses. Hulle meen die literatuuroorsig kan gesien word as 'n komplekse proses wat beskryf kan word as die interpretasie van 'n seleksie van gepubliseerde en/of ongepubliseerde dokumente wat beskikbaar is van verskeie

bronne oor 'n spesifieke onderwerp wat optimale opsomming, ontleding, evaluering, en sintese van die dokumente behels (2012:1). In hierdie studie sal die literatuur bestudeer word om uit te vind wat die konteks is waarbinne *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* gepubliseer word, sowel as om vas te stel hoe agendastelling en nuusraming gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die koerante te verduidelik.

1.8.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise

Inhoudsanalise is een van talle navorsingsmetodes wat gebruik kan word om data te ontleed. Wanneer die betekenis van teks egter ter sprake is, is kwalitatiewe inhoudsontleding die aangewese keuse. (Elo *et al.*, 2014:1). Die navorsingsmetode verteenwoordig 'n sistematiese en objektiewe manier om verskynsels te beskryf. Die metode sal gebruik word om te kyk na hoe nuus aangebied word, hoe dit geraam is en watter agenda die koerante gevolglik stel. 'n Vergelyking sal uiteindelik getref kan word tussen hoe die drie koerante nuus waarneem en aanbied.

Die drie susterkoerante wat in Namibië versprei word, word by die studie betrek. Dit beteken 100% van die populasie in die studie gaan, wat hierdie aspek betref, betrek word.

Die navorsingsmateriaal wat ontleed gaan word, is die uitgawes van *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* wat in Julie 2013 verskyn het. Altesame 23 eksemplare van elk van die koerante het in dié tydperk verskyn. Daar word na berigte op die voorblad en oorloopblad gekyk, sowel as berigte op bladsy 3. Hoofartikels op die kommentaarblad is ook in die studie ingesluit.

Volgens 'n gasskrywer op die Mountain Heights Academy Open Course Ware-webtuiste, verskyn die nuusafdeling altyd eerste in 'n koerant (2010; sien ook Reisner, 1992). Nuus is volgens dié webtuiste die rede vir die bestaan van 'n koerant en daarom maak dit sin dat dit prominent is. Die voorblad fokus meestal op belangrike stories van die gemeenskap of regering, terwyl die res van die afdeling nasionale en internasionale nuus bevat (Mountain Heights Academy Open Course Ware, 2010).

Om hierdie rede (dat nuusstories as die belangrikste geag word) word daar na die eerste drie bladsye van elke koerantuitgawe gekyk. Deur slegs die voorblaaie te ondersoek, verskraal die nuusseleksie. Daarteenoor kan 'n deegliker blik waarop die koerante as nuus beskou, verkry word deur meer bladsye te ondersoek.

Die artikelblad van elke koerant sal ook in die koerantanalise gebruik word, omdat dit die koerant se eie standpunt bevorder en lig werp op die agenda wat elke koerant daarstel. Hoofartikels (wat op die artikelblad verskyn) word beskryf as die afdeling in die koerant waarin die blad die nuus van die tyd vertolk, sy eie standpunte verkondig en leiding probeer gee. Dit verskyn dikwels op 'n binneblad saam met ander rubrieke en moontlik ook saam met 'n spotprent, wat op sy beurt dikwels 'n belangrike boodskap of stelling met humor uitdra.

Kategorieë sal gebruik word om die inhoud sinvol en konsekwent te analiseer. Hierdie kategorieë sal uit die teorie (Hoofstuk 2) afgelei word. Daar sal byvoorbeeld gekyk word na genres as 'n kategorie, sowel as onderwerpe.

1.8.2.1 Onderhoude

Newton (2010:1) verduidelik onderhoude is van toepassing wanneer die diepte van die betekenis van iets belangriks is en die navorsing primêr op insig en begrip fokus. Indien 'n navorser 'n onderhoud van aangesig tot aangesig voer, word die potensiële betekenis van konteks geïdentifiseer (Newton, 2010:1). Cohen en Crabtree (2006) voer aan semigestruktureerde onderhoude word gebruik (volgens Bernard, 1988) wanneer net een geleentheid geskep word om 'n onderhoud te voer. Dit gee die navorser ook die geleentheid om opvolgvrae te vra (Cohen & Crabtree, 2006).

Semigestruktureerde onderhoude sal spesifiek met die redakteurs en nuusredakteurs van elk van die koerante gevoer word om belangrike bevindings aan hulle voor te hou en insig te verkry in die redes waarom bepaalde keuses in die selektering en aanbieding van nuus by die betrokke publikasie gemaak is. Met onderhoude word dus beoog om betroubare bevindings aan te bied en groter begrip te skep.

1.8.2.2 Triangulasie, geldigheid en betroubaarheid

Die geldigheid van 'n studie verwys volgens Phelan en Wren (2005) na hoe goed 'n toets meet wat dit veronderstel is om te meet. Betroubaarheid daarteenoor is die mate waarin 'n assesseringsinstrument stabiele en konsekwente resultate produseer (Phelan & Wren, 2005). Geldigheid en betroubaarheid is van groot belang, omdat betroubaarheid alleen nie voldoende is nie.

Terwyl ek by die *Republikein* werksaam was, het ek gevind die eerste drie bladsye bestaan dikwels uit oorstaannuus van die vorige dag. Oorstaanstories van die vorige dae word gewoonlik van bladsy 4 af gepubliseer en daarom word hierdie artikels as minder belangrik geag. Teen daardie agtergrond word net bladsye 1 tot 3 vir hierdie studie oorweeg om vas te stel watter agenda daargestel word en hoe nuus geraam word.

Triangulasie kan beskryf word as die proses wat kwalitatiewe navorsers gebruik om die geldigheid van hul studies te verhoog (Guion, 2002:1). Basiese metodes van triangulasie kan toegepas word om te bewys dat bevindinge geloofwaardig is (Guion, 2002:1).

Triangulasie kan op verskeie maniere toegepas word. In hierdie studie word metodologiese triangulasie toegepas. Volgens Patrick (2009) behels metodologiese triangulasie meer as een opsie om data in te samel deur middel van onderhoude, observasie of vraelyste. Onderhoude sal in hierdie studie gebruik word om die bevindinge te bevestig en te verduidelik. Indien tot dieselfde gevolgtrekking gekom word, word geldigheid bevestig.

Nog 'n vorm van triangulasie wat ook in hierdie studie gebruik word, is brontriangulasie. Dit is volgens Kwansah-Aidoo (2005:43) die benutting van drie of meer bronne om data in te samel en te bevestig. Die bronne vir hierdie studie sluit die literatuur, argiefmateriaal van die koerante, redakteurs en nuusredakteurs van die afsonderlike koerante in.

'n Goeie kwalitatiewe studie kan help om 'n situasie wat andersins verwarrend of onduidelik is, te verstaan. Daarom kan betroubaarheid as 'n konsep gesien word wat kwaliteit binne 'n kwalitatiewe studie evalueer (Golafshani, 2003:598). Geldigheid daarenteen word gesien as 'n konstruk wat gewortel is in die prosesse en bedoelings

van 'n bepaalde navorsingsmetodologie en bied 'n gekwalifiseerde maatstaf vir navorsing (Golafshani, 2003:599).

1.9 Voorlopige hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding, Agtergrond en Probleemstelling. Binne hierdie hoofstuk word die agtergrond en konteks van die studie bespreek. Die probleemstelling word duidelik gemaak en die struktuur van die studie word uiteengesit. Dit verskaf indiepte-agtergrond oor die medialandskap en -eienaarskap in Namibië, sowel as die veranderinge wat plaasgevind het, asook agtergrond oor *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung*.

Hoofstuk 2: Teoretiese konteks. Dié hoofstuk sal fokus op die teoretiese perspektiewe wat in hierdie studie van toepassing is. Die basisteorie is agendastelling en aandag sal ook geskenk word aan nuusraming en nuuskriteria.

Hoofstuk 3: Metodes. In die derde hoofstuk sal die navorsingsbenadering en die metodes in diepte bespreek word om te verduidelik hoe die navorser die navorsingsdoelstellings wil bereik.

Hoofstuk 4: Resultate. In dié hoofstuk word die kwalitatiewe resultate van die inhoudsanalise van *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* bespreek en vergelyk.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en aanbevelings. Ter afsluiting sal dié hoofstuk die gevolgtrekkings uiteensit deur te verduidelik hoe die navorsingsvrae beantwoord is en hoe die doelstellings bereik is. Afleidings oor bevindings en aanbevelings sal ook binne hierdie hoofstuk gemaak word.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE PERSPEKTIEWE

2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die konteks en agtergrond van hierdie studie verskaf deur lig te werp op die historiese en organisatoriese kontekste waarbinne *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* funksioneer. Die medialandskap en eienaarskap in Namibië is uiteengesit en die probleemstelling, navorsingsvrae en -doelstellings geformuleer. In hoofstuk 1 het dit aan die lig gekom hoe die *Republikein* ontstaan het as politieke mondstuk. Daar is ook vasgestel hoe die *Allgemeine Zeitung* bekom is en hoekom daar besluit is om die *Namibian Sun* te begin. In die vorige hoofstuk is ook vasgestel wie die teikenmark vir elk van die koerante is. Omdat die koerante in teikenmark en taal verskil, word daar in hierdie hoofstuk na die agendastelling en raming binne die drie koerante gekyk.

In hierdie hoofstuk is die volgende navorsingsvrae van toepassing:

- 1.4.2 Hoe kan agendastelling gebruik word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die *Republikein*, die *Allgemeine Zeitung* en die *Namibian Sun* te verduidelik?
- 1.4.3 Hoe kan nuusraming gebruik word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die *Republikein*, die *Allgemeine Zeitung* en die *Namibian Sun* te verduidelik?

Die teoretiese perspektiewe wat in hierdie studie van toepassing is, word bespreek, naamlik agendastelling en nuusraming. Die navorser poog om uit te vind hoe dié perspektiewe gebruik kan word om die samestelling en die aanbieding van nuus in die *Republikein*, die *Allgemeine Zeitung* en die *Namibian Sun* te verduidelik.

Om konteks te gee aan die teoretiese argumente, word die sosiokulturele benadering, eerste bespreek. Daarna sal organisatoriese kultuur saam met die teoretiese perspektiewe, naamlik agendastelling en raming, bespreek word. Die doel van die literatuurstudie is om konsepte en konstrukte te identifiseer wat in die empiriese studie gebruik kan word.

2.2 SOSIOKULTURELE TRADISIE

Die sosiokulturele benadering ondersoek breedweg hoe mense (individueel of in groepsverband) in bepaalde kontekste betekenis gee aan die wêreld (Littlejohn & Foss, 2011:54-56). In terme hiervan word betekenis dus ook deur die media geskep (vgl. De Fleur & Ball-Rokeach, 1989:259, 262) wat dit belangrik maak om na te vors hoe daardie prosesse plaasvind binne bepaalde sosiale, kulturele en politieke kontekste. Soos in Hoofstuk 1 bespreek (sien 1.1), funksioneer elk van die drie susterkoerante binne 'n bepaalde konteks. Volgens Vobič (2009) word nuuskantore breedweg op verskillende maniere georganiseer, gegewe hul onderskeie politieke, ekonomiese en kulturele kontekste.

Volgens Littlejohn, soos aangehaal deur Beaumont (2006:10), is 'n sosiokulturele benadering 'n aanname dat die werklikheid nie 'n stel reëls is nie, maar eerder saamgestel word deur 'n proses van interaksie met groepe, gemeenskappe en kulture. Dit word beaam deur Vygotsky, 'n Russiese sielkundige, wat in 'n studie deur Scott (2013:1) argumenteer dat die sosiale dimensie van bewustheid primêr in tyd en feit is, terwyl die individuele dimensie sekondêr en afgelei is.

Volgens Scott (2013) se interpretasie van Vygotsky (1978) se werk, word die verstandelike funksionering van 'n individu nie soseer deur sosiale interaksie beïnvloed nie, maar eerder deur spesifieke strukture en prosesse. Vygotsky (1978), soos aangehaal deur McLeod (2014), het geglo taal ontwikkel deur middel van sosiale interaksie. Dit was volgens hom die grootste maatstaf om met die buitewêreld te kan kommunikeer.

Vygotsky se tradisie kan daarom soos volg verstaan word: Soos mense kommunikeer, word hul kultuur voortdurend herskep. Volgens hom, soos aangehaal deur Scott (2013), word die werklikheid deur taal geskep. In hierdie studie, waar 'n Afrikaanse, Duitse en Engelse koerant ter sprake is, word gekyk na óf en hóé elke betrokke publikasie 'n ander nuusrealiteit skep gegewe kultuurverskille, ruimteklessies en eienaarskap (sien 1.2).

McQuail (2000:13) se siening dat mediastudies deel is van 'n wyer veld van kulturele studies wat wortels in die antropologie, linguistiek en geesteswetenskappe het, is in

hierdie studie van belang. Die media is dus 'n weerspieëling van 'n bepaalde sosiokulturele konteks wat betekenis gee aan kulturele produkte en ervarings (McQuail, 2000:367). Hierdie skrywer (2000:494) definieer kultuur ook as die gebruike, praktyke en betekenis wat geassosieer word met massamedia-kommunikasie.

De Beer en Botha (2008:241) sê die publiek, gemeenskap en die samelewing is nie net bloot ontvangers van nuus nie, maar hulle neem ook daaraan deel. Daar kan daarom geargumenteer word dat *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* om hierdie rede die sosiale strukture wat in elkeen se sosiale kontekste voorkom, reproduseer. Hoe meer 'n spesifieke gebeurtenis 'n gemeenskap affekteer, hoe meer kan daaroor berig word. Daar kan ook geredeneer word dat indien elk van die koerante meer aandag aan 'n spesifieke gebeurtenis skenk, die publieke diskoers ook sterker sal word. Nuus kan dan, volgens Craig en Muller (2007:365), as 'n sosiokulturele verskynsel beskou word wat verband hou met konsepte soos sosiale strukture, norme en identiteit (sien 1.6).

Uit bogenoemde kan geargumenteer word dat volgens McCombs en Shaw se model, *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* verskillende agendas daarstel as gevolg van hul politieke, ekonomiese en kulturele kontekste. Elk van die drie koerante ag verskillende mense as belangrik volgens die koerant se konteks. Waar al drie die koerante die president van Namibië, dr. Hage Geingob, byvoorbeeld belangrik ag omdat hy die president is, sal 'n hofsak waarby 'n Duitse sakevrou betrokke is, wat grotendeels in die Duitse samelewing bekend is, vir *Allgemeine Zeitung* belangriker wees as vir *Namibian Sun*.

Teen hierdie agtergrond sou 'n mens kon aflei dat hoe 'n Afrikaans-, Duits- of Engelssprekende joernalis met dieselfde bron kommunikeer, elkeen se realiteit en kultuur blootlê. Hoewel elke joernalis met dieselfde persoon kommunikeer, behoort elke joernalis, vanweë sy/haar sosiale omgewing sowel as kulturele en politieke kontekste, op verskillende kwessies te fokus. 'n Mens sou dus kon aflei die nuushoek van elke berig behoort van mekaar te verskil (sien 2.3.2).

Soos reeds in Hoofstuk 1 gestel, handel Vobič (2009:8) se studie oor die

organisering van nuuskantore binne mediakonvergensie. Hy sê elke nuuskantoor word op 'n spesifieke manier georganiseer, gebaseer op die politieke, ekonomiese en kulturele sosiale kontekste wat in elke spesifieke geval geld. Vobič (2009:8) voer aan die nuusbedryf het transformasie in die werkplek herontwerp sodat joernaliste vrylik tussen druk-, uitsaai- en digitale media kan beweeg om sodoende aan die eise van nuwe media-omgewings te kan voldoen. Terme soos “gekombineerde”, “multimedia-”, “konvergente” en “nuwe nuuskantoor” word almal beskryf as deel van die proses wat uit die idee van nuuskantoorintegrasie spruit. Volgens Vobič (2009:8) beskryf hierdie terme die samewerking en kombinasie van tegnologie, werknemers en werksruimte tussen voorheen onafhanklike redaksionele spanne binne die gedrukte sowel as uitsaai- en digitale media.

Hoewel elke redaksionele span steeds onafhanklik staan, bestaan samewerking en die kombinasie van tegnologie en werksruimte ook binne NMH. Hierdie samewerking is nie op die integrasievlak soos deur Vobič uiteengesit nie, maar die koerante deel wel 'n kantoorruimte. Dit is steeds belangrik om te weet dat nuuskantore volgens sekere kontekste georganiseer word, omdat dit elk van die koerante se agenda kan verduidelik en daar kan vasgestel word hoe dit van mekaar verskil.

Elk van die koerante wat in hierdie studie bestudeer word, skryf in 'n ander taal en op sy beurt sal elkeen verskillende tipe lesers trek, gegee hul kulturele agtergronde. Soos in hoofstuk 1 (1.2.2) uiteengesit, kan daar uit die taal gesien word wie die mark is waarvoor elk van die koerante skryf.

Vervolgens sal die argumente in hierdie studie bespreek word, naamlik agendastelling en nuusraming. Aandag word in hierdie konteks ook geskenk aan nuuskriteria. Die navorser sal in die empiriese deel van hierdie studie poog om aan die hand van agendastelling en raming die konstruksie en aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* te verduidelik.

2.3 RIGTINGGEWENDE ARGUMENTE

Volgens Long (2014) moet perspektiewe as modelle beskou word. Elke perspektief maak aannames oor die gemeenskap en elkeen poog om verskeie tipes inligting oor

die gemeenskap te integreer (Long, 2014). Dit word deur Goodfriend (2015) bevestig. Goodfriend verduidelik dat teorie 'n noodsaaklike deel van 'n raamwerk is wat gebruik word om 'n spesifieke maatskaplike verskynsel te organiseer en te verstaan.

Long (2014) sê verder hierdie modelle gee betekenis aan wat individue sien en ervaar, en elke perspektief fokus op ander aspekte van die gemeenskap.

Soos kortliks in Hoofstuk 1 genoem, word daar ook na organisatoriese kultuur gekyk omdat elk van die koerante in 'n verskillende taal geskryf word en omdat taal kultuur beïnvloed. Katzenbach et al. (2016:1) lig dimensies van organisatoriese kultuur uit wat 'n invloed op die toepassing daarvan het, naamlik gedrag en die ingesteldheid van die belanghebbendes. Gedrag is binne hierdie raamwerk die belangrikste faktor om verandering te verseker. Volgens Katzenbach (2016:1) is dit wat mense doen belangriker as dit wat hulle sê of glo.

Shoemaker (1987:2, soos aangehaal deur Schiff & Francis, 2006:1) verduidelik die produksie van nuusinhoud word deur vyf veranderlikes beïnvloed, naamlik die maatskaplike werklikheid, mediaroetine, die gedrag van joernaliste, maatskaplike en institusionele invloed, sowel as ideologiese posisie. Wanneer daar gekyk word na organisatoriese kultuur, kan afgelei word dat, gegewe die feit dat die joernaliste van die drie koerante se taal, mark en kultuur verskil, elke koerant deur bogenoemde veranderlikes anders beïnvloed sal word. 'n Duitssprekende vrou wat daarvan beskuldig is dat sy twee mans gehuur het om haar man te vermoor, word as voorbeeld gebruik. Volgens die maatskaplike werklikheid is die storie belangriker vir die Duitse koerant as vir die Engelse koerant.

Sosiale en institusionele magte, sosialisering en houding, sowel as mediaroetine hang alles af (of word beïnvloed deur) wie die media finansier (Schiff & Francis, 2006:3). Sedert die integrasie van kantoorruimte binne NMH het die kultuur verander, wat uiteraard ook in die koerante neerslag gevind het. Voor die integrasie het elke koerant se bladuitleg byvoorbeeld verskil. Sedert die integrasie is daar duidelike elemente wat die drie koerante verbind, soos die gebruik van groot foto's en die gebruik van 'n kop, subkop, uitgeligte aanhalings en opsommings by hoofstories. Voor die integrasie was daar ook minder kommunikasie tussen die verskillende koerante se joernaliste. Sedertdien is dit makliker om 'njoernalis te nader

wat by dieselfde geleentheid was om seker te maak van feite indien nodig, omdat almal in dieselfde kantoor is. Hoewel dit volgens Katzenbach moeilik is om die kultuur te verander, is dit belangrik omdat 'n maatskappy se huidige kultuur steeds emosionele energie en invloed het (Katzenbach, 2016:2).

In die volgende deel van hierdie hoofstuk sal agendastelling en raming ondersoek word om vas te stel hoe dit gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die drie koerante te verduidelik. Kategorieë sal uit die literatuur onttrek word wat in die empiriese studie gebruik kan word om vas te stel wat die agenda is wat elk van die koerante daarstel, en hoe dit van mekaar verskil.

Watson (2003) sê: "Research studies into agenda setting take two forms: *hierarchy* studies survey all the issues on the media agenda at a given time; *longitudinal* studies investigate fewer issues, possibly two or three, tracing their rise and fall over a period of time (2003:133)."

In hierdie studie word 'n hiërargiese benadering binne die agendastellingsteorie gevolg, omdat alle artikels wat in een maand op die eerste drie bladsye verskyn, vir die studie gebruik word en nie net sekere artikels nie.

2.3.1 Agendastelling

Die agendastellingsteorie word voor die ramingsteorie bespreek, omdat eers verklaar moet word hoekom 'n gebeurtenis op die agenda geplaas word. Dié teorie vorm daarom die basisteorie en verskaf ondersteuning vir die res van die studie (sien Vinz, 2016).

Agendastelling hou in dat die nuusmedia 'n agenda van wat as belangrik beskou word, aan nuusgebruikers voorhou. Daardeur beïnvloed die media nie noodwendig wat gebruikers dink nie, maar ten minste waaroor hulle dink (sien Scheufele & Tewksbury, 2007).

Die agendastellingperspektief het met verloop van tyd verander en is deur talle navorsers op verskillende wyses geïnterpreteer. Thomas (1987:35), haal vir Walter Lippman (1922) aan wat die perspektief opgesom as, mass communication helps to form the images in our head. The images produced by the media create a pseudo-

environment and contribute to the formation of public opinion on issues confronting the community.

Die pioniers van die agendastellingteorie, McCombs en Shaw (1972), beskryf die vermoë van die media om kognitiewe veranderinge in individue te affekteer, as een van die belangrikste aspekte van mag in massakommunikasie (Watson, 2003:129).

Volgens McCombs en Shaw (1972), soos aangehaal deur Watson (2003:128), vorm dit wat deur die media as belangrik geag word (waaraan die media dus meer aandag skenk) die publiek se persepsie van wat belangrik is. Die verhouding tussen media-agendas en openbare persepsie van wat as nuuswaardig beskou word, is volgens Watson van kardinale belang, veral as die publiek na die media kyk vir nuus (2003:128).

Davie en Máher (2006) beskryf McCombs en Shaw as die pioniers van die agendastellingsteorie. Vroeëre agendastellingstudies van die 1940's tot die 1960's het, volgens Davie en Máher (2006), voorgehou die media oefen baie min invloed uit. Lazarsfeld, Berelson en Gaudet (1948) het bewys sosiale prosesse, en nie mediaboodskappe nie, het eerste 'n invloed gehad tydens die Amerikaanse presidentsverkiezing van 1940. In 'n latere studie het Berelson, Lazarsfeld, en McPhee (1954) gevind die oppervlakkige effek van koerante en radio in die politieke veldtog was nie so indrukwekkend nie (Davie en Máher, 2006).

In 1960, het Klapper, volgens Davie en Máher (2006), die volgende waarneming aangebied: "[M]ass communication ordinarily does not serve as a necessary and sufficient cause of audience effects, but rather functions among and through a nexus of mediating factors."

McQuail (2000) kyk na McCombs en Shaw (1972) se model, waar agendastelling grotendeels in die konteks van verkiesingsveldtogte gebruik word. Agenda word opgesom as dit wat met verloop van tyd in 'n publikasie verskyn as gevolg van die keuses wat deur verskeie hekwagters (insluitende joernaliste, redakteurs en aandeelhouers) van die media gemaak word.

Thomas (1987:35) haal Lang en Lang (1968) aan wat aangevoer het die massamedia dwing nuusgebruikers om aandag aan sekere kwessies te gee. Dit vind geleidelik plaas en daarom is die impak daarvan aanvanklik klein. Volgens Thomas

(1987:35) het die politieke wetenskaplikes Cobb en Elder (1971) klem op die belangrikheid van die agendabouproses gesit om kwessies te identifiseer wat ware bekommernisse in openbare beleidsdebatte is. Volgens hierdie outeurs speel die media ook 'n groot rol in die vorming van openbare agenda.

McCombs (1972:2) het oor die agendastellingteorie geskryf die media het die mag om 'n gemeenskap se agenda daar te stel en die publiek se fokus op sekere belangrike kwessies te plaas. McCombs was van mening dat die media die agenda vir die publiek daarstel sodat opinies oor sekere kwessies gevorm kon word. Daarby word nie bedoel die media streef meedoënloos 'n agenda na nie, maar neem eerder op 'n daaglikse basis talle besluite om die belangrikste nuus aan die publiek uit te wys (McCombs, 1972:2).

Volgens McQuail is daar 'n ooreenkoms tussen die orde van belangrikheid wat die media aan sekere kwessies skenk en die orde van belangrikheid wat deur die publiek en politici daaraan geheg word (2000:455).

Die sosioloog Robert Park (1983), soos aangehaal deur Vivian, (2006:393), argumenteer dat die media die publiek bewus maak van wat rondom hulle gebeur en daarom kan individue net oor 'n kwessie besorgd wees as hulle daarvan bewus is (2006:393). As 'n mens dié siening in hierdie studie toepas, sou 'n mens kon redeneer die publiek moet elk van die koerante vertrou om oor byvoorbeeld 'n geslagsgerigte insident te berig. Met verloop van tyd kom hierdie soort voorvalle al meer voor, tot die kwessie in die parlement bespreek word. Die media moet die agenda dus daarstel om waarde te heg aan sulke voorvalle. Indien die media nie hieroor berig nie, sal beleidsmakers dit nie op hul agenda plaas nie. Hoewel al drie koerante oor geslagsgerigte voorvalle skryf, word dieselfde waarde nie aan elke voorval geheg nie, maar sou die media glad nie daaroor berig nie, sou die publiek dalk nooit die omvang van die probleem verstaan nie.

Die rol van die media se agendastelling strek volgens Vivian verder as nuus. Leefstyl en waardes wat in die media weerspieël word, beïnvloed nie net waaroor mense praat nie, maar ook wat hulle doen (Vivian, 2006:394). Vivian argumenteer ook dat individue 'n hoë mate van beheer in hul persoonlike agendas uitoefen en die media kan gevolglik nie hul agendastelling op die publiek afdwing nie. As die publiek nie in 'n spesifieke kwessie belangstel nie, sal die kwessie nie deel word van 'n individu se

agenda nie. Media-agendas word dus nie in 'n vakuum daargestel nie en soos hierbo uitgelig, is die media afhanklik van sy gehoor. Daarom moet die media ook weet waaroor hul lesers wil lees om te besluit wat om te publiseer (Vivian, 2006:394).

Vivian (2006:394) beskryf intra-media agendastelling as “a phenomenon that affects media people, who constantly monitor one another”. Hy voer aan verslaggewers en redakteurs raak by tye meer behep met hoe ander media-instellings 'n storie hanteer dat hulle later nie meer hul gehoor in ag neem nie (2006:394).

Davis en Robinson (1986), soos aangehaal deur McQuail (2000:455), se kritiek op McCombs en Shaw se model, wys dat die ouer agendastellingnavorsing versuim om die moontlike invloed van wat individue dink, in ag te neem, soos wíe belangrik geag word, wáár belangrike gebeure plaasvind en hoekom sekere gebeurtenisse as belangrik geag word.

Watson gaan verder en voer aan dat daar geen aanduiding is of die media-effek direk of, uit die oogpunt van die media, doelbewus is nie (Watson, 2003:129). Daar kan daarom nie vasgestel word of agendastelling deur die media beheer word, deur die publiek, of deur belangrike individue (soos regering- en sakelui) wat as bronne vir die media optree nie (2003:129). McQuail (2000:455) verwys na Dearing en Rogers (1996) wat agendastelling beskryf as die deurlopende kompetisie om die aandag van ander media, die publiek en belangrike individue te kry (2000:455).

In 1988 word die agendastellingmodel deur Everett Rogers en James Dearing aangepas, wat drie interaktiewe agendas daarstel (Watson, 2003:129). Dit sluit in die beleid-, publieke- en media-agenda. Volgens dié model is al drie die agendas ewe belangrik en het dit dieselfde mag (2003:129). Kritiek wat die aangepaste model kry, is die feit dat dit steeds lineêr is en dit nie die dinamiese verhouding tussen die agendas en die potensiaal vir konflik aandui nie (2003:129). Dearing en Rogers (1996), soos aangehaal deur Watson, glo hoe oor 'n kwessie berig word, is net so belangrik soos óf daar oor die kwessie berig gelewer moet word (2003:133). Hierdie benadering word verder in 2.3.2 binne die ramingsteorie bespreek.

Met die aangepaste model van Rogers en Dearing kan vasgestel word die agendastellingsproses behels veel meer as bloot wat belangrik en minder belangrik

is. Watson beaam dit en sê die analise van die teorie moet eerder begin by wie se agenda daargestel word en deur watter diskoers (2003:130). Hy verduidelik nuus en nuusproduksie is elk 'n diskoers wat deur die ideologie van nuusvervaardigers geanker word (2003:131). Volgens Watson hang die vlak van waar die media se agenda ook die publiek se agenda is, grotendeels af van wat die publiek se persepsie van 'n spesifieke media-instelling is in terme van geloofwaardigheid (2003:131).

Watson (2003:191) verwys na Tom Koch (1991), wat die siening uitgedaag het dat die media die publiek se agenda daarstel. Koch sê hoofstroomverslaggewers en redakteurs dien nie die publiek direk nie, maar eerder die ekonomiese behoefte van die maatskappye wat hulle betaal (Watson, 2003:191). Hy verduidelik Koch (1991) se standpunt en sê nuusinstansies bied ook advertensiespasie. Daar kan daarom geargumenteer word dat wins 'n houvas op agendastelling het (2003:191). Joernalistieke eensydigheid staar ook die kwessie van besigheidseensydigheid in die gesig.

'n Paar dekades later, in 2003, beskryf James Watson 'n agenda as 'n lys items in volgorde van belangrikheid (2003:127). Watson gaan verder en voer aan daar moet erken word dat daar waar kompeterende belang, mededingende ideologieë of teenstrydige prioriteite bestaan, agendas meestal konflik veroorsaak (2003:128). Daar kan geargumenteer word dat individue hul eie agendas het wat deur hulle persoonlike omstandighede beïnvloed word (2003:129). Hoewel die media die grootste invloed het, kan alle ander veranderlikes, volgens Watson, 'n individu se persepsies en oortuigings beïnvloed (2003:129). Die media as geheel kan die persepsie van wat nuuswaardig is bepaal, maar een koerant kan nie die persepsie van die publiek in die geheel beïnvloed nie (Watson, 2003:129).

Volgens Froneman (2002:57) kan agendastelling ook beskryf word as die hiërargiese prioritisering van nuus volgens nuuskriteria. Nuuskriteria beskryf volgens hom die nuuswaardigheid van stories en verduidelik hoekom 'n storie op 'n spesifieke plek op die agenda geplaas word (sien ook Conley & Lambie, 2006:83 en Harrower, 2007). Froneman (2002:57) sê: "Nuus is nie soseer iets nie, dit is wat ons as nuus beskou of wat ons as nuuswaardig beskou." Daarom kan geargumenteer

word dat nuuskriteria die vereistes is waaraan nuus moet voldoen om as nuuswaardig beskou te kan word (2002:57).

McCombs (1972) verduidelik in De Beer en Botha (2008:239) dat agendastelling by die hekwagters berus. Die afleiding kan dus gemaak word dat die agendastellingsfunksie berus by die hekwagters in die redaksies van die susterkoerante wat in hierdie studie ter sprake is, in hierdie geval die nuusredakteurs. Vervolgens word die elemente uiteengesit waarvolgens die agenda van 'n publikasie geïdentifiseer kan word.

2.3.1.1 Elemente van agendastelling

2.3.1.1.1 Nuuskriteria

Galtung en Ruge het in die 1960's 'n teorie oor nuusseleksie gepubliseer wat 12 nuuswaardes gedefinieer het. Die kriteria word deur Spencer-Thomas (2005) saamgevat en staan bekend as die tradisionele nuuskriteria van impak, onmiddellikheid, prominensie, nabyheid, konflik, vreemdheid, en emosionele mensestories (sien ook Clark, 2016). Hoe meer kriteria in 'n bepaalde berig teenwoordig is, hoe meer nuuswaardig is die berig. Nuuswaardige berigte word ook meer prominent aangebied omdat dit hoër op die nuusagenda staan. Nuuskriteria speel dus 'n belangrike rol in agendastelling.

- **Impak:** Impak vereis 'n ondersoek van hoe 'n verandering in die stelsel diegene wat betrokke is, beïnvloed en wat die effek van die veranderinge is (Clark, 2016). De Beer het intensiteitsdimensie geïdentifiseer wat uit drie elemente bestaan:
 - Status quo: Froneman (2002:60) sê volgens de Beer (1982) dat gebeure wat die status quo, of die bestaande orde, kan verander of ontwrig is nuuswaardig.
 - Omvang: Die hoeveelheid mense wat deur die gebeure geraak word die impak of gevolge van die gebeure (Froneman, 2002:60).
 - Ongewoonheid: eienaardige of unieke gebeure wat die leser se aandag gryp omdat dit onverwags is (Froneman, 2002:60).
- **Onmiddellikheid:** 'n Gebeurtenis wat gister plaasgevind het, het meer waarde as 'n gebeurtenis wat 'n maand tevore plaasgevind het (Mudd, 2014).

- **Prominensie:** 'n Prominente persoon, plek of gebeurtenis het ook 'n sterker impak op die agenda.
- **Nabyheid:** Volgens Mudd (2014) sal 'n artikel 'n impak op lesers hê indien die insident in die leser se nabye omgewing plaasgevind het. Dit hou nie net met geografiese nabyheid verband nie, maar ook met psigologiese en emosionele afstand. De Beer het ook afstandsdimensie identifiseer wat uit drie elemente bestaan:
 - Psigies-sosiaal: Froneman (2002:59) verwys na de Beer (1982) wat sê die afstandsdimensie verwys na mense wie jy ken of persone wat psigies-sosiaal naby aan jou as leser is
 - Tydsgewys: Hoe lank terug het die gebeurtenis plaasgevind.
 - Geografies: Geografiese afstand verwys na die fisiese afstand tussen die leser en die gebeurtenis (Froneman 2002:59).
- **Konflik:** Lesers hou van stories waarby konflik betrokke is. Volgens Mudd is dit in die mens se geaardheid om kant te wil kies (2014).
- **Vreemdheid:** 'n Ongewone gebeurtenis of 'n skandaal trek ook meer aandag.
- **Mensestories (emosionele impak):** Die emosionele impak wat 'n sekere situasie op lesers kan hê.

2.3.1.1.2 Onderwerp

McCombs het gesê die media is binne dié teorie nie net beperk om die publiek se aandag op 'n sekere *onderwerp* te fokus nie, maar ook om die begrip van en perspektief op die onderwerp in die nuus te beïnvloed (McCombs, 1972:5).

Volgens Hari Kudchadkar (2015) is daar 'n verskeidenheid onderwerpe wat in verskillende joernalistieke *beats* opgedeel kan word. *Beats* wat algemeen in die media gevind word, sluit in landbou, vermaak, misdaad, howe, ekonomie, politieke en owerheidsake (internasionaal, nasionaal, provinsiaal en plaaslik), gesondheid, ontwikkeling, buitelandse nuus, onderwys/skole en sport (sien Kudchadkar, 2015; Rodgers, 2017).

By NMH fokus koerante grotendeels op *beats* soos politiek, howe, misdaad, ongelukke, gesondheid en besigheidsnuus. Algemene nuus word in al NMH se

publikasies gevind en sluit gemeenskapsnuus en minder belangrike gebeure in.

2.3.1.1.3 *Plasing*

Volgens Froneman (2002:64) oefen die redaksie sy agendastelling- en hekwagterfunksie uit deur byvoorbeeld 'n bepaalde item as hoofberig op 'n bladsy te gebruik.

Volgens Cox (2014:1) kan die prioritisering van nuusitems navorsers help om vas te stel hoe 'n mediahuis lesers betrek. Volgens die agendastellingteorie bepaal die mediahuis die belangrikheid van sekere berigte deur dit op 'n sekere bladsy te publiseer.

Hoe *prominent* 'n berig aangebied word, kan ook duidelikheid gee oor die agenda wat daargestel word. Shoemaker en Reese (1996:5-6) verduidelik dat 'n meer nuuswaardige gebeurtenis meer prominent in die media geplaas sal word. 'n Belangrike artikel sal op die voorblad gepubliseer word, terwyl 'n minder belangrike artikel op die binneblaaie van 'n koerant gepubliseer sal word (1996:5).

'n Skrywer van Creative Bloq (2014), Chris da Sie, skryf op dié webwerf die Westerse kultuur word geleer om van links na regs te lees en daarom van links na regs te fokus. Hy verwys na Edmund Arnold, wat beskou word as die patriarg van moderne koerantontwerp en geglo het dat enige medium (in hierdie geval 'n koerant) in vier kwadrante verdeel kan word. Dit sluit in die primêre optiese gebied, die sterker braakgebied ("fallow"), die swakker braakgebied en die terminale gebied (2014). Die primêre optiese gebied val dus links bo, gevolg deur die sterker braakgebied regs bo. Die fokus gaan vandaar na links onder (die swakker braakgebied) en laastens na regs onder, die terminale gebied (2014). Waar 'n berig op 'n blad geplaas word, is daarom ook van kardinale belang.

2.3.1.1.4 *Ruimte*

Hoe meer *ruimte* op 'n bladsy aan 'n betrokke gebeurtenis afgestaan word, hoe belangriker is die berig. Addisionele faktore soos groter koppe en bygaande foto's is ook sleutelfaktore om vas te stel wat belangriker is. Dit sal inligting weergee oor hoe

belangrik 'n publikasie 'n berig ag en dus hoe hoog dit op die agenda geplaas word. Cox (2014:1) sê navorsing dui daarop dat lesers meer aandag aan nuusitems gee wanneer meer spasie (ruimte) daaraan toegeken word. Volgens haar dui die hoeveelheid ruimte wat aan artikels toegeken word aan wat as belangriker geag behoort te word (Cox, 2014).

Talle visuele elemente kan bydra tot die hoeveelheid spasie wat aan 'n betrokke gebeurtenis afgestaan word. Die elemente is deur Tankard (2001) geïdentifiseer en verskil van die res van die nuusstorie. Die meganismes is:

- Koppe (opskrifte) en subkoppe: Morgon (1977) soos deur Conley en Lambie (2006:107) sê navorsing dui daarop dat lesers gelei word deur die gebruik van groter koppe en die gebruik van subkoppe. Die gebruik van groter koppe en subkoppe dra by tot hoe die belangrikste nuus voorgestel word. Dit kan weerspieël of die betrokke onderwerp hoog op die agenda geplaas word.
- Foto's en foto-onderskrifte: Foto's in die algemeen trek aandag. Groter foto'ssal daarom meer aandag trek, terwyl die onderskrif konteks gee oor wat in die foto gebeur (2006:107).
- Grepe en prikke: Uitgeligte aanhalings breek teks in kleiner dele op. Dit help om 'n belangrike aanhaling op die voorgrond te plaas.
- Grafika en statistieke: Dit kan gebruik word om baie inligting, veral syfers, makliker aan te bied.

2.3.1.1.5 Opvolge

Volgens Vivian vertrou die publiek die media om deur die gebeure van die dag te sif en dit in volgorde van belangrikheid te rangskik (2006:394). Die voortsetting van kwessies lei tot die belangrikheid van 'n kwessie. Opvolge, volgens Vivian, bewys aan die publiek dat die storie steeds belangrik en relevant is (2006:394).

NMH se drie dagblaaie het byvoorbeeld gedurende Junie 2013 elk oor dieselfde insident berig – 'n kroeggeveg op Gobabis. Die feit dat al drie koerante meer as een keer oor die spesifieke gebeurtenis berig gelewer het, kan die publiek oortuig dat dit 'n belangrike storie is (sien 1.8.2). Daarom kan geargumenteer word dat tyd 'n invloed op publieke persepsie het. Die berig mag aanvanklik nie as baie nuuswaardig beskou word nie, maar daar kan wel geargumenteer word dat die

publiek se persepsie beïnvloed sal word indien dit herhaal word – juis omdat die publiek hom tot die media wend vir nuus.

2.3.1.1.6 Genre

Carina Ihlström en Jonas Lundburg (2004:52) verwys ook na *genre* as 'n belangrike element van agendastelling en verduidelik dat dit deur vorm en ooreenkomste in struktuur (binne 'n semantiese konteks) gekarakteriseer word (2004:52). Genres (sien ook bbc.com, 2014) sluit in:

- Onderhoudsartikel – 'n langer item met die bedoeling om een persoon se ingesteldheid oor 'n spesifieke kwessie te belig.
- Nuusberig – Verskaf inligting oor aktuele gebeurtenisse van algemene belang vir lesers.
- Nuusanalise – Die interpretasie van 'n spesifieke onderwerp of gebeure in die koerant.
- Hoofartikel – Gee die standpunt van die koerant weer oor 'n kwessie wat die koerant as belangrik beskou.
- Rubriek – 'n Persoonlike item wat die mening van die skrywer weergee.

Elke genre bestaan uit verskeie stelle reëls en volgens Julia Lavid *et al.* verskil genres in talle opsigte. Waar die hoofdoel van 'n **nuusberig** informatief is, argumenteer Lavid dat 'n **hoofartikel** meer analities en evaluerend van aard is (2002:5). Dev Sukumar (2013) beaam hierdie mening en sê die doel van 'n nuusberig is om die nuus so direk moontlik weer te gee.

Genres kan ook bydra tot die bepaling van die agenda wat elke koerant daarstel, omdat sekere genres meer gewig aan 'n onderwerp gee. Nuusberigte en hoofartikels dra byvoorbeeld meer gewig as 'n rubriek.

2.3.1.2 Samevatting

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat om vas te stel watter agenda deur elk van die dagblaaie daargestel word, gekyk moet word na die volgende:

- Wat is die onderwerp van die nuusitem?
- Hoe prominent is die item aangebied?

- Hoeveel spasie word aan 'n artikel afgestaan?
- Tot watter mate is die gebeure opgevolg?
- In watter genre val die nuusitem?

Volgende in hierdie hoofstuk gaan nuusraming as teorie ondersoek word om vas te stel hoe dit gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* te verduidelik.

2.3.2 Nuusraming as teorie

Nuusraming binne die agendastellingteorie word beskryf as die seleksie van sekere tematies-verwante nuuseienskappe vir insluiting op die media-agenda (Fourie, 2008:239). Volgens Alberto Ardèvol-Abreu is nuusboodskappe teks en visuele strukture wat gebou word uit 'n sekere perspektief deur professionele individue (joernaliste) wat 'n raamwerk ('n nuusraam) vir die gehoor (lesers) skep wat aan dié boodskappe blootgestel word (2015:423). Ardèvol-Abreu (2015:423) verduidelik rame vestig die gehoor se aandag op sekere aspekte van die werklikheid ten koste van ander. Om die rame te definieer, moet gekyk word na watter inligting ingesluit word en watter uitgelaat word.

Volgens McQuail (2000:463) verwys raming na die manier waarop nuusinhoud geskep word, terwyl McCombs raming sien as die dominante oogpunt van 'n objek wat deur die persepsie van die publiek en die begrip van die sosiale wêreld beïnvloed (2006:173) word.

Joernaliste moet 'n verstaanbare storie vertel wat beïnvloed word deur tyd- en ruimte- beperkings. Hulle moet die werklikheid raam deur te besluit wat is nuuswaardig en wat nie (Ardèvol-Abreu, 2015:425), en dit dan vanuit 'n nuuswaardige hoek aanbied. Terwyl rame as ekonomies, polities, globaal, konserwatief of liberaal geïdentifiseer kan word (sien 2.3.2.1), word dit volgens Joshua Delung (2009) ook deur nuuskriteria soos impak, onmiddellikheid, nabyheid, konflik, vreemdheid en menslike belang beïnvloed (sien 2.3.1.1.1).

Die ramingsproses begin wanneer sekere aspekte van 'n gebeurtenis gekies word bo ander. Volgens Gamson en Modigliani (1987, in Ardèvol-Abreu, 2015:143), word 'n raam geskep en kan dit gesien word as 'n sentrale organiserende idee wat

betekenis bied deur die gebeure van die dag vanuit 'n sekere perspektief aan te bied (2015:143).

Volgens Brüggemann (2014:2) is rame patrone van interpretasie wat gewortel is in kultuur en wat deur die individu geartikuleer word (sien Gamson, Croteau, Hoyness & Sasson, 1992:383; Entman, 1993; Pan & Kosicki, 2003; Reese, 2007; Van Gorp, 2007). Entman (1993, soos aangehaal deur Brüggemann, 2014:4) sluit hierby aan. Hy het gesê publieke akteurs (bronne) stuur 'n strategies geraamde boodskap uit. Joernaliste raam inligting vanuit 'n spesifieke perspektief. Mediagebruikers raam op hul beurt die inligting wat hulle ontvang wanneer hulle dit vanuit 'n spesifieke perspektief interpreteer.

Gamson et al. (1992:384), in Brüggemann (2014:4), is van mening dat raming die oorbruggingskonsep tussen die kognitiewe en die kulturele is. Rame struktureer patrone van interpretasie, sowel as patrone van voorstelling.

Benewens hierdie joernalistieke rame, is daar 'n ander bron van nuusrame, naamlik voorspraakrame. Net soos joernaliste rame skep, skep bronne ook rame. Volgens Druckman (2001), soos deur Sebastian van Baalen (2013:14), kan amptelike bronne 'n merkwaardige invloed hê op hoe gebeurtenisse en kwessies in die nuus geraam word.

Volgens Brüggemann kompeteer bronne tydens raming en afhangend van die mag van 'n betrokke bron, wat die interpretasie van die gehoor kan beïnvloed, kan dit nuusrame vorm (sien Benford & Snow, 2000; Hangogli: 2012).

Tog sê Brüggemann (2014:5) media-inhoud weerspieël bronne nie bloot nie en dat media-inhoud eerder 'n versameling rame insluit.

Reese (2001:11) meen rame is deel van simbole en laat mense toe om die sosiale wêreld op 'n betekenisvolle manier te struktureer. Die media is daarom deel van die stelsel wat rame skep en oordra, maar is nie alleen verantwoordelik daarvoor nie. Volgens Ardèvol-Abreu speel die ontvanger (leser), die teks en die kultuur 'n rol in wat binne 'n raam verstaan word en word daar tussen media-rame en gehoor-rame onderskei (2015:425).

Ardèvol-Abreu sê mediarama is eienskappe van die nuus en word gebou deur die gebruik van die media se eie hulpbronne om die gebeurtenis te organiseer (2015:431).

Reese (2003:11) som raming in sy eie definisie op as beginsels van organisering wat sosiaal gedeel word en waarmee volgehou word oor tyd. Hy meen die organiseringsfunksie van raming doen aan die hand dat 'n aktiewe proses plaasvind in die skep van betekenis en dat rame ook simbolies te werk gaan om die sosiale wêreld betekenisvol te struktureer (Reese, 2003:11).

Rame kan ook as abstrakte beginsels gesien word en Reese (2003:14) verduidelik rame dien as instrumente van interpretasie wat deur media-tekste werk om sosiale betekenis te struktureer. Hier beklemtoon hy spesifiek die sosiale konteks waarin die raam bestaan en argumenteer ook dat die beginsels wat lei tot die insluiting of uitsluiting van inligting ewe belangrik is.

Reese (2003:11) bespreek ook die beginsels wat die sukses van rame bepaal en meen die sukses van rame hang af van hoe goed dit inligting kan selekteer en organiseer.

Verder onderskei hy tussen kognitiewe en kulturele organisasie-metodes van raming (Reese, 2003:12). Terwyl die kognitiewe raam die leser op 'n sekere wyse laat nadink oor 'n bepaalde sosiale verskynsel en ons persepsie oor 'n spesifieke kwessie organiseer, skep 'n kulturele raam 'n verstandhouding wat lank nadat die inligting gedeel is, steeds mee volgehou word. Met verwysing na die sosiokulturele tradisie kan die wyse waarop rame kultureel en sosiaal gedeel word, verder verduidelik word.

Reese argumenteer dat volhoubare rame verbind is aan mekaar of gekoppel word aan belangrike kwessies wat voortduur oor tyd en gebeurte (Reese, 2003:15).

Hy (2003:17) verduidelik verder 'n raam moenie gereduseer word tot 'n enkele onderwerp nie, maar dat die opsetlike organisering van simboliese elemente, wat beklemtoon en verbind word aan 'n groter kulturele idee, ook in ag geneem moet word. Volgens hom behels die strukturering van 'n raam se betekenis nie net die insluiting of weglating van inligting nie, maar die selektering van inligting dien ook 'n sekere doel en word voorgestel as 'n logiese weglating.

Joernalistieke ramingspraktyke beskryf volgens Brüggemann (2014:6) wat joernaliste doen wanneer hulle mediateks produseer wat sekere rame insluit en ander uitsluit. Ramingspraktyke lê daarom volgens hom op 'n kontinuum tussen **raaminstelling** ("frame setting") en **raamsending** ("frame sending").

Dié terme is deur Semetko en Camel (1997) geïnspireer wat tussen "**agenda-setters**" en "**agenda-senders**" onderskei het. Volgens Brüggemann (2014:6) beïnvloed joernaliste nie net die media-agenda nie. Hulle skryf nie net oor sekere onderwerpe nie, hulle definieer ook belangrike kwessies.

Raaminstelling behels dat joernaliste nuus raam wat strook met hul persoonlike interpretasie van 'n spesifieke kwessie. Raamsending behels dat joernaliste staatmaak op rame wat deur verskillende bronne aangebied word (Brüggemann, 2014:7).

Volgens Hagen (1993), Kopplinger, Brosius en Staab (1991), soos aangehaal deur Brüggemann (2014:7) word bronne deur joernaliste gebruik om aanhalings te verskaf wat die bron se siening verteenwoordig.

Daarteenoor kan geargumenteer word dat die prominente teenwoordigheid van rame in nuusinhoud wat nie met 'n joernalis se persoonlike interpretasie strook nie, 'n sterk aanduiding van raamsending is.

Op empiriese vlak sal raaminstelling en raamsending teenwoordig wees in nuusinhoud. Ook Entman (1993) het gesê dit is waaroor raming gaan. Binne die agendastellingsteorie kan dit bydra om vas te stel hoe die belangrikste nuus van die dag aan mediagebruikers voorgestel word.

Fishman (1997) en Tuchman (1978) is, volgens Brüggemann van mening dat tot die mees objektiewe joernaliste ook aan die sosiale konstruksie van die werklikheid bydra (2014:8).

De Vreese (2005:53) sê daar bestaan nie juis konsensus oor hoe rame in die nuus geïdentifiseer kan word nie. "[P]revious research on frames in the news shares little conceptual ground and most studies draw on tentative working definitions or operational definitions of frames designed for the purpose of the specific study." Verskeie navorsers het egter in die laaste sowat 'n dekade meer duidelikheid hieroor

gebring. Die elemente waarvolgens 'n mens rame kan identifiseer, word vervolgens bespreek.

2.3.2.1 *Elemente van nuusraming*

Cappella en Jamieson (1997) stel vier kriteria voor waaraan 'n raam moet voldoen: Dit moet identifiseerbare, konseptuele en linguistieke kenmerke hê. Vierdens moet dit ook algemeen waargeneem word in die joernalistieke praktyk. Rame moet op 'n betroubare wyse van mekaar onderskei kan word. 'n Raam moet 'n verteenwoordigende geldigheid hê en deur ander erken word (de Vreese, 2005).

2.3.2.1.1 *Nuushoeke*

Nuusrame kan dikwels geïdentifiseer word deur na die nuushoek van 'n storie te kyk. Volgens Brüggemann (2014:5, met verwysing na De Vreese, 2002 en De Vreese, 2005), word daar tussen generiese en kwessiespesifieke rame onderskei. Kwessiespesifieke rame fokus op spesifieke onderwerpe of nuusgebeurtenisse teenoor generiese rame wat op verskeie onderwerpe fokus, wat oor 'n tydperk strek en kan verskillende kulturele kontekste insluit (sien de Vreese, 2001:108-109). Hy verwys na Galtung en Ruge (1965) wat gesê het generiese rame weerspieël joernalistieke roetine. In hierdie studie is generiese rame van toepassing om binne verskeie onderwerpe die nuushoek te vind, om sodoende te kan vasstel hoe nuus geraam word en hoe dit tussen die susterkoerante verskil of ooreenstem.

Semetko en Valkenburg (2000) identifiseer volgens Brüggemann (2014:5) konflik, mensestories, ekonomiese nagevolge, moraliteit, politiek en verantwoordelikheid as generiese rame:

- **Konflik:** Hierdie -raam beklemtoon byvoorbeeld konflik tussen individue of groepe wat lesers se belangstelling prikkel (Semetko & Valkenburg, 2006:95). Dit sluit besonderhede oor oortredings, misdadigers en slagoffers in.
- **Mensestories:** Hierdie raam kan herken word aan 'n emosionele invalshoek wanneer gebeure voorgestel word. Dit gee 'n "menslike gesig" aan die storie (Semetko & Valkenburg, 2006:95). Dit word geken aan emosiebelaaide byvoeglike naamwoorde en visuele inligting (Semetko & Valkenburg, 2006:95). Die raam word gebruik om emosie uit te lok, byvoorbeeld simpatie, hartseer of woede. Dit beklemtoon hoe mense of individue geraak word deur 'n voorval en ook hoe hulle dit ervaar. Semetko en Valkenburg (2006:95)

meen stories wat so geraam word, kan inbreuk maak op die betrokkenes se privaatheid.

- **Ekonomiese gevolge:** Neuman et al.(1992, soos aangehaal deur Semetko & Valkenburg, 2006:96) sê stories is volgens hierdie raam gebeure met ekonomiese gevolge vir die individu, groep of instelling en die storie wys dit uit. Hierdie raam fokus op enige finansiële kwessie waarby koste, wins en ekonomiese gevolge betrokke is (Semetko & Valkenburg, 2006:96).
- **Moraliteit:** Hierdie raam kontekstualiseer die kwessie of gebeure binne morele voorskrifte of godsdienstige beginsels (Semetko & Valkenburg, 2006:96). Volgens Neuman et al.(1992, soos aangehaal deur Semetko & Valkenburg, 2006:96) gebruik joernaliste dikwels die stem van belangegroepe en word hulle aangehaal wanneer 'n morele oordeel gefel word.
- **Verantwoordelikheid:** Hierdie raam plaas die verantwoordelikheid vir 'n kwessie of 'n probleem voor die deur van 'n individu, groep of dikwels die regering wat 'n oplossing vir die probleem moet vind (Semetko & Valkenburg, 2006:96).
- **Polities:** Die politieke raamwerk word gekenmerk deur politieke partye se standpunt oor die betrokke onderwerp. Politieke raamwerke kan ook gesien word wanneer beleidskeuses binne die parlement gemaak het.

2.3.2.1.2 Meganismes

Gamson en Modigliani (1989) identifiseer metafore, voorbeelde, idioome en beelde as ramingsinstrumente.

Dit sluit aan by van Tankard (2001) se meganismes om 'n nuusraam te identifiseer en sluit die volgende in:

- **Inleidingsparagrafe:** Inleidingsparagrafe moet die sleutelnuuswaarde in die artikel identifiseer om lesers se aandag te trek, hetsy dit ongewoon is of konflik kan aanhits (Conley & Lamble, 2006:108).
- **Die bronne wat in 'n storie aangehaal word:** Feite wat in 'n betrokke artikel gepubliseer is, moet deur bronne bevestig word om die geloofwaardigheid van 'n berig te verhoog. Joernaliste moet tydens die nuusinsamelingsproses 'n lys van geskikte bronne identifiseer om 'n onderhoud mee te voer (2006:120). Eerstehandse inligting sal meer

geloofwaardig wees as tweedehandse inligting. Dit kan die hoek van die gebeurtenis bepaal.

2.3.3 Samevatting

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat om vas te stel hoe nuus deur elk van die dagblaaie geraam word, gekyk moet word na die volgende:

- Meganismes soos uiteengesit in paragraaf 2.3.2.1.1; en
- Nuushoeke, soos uiteengesit in paragraaf 2.3.2.1.2.

In hierdie hoofstuk is die teoretiese perspektiewe en rigtinggewende argumente in diepte bespreek om vas te stel hoe agendastelling en nuusraming gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* te verduidelik. Vir hierdie doel is elemente van agendastelling en raming uit die literatuur onttrek.

In die volgende hoofstuk word die navorsingsbenadering en -metode uiteengesit om te verduidelik hoe die teorie in die empiriese studie toegepas gaan word om die navorsingsvrae te beantwoord.

HOOFSTUK 3: METODE

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die teoretiese perspektiewe van die studie uiteengesit. Die sosiokulturele benadering is as metateorie bespreek, terwyl die agendastelling- en ramingsteorieë in diepte ondersoek is. Hierdie ondersoek na die literatuur skep die raamwerk vir die empiriese deel van hierdie studie.

In Hoofstuk 3 sal die navorsingsbenadering en -metodes wat gebruik word om vas te stel hoe elkeen van die koerante die gebeure van die dag waarneem en aanbied, bespreek word. Aandag sal ook geskenk word aan triangulasie, betroubaarheid en geldigheid.

3.2 DIE KWALITATIEWE NAVORSINGSBENADERING

Hogan, Dolan en Donnelly (2009:3) beskryf 'n kwalitatiewe benadering tot navorsing as die ondersoek van kultuur, gemeenskappe en gedrag. Hierdie skrywers haal Marshall en Rossman (2006) aan, wat daarop wys dat kwalitatiewe navorsing pragmaties is, geïnterpreteer kan word en gegrond is op die ervaring van mense. Kwalitatiewe navorsing poog verder om gedrag te verstaan deur mense se waardes, geloof en emosies te leer ken (Hogan *et al.*, 2009:5).

Babbie en Mouton (2001) verwys na hierdie benadering as 'n breë metodologiese benadering wat fokus op die bestudering van sosiale aksie deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid nie-kwantitatiewe metodes (2001:271). Hulle definieer die kwalitatiewe paradigma as 'n benadering wat sosiale aksies en prosesse binne hul natuurlike konteks bestudeer (Babbie & Mouton, 2001:271). Die natuurlike konteks is van belang omdat die navorser die sosiale verskynsel of proses bestudeer terwyl kommunikasie plaasvind in daardie omgewing.

Kwalitatiewe navorsing gebruik woorde eerder as syfers wat na kwantitatiewe navorsing verwys. Kwantitatiewe navorsing, volgens Patton en Cochran (2002:3), is hoofsaaklik die navorsingsterrein van die natuurwetenskappe terwyl kwalitatiewe navorsing veral in navorsing in die sosiale wetenskappe van toepassing is.

Kommunikasie binne die kwalitatiewe benadering word deur Babbie en Mouton (2001:41) beskryf as 'n doelgerigte, komplekse en kreatiewe proses van ontwikkeling en word gesien as 'n kontekstuele verskynsel wat plaasvind in 'n sosiale, interaktiewe en interverwante werklikheid.

Die doel van kwalitatiewe navorsing is dan om die ervaring en die houding van diegene wat betrokke is, te verstaan en wetenskaplike antwoorde te kry op vrae oor die wat, hoe of hoekom. Die ontleding van literatuur/teorie verskaf die raamwerk vir kwalitatiewe navorsing (Patton & Cochran, 2002:3).

In hierdie studie word ondersoek wat die agenda is van drie Namibiese susterkoerante met dieselfde eienaar en 'n gedeelde kantoorruimte, en hoe elkeen die nuus teen die agtergrond van 'n eie kultuur raam. Groter begrip is dus die doel, wat die kwalitatiewe benadering hoogs geskik maak.

In die kwalitatiewe navorsingsbenadering van hierdie studie sal 'n deduktiewe invalshoek gevolg word. Volgens Trochim (2006) beteken 'n deduktiewe invalshoek 'n navorser werk vanuit 'n breë invalshoek (literatuurontleding, ontleding van teorieë) en maak dit dan van toepassing op 'n spesifieke situasie waar spesifieke afleidings gemaak word.

3.2.1 Triangulasie, geldigheid en betroubaarheid

Triangulasie kan beskryf word as die proses wat kwalitatiewe navorsers gebruik om die geldigheid van hul studies te bepaal (Guion, 2002:1). Basiese metodes van triangulasie kan toegepas word om bevindings te verifieer (Guion, 2002:1).

Kennedy (2009) som triangulasie op as die bekragtiging van data deur kruisverwysing van meer as twee bronne. Dit toets die konsekwentheid van bevindinge wat verkry is. Cohen en Crabtree (2006) verwys na Denzin (1978) en Patton (1999) wat vier tipes triangulasie geïdentifiseer het, naamlik metodetriangulasie, bron-, analitiese en teoretiese triangulasie. Guion, Diehl en McDonald (2011:2) beskryf metodologiese triangulasie as die gebruik van verskeie kwalitatiewe of kwantitatiewe metodes wat met mekaar vergelyk word om vas te stel of dieselfde of soortgelyke resultate gevind word. Indien die gevolgtrekkings uit elk van die metodes dieselfde is, word geldigheid bevestig (sien ook Denzin, 1978, en Patton, 1999, soos aangehaal deur Cohen & Crabtree, 2006).

Metodologiese triangulasie word in hierdie studie toegepas deur verskillende dataversamelingsbronne te gebruik, naamlik:

- 'n Literatuurstudie;
- Onderhoude met die redakteurs van elk van die dagblaaie en
- Ontleding van amptelike dokumente van die drie koerante, sowel as die analise van geselekteerde inhoud van elk van die koerante.

Die geldigheid van 'n studie verwys volgens Phelan en Wren (2005) na hoe goed 'n toets meet wat dit veronderstel is om te meet. Betroubaarheid daarteenoor is die mate waarin 'n assesseringsinstrument stabiele en konsekwente resultate produseer (Phelan & Wren, 2005). Geldigheid en betroubaarheid is van groot belang, omdat betroubaarheid alleen nie voldoende is nie. 'n Goeie kwalitatiewe studie kan help om 'n situasie wat andersins verwarrend of raaiselagtig is, te verstaan. Daarom kan betroubaarheid as 'n konsep gesien word wat kwaliteit binne 'n kwalitatiewe studie evalueer (Golafshani, 2003:598). Geldigheid daarteenoor word gesien as 'n konstruk wat gegrond is in die prosesse en bedoelings van 'n bepaalde navorsingsmetodologie en bied 'n gekwalifiseerde maatstaf vir navorsing (Golafshani, 2003:599).

Brontriangulasie is in hierdie studie van toepassing en volgens Cohen en Crabtree (2006) behels dit dat verskillende bronne gebruik word om 'n verskynsel te ondersoek. In hierdie studie is benewens die teoretiese bronne, ook argiefmateriaal en koerantinhoud ontleed, en is onderhoude met redakteurs gevoer om hul perspektief te verkry.

Vir akkurate resultate moet die kwalitatiewe navorser onbevooroordeeld wees in die beskrywings en interpretasies en dit is waarom daar soveel druk op die navorser geplaas word in terme van objektiviteit, sê Babbie en Mouton (2001:273).

3.3 NAVORSINGSMETODES

Die metodes wat in hierdie studie gebruik word, is in Tabel 2 hieronder saamgevat met die ooreenstemmende navorsingsdoelstellings en hoofstukke:

Tabel 3: Navorsingsdoelstellings

	Navorsingsdoelstellings	Navorsingsmetode	Hoofstuk
Doelstelling 1	Om aan die hand van amptelike dokumentasie en argiefmateriaal vas te stel wat die historiese en organisatoriese konteks is waarbinne die koerante uitgegee word.	Literatuurstudie	Hoofstuk 1
Doelstelling 2	Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel hoe agendastelling gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die <i>Republikein</i> , die <i>Allgemeine Zeitung</i> en die <i>Namibian Sun</i> te verduidelik.	Literatuurstudie	Hoofstuk 2
Doelstelling 3	Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel hoe nuusraming gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die <i>Republikein</i> , die <i>Allgemeine Zeitung</i> en die <i>Namibian Sun</i> te verduidelik.	Literatuurstudie	Hoofstuk 2
Doelstelling 4	Om deur middel van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van die <i>Republikein</i> , <i>Namibian Sun</i> en die <i>Allgemeine Zeitung</i> vas te stel hoe die nuus aangebied word.	Inhoudsanalise	Hoofstuk 4
Doelstelling 5	Om deur diepte-onderhoude vas te stel hoe die ooreenkomste en verskille in die aanbieding van nuus in die <i>Republikein</i> , die <i>Allgemeine Zeitung</i> en die <i>Namibian Sun</i> verduidelik kan word.	Semi-gestruktureerde-onderhoude	Hoofstuk 4

3.3.1 Literatuurstudie

In die literatuurstudie (sien 1.8, 2.3.1 en 2.3.2) is beskikbare literatuur soos boeke, koerantberigte, internetbronne en joernale, asook argivale bronne oor die maatskappy bestudeer.

Onwuegbuzie, Leech en Collins (2012:1) meen 'n literatuurstudie is die belangrikste stap van die navorsingsproses. Hulle sien die literatuuoroorsig as 'n komplekse

proses wat beskryf kan word as 'n interpretasie van 'n seleksie van gepubliseerde en/of ongepubliseerde dokumente wat beskikbaar is van verskeie bronne oor 'n spesifieke onderwerp wat optimale opsomming, ontleding, evaluering, en sintese van die dokumente behels. 'n Literatuurstudie is in hierdie studie van belang om 'n teoretiese raamwerk te skep en elemente te onttrek wat in die empiriese studie gebruik kan word (sien 2.3.1.1 en 2.3.1.2). Die literatuurstudie is dus uitgevoer om uit te vind wat die konteks is waarbinne *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* uitgegee word, sowel as om vas te stel hoe die beginsels van agendastelling en nuusraming gebruik kan word om die aanbieding van nuus in die koerante te verduidelik.

Die navorser kon geen studie vind wat soortgelyk is aan hierdie een nie. Studies wat egter van waarde is vir hierdie studie, sluit in Maxwell McCombs en Donald Shaw se, "Agenda-setting function of mass media", (2006) in. Ook DA Reese se, "Framing as a theory of media effects" (2001), en DA Scheufele en D Tewksbury se, "Framing, agenda setting and priming: The evolution of three media effects" (2000) is gebruik. Hierdie navorsers het die teoretiese perspektiewe uiteengesit waaruit elemente vir die empiriese deel van die studie onttrek kon word.

3.3.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise

Kwalitatiewe inhoudsanalise en onderhoude is as instrumente gekies vir die empiriese deel van hierdie studie. 'n Inhoudsanalise is een van talle kwalitatiewe metodes wat gebruik word om data te ontleed en die betekenis daarvan te interpreteer (Elo *et al.*, 2014:1). Die spesifieke navorsingsmetode verteenwoordig 'n sistematiese en objektiewe manier om die verskynsels te beskryf. Die metode sal gebruik word om te kyk na hoe nuus aangebied word, om te kyk hoe dit geraam is en watter agenda die koerante gevolglik stel. Daar sal uiteindelik 'n vergelyking getref kan word tussen hoe die drie koerante nuus waarneem en aanbied en ook hoe dit van mekaar verskil, al dan nie.

Die kwalitatiewe inhoudsanalise is gekies as navorsings metode omdat dit op die latente of verskuilde betekenis van inhoud fokus (Du Plooy, 2009:220). Volgens haar fokus dié benadering en metode spesifiek op die wyse waarop betekenis oorgedra word deur boodskappe binne die konteks waarin die kommunikasie plaasvind. Die

metode is daarom gepas vir die studie waar gekyk word hoe *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* nuus raam.

Hoewel hierdie studie se navorsingsbenadering kwalitatief van aard is, word kwantitatiewe elemente soos frekwensietabelle wel in die studie gebruik om vas te stel hoeveel keer daar oor sekere onderwerpe geskryf word en watter nuuskriteria betrokke is, ensovoorts.

Binne agendastelling is plasing, ruimte, genre en opvolgartikels as kategorieë onttrek. Binne raming is die hoek van die artikel en meganismes as kategorieë onttrek (sien 2.3.1.1 en 2.3.1.2).

3.3.2.1 Navorsingsmateriaal

Daar is drie susterkoerante, *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung*, wat in Namibië versprei word en al drie hierdie dagblaaie word by die studie betrek (sien 1.2). Dit beteken 100% van die populasie word in die studie ondersoek.

'n Totaal van 23 eksemplare van *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* wat in Julie 2013 verskyn het, is ontleed. Die eerste drie nuusbladsye van die koerante is ontleed. Die hoofartikel en die spotprent van *Republikein* op die kommentaarblad (gewoonlik bladsy 8 of 10) is ook geanaliseer ten einde vas te stel wat die agenda is wat daargestel word. *Republikein* het nie 'n hoofartikel op Vrydae nie en fokus op nuus van 20 jaar gelede van die betrokke week.

Die hoofartikel op die kommentaarblad in *Namibian Sun* (altyd op bladsy 6) is ook in hierdie studie van toepassing.

Allgemeine Zeitung publiseer hul hoofartikel altyd op bladsy 2. Daar is ook sekere dae wat twee hoofartikels op een dag in die Duitse koerante gepubliseer word. Om daardie rede is daar net na drie bladsye gekyk in *Allgemeine Zeitung*, teenoor die vier bladsye van die ander koerante. 'n Totaal van 617 artikels is op hierdie bladsye tussen die drie koerante ontleed.

Daar is besluit om die koerante van Julie 2013 te gebruik op grond van beskikbaarheid. Die navorser kon al die eksemplare van al drie koerante kry wat in Julie 2013 verskyn het. Aanlynweergawes van die koerante kon nie vir die studie

oorweeg word nie, omdat daar nie so duidelik gesien kan word hoe prominent 'n berig aangebied word nie.

Deur na net die voorblaaie te kyk, word die nuusseleksie verskraal. Daarteenoor kan 'n vollediger en deegliker blik op wat die koerante as nuus beskou, verkry word deur na meer bladsye te kyk.

Die kommentaarblad word in die studie gebruik, want volgens Weintraut (2006) word hoofartikels gebruik om openbare opinie te beïnvloed, sowel as om kritiese denke te bevorder en lesers te oorreed om standpunt in te neem. Daarom kan dit belangrike inligting weergee oor die agenda wat elke koerant daarstel.

In hierdie studie word na alle kwessies binne die media op 'n gegewe tydstip gekyk. Hoewel daar na die eerste drie bladsye en die opinieblad van elk van die koerante gekyk word, word na alle kwessies (alle artikels en foto's en nie net die belangrikste artikel op elke bladsy nie) gekyk en nie net na sekere wat vooraf geïdentifiseer is nie. Deur wel na al die kwessies te kyk, kan 'n idee steeds gevorm word oor hoe belangrike kwessies groei en oor tyd verdwyn. Hierna sal verduidelik word hoe die navorser te werk sal gaan om die verskeie elemente binne die koerante te identifiseer.

3.4 WERKSWYSE

Om die inhoudsontleding te kan uitvoer, is elemente van agendastelling en nuusraming uit die literatuur onttrek. Die elemente is in verskillende kategorieë geplaas om 'n logiese en eenvormige ontleding van die studiemateriaal te bevorder. Die kategorieë wat uit die literatuur onttrek is met die oog op inhoudsanalise, word vervolgens in tabelle aangebied. By elke element word aangedui hoe dit in die inhoudsanalise geïdentifiseer gaan word.

3.4.1 Kategorieë: Agendastelling

Onder agendastelling is die volgende kategorieë onttrek: Onderwerp, plasing, ruimte, genre en opvolgstories (sien Tabel 3).

Tabel 4: Elemente waaraan 'n nuusagenda uitgeken kan word

Element	Identifisering
Onderwerp	Dit waaroor 'n nuusitem handel (sien 2.3.1.1.2).
Plasing	Op watter bladsy en hoe prominent 'n nuusitem gebruik word (sien 2.3.2 en 2.3.1.1.3).
Ruimte	Die aantal kolom-sentimeter wat aan 'n nuusitem afgestaan word, word bepaal (sien 2.3.1).
Genre	Sien tabel 4.
Opvolge	Die opvolg van nuusitems deur byvoorbeeld opvolgberigte, agtergrond- en meningsartikels, en kommentaar (sien 2.3.1).

Hieronder word die verskillende tipes genres uiteengesit in 'ntabel om vas te stel hoe dit geïdentifiseer kan word.

Tabel 5: Genre as 'n element van agendastelling

Genre	Identifisering
Onderhoudsartikel	'n Langer item met die bedoeling om een persoon se ingesteldheid oor 'n spesifieke saak te belig; sagter nuus; verskyn nie op hoofnuusblaaie nie (sien 2.3.1.1.6).
Nuusberig	Verskyn op hoofnuusblaaie; bied inligting oor tydige gebeure; korter, feitelik (sien 2.3.1.1.6).
Nuusanalise	Interpreteer nuusgebeure of -onderwerpe vir die leser (sien 2.3.1.1.6).
Hoofartikel	Gee standpunt van publikasie weer; verskyn op die kommentaarblad (sien 2.3.1.1.6).
Rubriek	'n Persoonlike item wat die mening van die skrywer weergee; is gewoonlik op kommentaarblad te vind (sien 2.3.1.1.6).

In hierdie deel van die hoofstuk is uiteengesit hoe agendastellingselemente in hierdie studie geïdentifiseer gaan word. Hierna volg die ramingselemente en hoe om dit te identifiseer.

3.4.2 Kategorieë: Nuusraming

Onder raming is die volgende kategorieë onttrek: Nuushoek en meganismes. Hoe hierdie kategorieë in nuusstories geïdentifiseer sal word, word vervolgens in tabelle uiteengesit (sien Brüggemann, 2014 en de Vreese, 2005).

3.4.2.1 Nuushoek

Ten einde vas te stel watter aanslag die artikels in neem, sal daar na die nuuswaardes gekyk word om te bepaal of die artikel byvoorbeeld ekonomies of politiek van aard is.

Hierdie inligting sal in die inleidingsparagraaf en kop weergegee word. Die kop en paragraaf moet sterk wees om die lesers te trek en te behou om die storie verder te lees (sien 2.3.1).

Tabel 6: Nuushoek as element van nuusraming

Nuushoek	Identifisering
Konflik	Konflik tussen individue, groepe en lande, verskil van opinie, fisiese geweld en oorlog.
Mensestories	Eerstehandse inligting van 'n persoon wat 'n gebeurtenis deurgemaak het.
Ekonomiese gevolge	Fokus van nuusitem handel oor winste of verliese – oor hoe dit iemand se sak raak.
Moraliteit	Indien die storie verwys na God of enige geloofsoortuigings, of 'n morele boodskap betrokke en is die moraliteitsraam dus teenwoordig.
Verantwoordelikheid	Die verantwoordelikheid om die probleem op te los, lê by die regering, 'n groep of 'n individu (die blaamfaktor).
Politiek	Oral waar politieke kwessies bygesleep word, van politieke stellings tot rassehaat.

Om vas te stel watter nuushoek elk van die berigte gebruik, word die vier W's en die H's (wie, wat, waar, wanneer en hoe) geantwoord. Binne elke nuusitem moet vasgestel kan word wie die betrokke partye is, wat gebeur het, waar dit plaasgevind

het, wanneer en hoe die gebeurtenis ontstaan het. Die inligting sal kan bepaal watter nuushoek die betrokke berig inneem.

3.4.2.2 Meganismes

Die volgende meganismes word gebruik om vas te stel uit watter nuushoek nuusberigte geskryf word.

Tabel 7: Meganismes as elemente van nuusraming

Meganismes	Identifisering
Kop	Watter woorde word in die kop gebruik?
Inleidingsparagraaf	Watter tipe inligting word eerste weergegee?

Teen hierdie agtergrond kan vasgestel word na watter elemente gekyk gaan word tydens die koerantanalise in die volgende hoofstuk. Hoe die datavel gebruik gaan word om die analise uit te voer sal hierna bespreek word.

Tabel 8: Datavel wat vir die studie gebruik is

Datavel

Koerant: _____ Datum: _____ Bladsy: _____ → Kategorie 2 Op watter bladsy is dit gepubliseer?

Onderwerp: _____ → Kategorie 1 Waartoe gaan die artikel?

Plasing	
Links bo	
Regs bo	
Links onder	
Regs onder	

→ Kategorie 2
→ Waar is die artikel geplaas?

Ruimte: _____ kolom(me) _____ → Kategorie 3 Hoeveel spasie is aan die artikel toegestaan?

GENRES	
Nuusberig	
Nuusanalise	
Rubriek	
Hoofartikel	
Sportprent	
Ander	

→ Kategorie 4
→ Wat is die genre van die artikel?

Is dit 'n opvolgberig: _____ → Kategorie 5 Is daar al vroeër oor die artikel berig?

MEGANISMES	
Kop	
Subkop	
Foto's	
Foto onderskrifte	
Aanhaling	
Statistiek	
Bronne	
Trek aanhalings	

→ Kategorie 7
→ Watter van die meganismes is by 'n artikel betrokke en hoe groot word dit gebruik?

Nuushoek	
Polities	
Ekonomies	
Moraliteit	
Verantwoordelikheid	
Mensestories	

→ Kategorie 6
→ Uit watter nuushoek is die artikel geskryf

Dié datavel word vir elke artikel wat ontleed word, gebruik. Die navorser moet vir elk van die artikels die onderwerp identifiseer. Daarna moet die navorser bloot merk waar die artikel geplaas is en in watter genre die artikel val.

Die koerante bestaan uit sewe kolomme en die navorser sal bereken hoeveel kolomsentimeter (kolom/cm) aan elke berig toegestaan is.

Die navorser moet ook kan vasstel of daar al oor 'n betrokke artikel berig gelewer is en, indien wel, hoeveel keer in totaal.

Daarna sal die navorser die hoek van die artikel identifiseer deur te kyk na die perspektief wat uitgelig word deur die woorde wat gebruik word. Hier sal ook aandag geskenk word aan die kop en inleidingsparagraaf,

Onder die meganisme-kategorie sal die navorser die kop neerskryf en 'n aantekening maak indien dit die grootste kop op die bladsy is. 'n Subkop, foto's en onderskrifte, aanhalings, logo's of statistiek sal gemerk word indien enige van die kategorieë in 'n betrokke artikel teenwoordig is.

Omdat hierdie studie poog om te uit vind wat die agendastelling van elk van die koerante is en hoe elke koerant nuus raam, sal die top drie onderwerpe van elke koerant geïdentifiseer word vir die koerantanalise. Binne hierdie onderwerpe sal die artikels, indien al drie koerante oor 'n betrokke insident berig gelewer het, in diepte bespreek word om uit te vind hoe die raming en agendastelling van mekaar verskil, al dan nie.

3.4.3 Onderhoude

Newton (2010:1) verduidelik onderhoude is van toepassing wanneer die diepte van die betekenis van 'n kwessie/onderwerp belangrik is en die navorsing primêr op insig en begrip fokus.

Semigestruktureerde onderhoude sal in hierdie studie met die redakteurs Dani Booysen van *Republikein*, Festus Nakatana van *Namibian Sun* en Steffan Fisher van *Allgemeine Zeitung* gevoer word. Booysen en Fisher was redakteurs van die betrokke koerante in 2013. Nakatana is in Junie 2014 as redakteur aangestel. Die doel hiervan is om duidelikheid te kry oor bevindinge op grond van die

inhoudsanalise. Jan Poolman was die voormalige redakteur van die *Namibian Sun*. Poolman is in 2015 oorlede en daarom is 'n onderhoud met die huidige redakteur gevoer. So kan die navorser byvoorbeeld vra waarom en hoe bepaalde keuses in die selektering en aanbieding van die nuus in die betrokke publikasie gemaak is en hoekom nuus op 'n sekere wyse geraam word. Met onderhoude word daarom gepoog om betroubare bevindinge aan te bied en groter begrip te skep.

3.5 Etiek

Newton (2010:1) verduidelik onderhoude is van toepassing wanneer die diepte van die betekenis van 'n kwessie/onderwerp belangrik is en die navorsing primêr op insig en begrip fokus.

3.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die metodes wat vir hierdie navorsingsbenadering van toepassing is in diepte bespreek om te verduidelik hoe die koerantanalise in die volgende hoofstuk sal verloop.

In die volgende hoofstuk word die bevindinge van die inhoudsanalise beskryf en geïnterpreteer.

HOOFSTUK 4: BEVINDINGS VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die metodes wat in hierdie kwalitatiewe studie gebruik word, bespreek en die werkswyse uiteengesit. In hierdie hoofstuk sal die bevindings van die inhoudsanalise beskryf en bespreek word. Die bevindings uit die ontleding van die onderhoudsdata sal gebruik word om die inhoudsanalise se bevindings toe te lig. Die volgende navorsingsvrae is van toepassing in hierdie hoofstuk:

- 1.4.4 Hoe bied *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* die nuus aan?
- 1.4.5 Hoe kan die ooreenkomste en verskille in die aanbieding van nuus in *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* verklaar word?

Die bevindings word aangebied met die ontledingskategorieë soos in Hoofstuk 3 se opskrifte uiteengesit. Agendastelling word eerste bespreek en dan nuusraming. Die koerante se hantering van elke kategorie sal deurgaans vergelyk word. Eenvoudige frekwensietabelle en grafika word gebruik om syfers en ander inligting bondig weer te gee.

4.2 ONTLEDINGSKATEGORIEË: AGENDASTELLING EN NUUSRAMING

Die kategorieë wat gebruik word om die agendastelling te bepaal, is nuuskriteria, onderwerpe, plasing, ruimte, genre en opvolge (sien 2.3.1).

Altesaam 23 eksemplare van *Republikein* wat in Julie 2013, die ondersoektydperk vir hierdie studie, gepubliseer is, is vir inhoudsontleding gebruik. 'n Totaal van 118 nuusitems is op die eerste drie bladsye ontleed en sluit die hoofartikels en spotprent uit. 'n Totaal van 23 addisionele hoofartikels en spotprente is ontleed. Daar is ook 23 eksemplare *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* gebruik. Altesaam 262 artikels is op die eerste drie bladsye van die Duitse koerant ontleed en sluit die hoofartikel in, omdat dit op bladsy twee verskyn.

Uit *Namibian Sun* is 168 artikels ontleed op die eerste drie bladsye, plus 23 hoofartikels. *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* maak nie van spotprente in die

koerant gebruik nie. Koerante sonder hoofartikels en spotprente word gewoonlik as *tabloids* beskou. In hierdie studie is dít net van toepassing op *Namibian Sun* wat as 'n poniekoerant beskou word.

Die redakteur van *Republikein*, Dani Booysen, sê die algemene riglyn is om tussen twee en drie nuusberigte op die nuusbladsy te plaas. Dit stel die koerant ook in staat om langer nuusberigte in meer besonderhede aan te bied. “Tog moet advertensiespasie ook in ag geneem word. 'n Koerant wat minder advertensies het, sal natuurlik meer spasie vir berigte hê,” sê hy (persoonlike onderhoud. 1 Sept. 2017).

Die gemiddelde advertensiebelading van *Republikein* is 48% teenoor die ander twee koerante waarvan die gemiddelde advertensiebelading slegs 20% is. Dit kan ook verduidelik hoe die *Republikein* die minste stories op die eerste drie nuusblaaie dra in vergelyking met die ander twee koerante. Advertensies is NMH se hoofinkomste. *Republikein* ondersteun beide *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* finansiëel. Om nog geld te spaar, het *Allgemeine Zeitung* teen die einde van 2013 (dus ná die studietydperk) 'n Berliner-formaat aangeneem. Dit was voorheen 'n breëblad.

Volgens Festus Nakatana, redakteur van *Namibian Sun*, is die algemene reël om een tot drie stories op die voorblad en bladsy 3 te plaas. Met die oorloop na bladsy 2 probeer hulle ten minste een volledige berig op die bladsy te plaas.

Volgens Steffan Fischer, redakteur van *Allgemeine Zeitung*, word tussen 5 en 12 (baie kort) artikels op 'n bladsy geplaas. *Allgemeine Zeitung* het baie minder spasie (net 'n 12-bladkoerant per dag) teenoor die ander twee koerante wat tussen 20 en 32 bladsye daaglik publiseer (Fischer, S. Persoonlike onderhoud. 29 Sept. 2017). Daar kan wel geargumenteer word dat ten opsigte van advertensiespasie in die koerante, *Allgemeine Zeitung* meer plek beskikbaar het as *Republikein*, omdat die belading in die Duitse koerant minder is.

4.2.1 Om te kan bepaal en vergelyk wat elke koerant as belangrik beskou (en dus hoog op die agenda plaas), sal nuuskriteria saam met die agendastellingskriteria bespreek word. Nuuskriteria word gebruik om die nuuswaarde van gebeure te bepaal en dit het dus 'n groot invloed op 'n publikasie se agenda (sien 2.3.1.1.1). Net die drie onderwerpe waaroor elke

koerant die meeste berig het, sal in diepte bespreek word. Uit die teorie (sien 2.3.1.1.2) kan afgelei word dat onderwerpe waaroor meer berig word, uiteraard belangriker is en daarom word net daardie onderwerpe vir bespreking oorweeg, terwyl daar na ander onderwerpe verwys sal word. Daar is besluit om net die belangrikste drie onderwerpe in diepte te bespreek, omdat die ander onderwerpe minder belangrik geag word deur die koerante. Dit kan afgelei word deur die feit dat daar in 'n mindere mate oor daardie onderwerpe geskryf word.


Onderwerpe

Die meeste onderwerpe wat uit die teorie (sien 2.3.1.1.2) onttrek is, het aandag in al die koerante geniet. Die getal berigte wat oor elke onderwerp gepubliseer is, word in Tabel 8 saamgevat. Die onderwerpe waaroor die meeste geskryf is, word in vetdruk aangedui.

Tabel 9: Onderwerpe wat deur NMH se dagblaai gedek word

Onderwerp	Republikein	AZ	NS
Ekonomie	4	13	4
Hof	26	32	28
Liefdadigheid	2	13	1
Misdaad	24	27	28
Onderrig	4	0	10
Ongelukke	10	0	4
Ontwikkeling	3	9	0
Plaaslike owerhede	18	11	14
Politiek	14	38	38
Vermaak	8	13	1
Vervoer	0	15	1
Ander (sluit artikels in oor verskeie ministeries, tradisionele owerhede, landbou en gesondheid.	52	102	64
TOTAAL	164	272	191

Die onderwerpe wat die meeste voorgekom het in die ondersoekmateriaal is hof, misdaad, politiek en plaaslike owerhede. Ander onderwerpe waarvoor meer as een keer berig is, sluit in ekonomie, liefdadigheid, vermaak, ontwikkeling, ongelukke, onderrig en berigte oor vervoer. Die weer, byvoorbeeld, is 'n onderwerp wat baie min aandag in al drie koerante gekry het. Hoe die onderwerpe voorkeur in die onderskeie koerante kry, word visueel voorgestel in Figuur 2.




Figuur 1: Onderwerpe wat die meeste deur NMH se dagblaaie gedek word

Elke onderwerp sal nou eers bespreek word en daarna saam met die ander elemente wat 'n belangrike rol speel in agendastelling, naamlik nuuskriteria, ruimte, plasing, genre en opvolge, binne die konteks van elke koerant se agenda geplaas word. Voorbeelde sal gebruik word om aan te dui hoe beriggewing tussen die drie koerante ooreenstem en verskil.

4.2.1.1 **Politiek**

Republikein berig minder oor politieke nuus in vergelyking met *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung*. Onder is 'n voorstelling van watter politieke nuus deur die drie koerante gepubliseer word (Fig. 3).

4.2.1.1.1 Tipe politieke nuus



Figuur 2: Tipe politieke nuusitems waaroor NMH se drie dagblaaie berig

Booyesen bevestig dat plaaslike en nasionale politieke nuus in *Republikein* voorkeur bo internasionale sake geniet, behalwe in uitsonderlike gevalle. “Ook dan is ’n Namibiese invalshoek nodig vir die gebeurtenis om spasio op die hardenuusbladsye te geniet,” sê hy (persoonlike onderhoud, 1 Sept. 2017).


Allgemeine Zeitung skryf die meeste oor politiek. Volgens die agendastellingsteorie (sien 2.3.1) kan dus aangeneem word politiek hoog op die Duitse koerant se agenda is. Daar word afgelei dat hoe hoër die frekwensie, hoe hoër op die agenda is ’n onderwerp (sien 2.3.1.1.2).

Namibian Sun gee ook die meeste aandag aan politieke sake en daar kan afgelei word die Engelse dagblad ag politiek as belangrik. Nakatana (persoonlike onderhoud, 27 Aug. 2017) bevestig die bevinding dat *Namibian Sun* baie op politieke nuus fokus. Hy voer aan dat die politieke nuus waarop die Engelse dagblad fokus op nasionale vlak plaasvind (sien Fig. 3) omdat nasionale nuus meer mense beïnvloed. “Politici stel die agenda en wat daar (in die parlement) bespreek word, het ’n invloed op alle Namibiërs. Dit het dus ’n groot impak op ons lesers,” sê hy (persoonlike onderhoud, 27 Aug. 2017).

Volgens Nakatana fokus *Namibian Sun* ook op internasionale politieke sake, omdat internasionale gebeure by tye 'n effek op Namibië het. “As Suid-Afrika se ekonomie verswak, moet ons daaroor berig, omdat 'n direkte invloed op ons eie ekonomie sal volg,” verduidelik hy.

Daar word aangeneem dat die Engelse en Duitse koerante meestal oor politieke sake skryf. Hieronder word gekyk word na die nuuskriteria wat binne hierdie onderwerp geïdentifiseer is.

4.2.1.1.2 Nuuskriteria in politieke nuusdekking geïdentifiseer



Figuur 3: Nuuskriteria teenwoordig in politieke berigte

Uit die bostaande grafiek is dit duidelik dat die koerante hulle deur verskillende nuuskriteria laat lei wanneer politieke stories gekies word. *Namibian Sun* fokus die meeste op prominensie, dus belangrike mense en instellings. Dan volg onmiddellikheid (d.i. hoe vars die nuus is), impak (hoeveel mense geraak word of hoe wyd die impak van 'n storie is), en dan konflik (onmin van een of ander aard). *Allgemeine Zeitung*, daarenteen, plaas 'n groter premie op onmiddellikheid. Dan volg prominensie, impak en nabyheid. Nabyheid bevestig die bevinding in Fig. 3 dat hierdie koerant meer op nasionale nuus fokus as op internasionale nuus. In

Republikein is die impak wat 'n politieke storie het weer die belangrikste, gevolg deur onmiddellikheid en prominensie, en dan konflik. Dié koerant fokus op plaaslike politieke nuus, wat verduidelik waarom impak die belangrikste is.

Hoe meer nuuskriteria betrokke is, hoe meer nuuswaardig is die berig/onderwerp (sien 2.3.1). Volgens Nakatana fokus *Namibian Sun* meestal op impak as die belangrikste faktor. “Daar is gebeurtenisse wat 'n honderd mense affekteer en daar is ander wat net twee affekteer. Dit is vir ons belangrik om op gebeurtenisse te fokus wat die grootste impak op die grootste groep mense gaan hê,” sê hy (Persoonlike onderhoud. 27 Aug. 2017).

Hoewel impak derde is ten opsigte van belangrikheid binne hierdie onderwerp, sê Nakatana “prominensie binne politieke sake sal meer aandag geniet, omdat hierdie onderwerp talle kere die president sal insluit en hy as 'n prominente persoon beskou word (persoonlike onderhoud, 27 Aug. 2017)”.

Hy verduidelik ook dat hierdie tipe inligting ook tydsensitief is, omdat dit nie noodwendig inligting gaan wees wat ander media-instansies het nie. “Dit is daarom belangrik om so gou moontlik beskikbare inligting te publiseer. Dit kan verduidelik hoekom onmiddellikheid as nuuskriterium binne hierdie onderwerp meer gewig dra,” sê hy. Saam met nabyheid en impak kan dit ook verduidelik hoekom die Engelse dagblad meer op nasionale politieke nuus fokus, omdat die gebeurtenis moontlik 'n groter invloed op Namibiërs in die algemeen gaan hê.

Namibian Sun skryf 'n politieke storie op nasionale vlak op 8 Julie 2013 oor talleregeringsinstansies wat miljoene Namibiese dollar aan die regering teruggegee het. Die beskikbare gelde waarvoor die ministeries begroot het, is nie effektief aangewend nie. Ses ministeries het saam N\$174 miljoen nie gedurende die finansiële jaar spandeer nie. Die ministerie van jeug, nasionale diens, kuns en kultuur het N\$51 miljoen aan die regering terugbesorg. Dít terwyl talle sporte geld nodig gehad het. Dit beteken projekte kon nie voortgaan nie, omdat die ministeries nie daaraan aandag gegee het nie. Dié gebeurtenis is nie deur die ander twee koerante gedek nie.

Die volgende nuuskriteria is in die artikel geïdentifiseer:

- Impak: Die invloed op die status quo is groot wanneer miljoene Namibiese dollar teruggegee word sonder dat talle projekte enige hulp van die regering ontvang het.
- Onmiddellikheid: Hoewel die artikel handel oor die vorige finansiële jaar, is 'n verantwoordelikhedsverslag in Julie 2013 bekend gestel.
- Prominensie: Die regering word as prominente instansie beskou.
- Nabyheid: Dit het duisende Namibiërs geraak, veral in die lig dat geld beskikbaar was om byvoorbeeld 'n skool te bou of om 'n sportgroep op 'n toer te stuur wat sport in die land sou bevorder. Duisende Namibiërs leef in armoede, terwyl fondse beskikbaar is vir ontwikkelende projekte, maar dit nie gebruik word nie. Die afstandsdimensie in hierdie geval is psigososiaal en het 'n invloed op die burgers van die land (Froneman, 2002:59).
- Konflik: 'n Struweling tussen die regering en sy ministeries het ontstaan omdat talle projekte nie aandag geniet het nie. Ander ministeries wat wel aandag aan al hul projekte geskenk het, kon ook moontlik van die fondse gebruik maak vir verdere ontwikkeling. Hoewel dit nie fisieke konflik was nie, het 'n probleem steeds tussen twee partye ontstaan.

In die algemeen skryf die drie koerante oor heeltemal verskillende politieke onderwerpe. Die enigste politieke gebeurtenis waaroor al drie koerante berig het binne die ondersoektydperk (Julie 2013) is die Zimbabwiese verkiesing. Hieronder volg 'n voorstelling van die foto en onderskrif, soos dit in *Namibian Sun* verskyn het.

Government's tender warning to Pupkewitz

MAY BE BLACKLISTED IN TERMS OF FUTURE CONTRACTS

The deputy labour minister says his ministry may request the company's blacklisting in terms of securing any future government work, if the allegation of its mistreatment of a worker recently is found to be true.

WINDHOEK **SELMA IKELA**

Pupkewitz Megabuild could lose out on future government tenders if it is found to be true that a worker was "inhumanely" forced to strip to his underwear at its premises in the capital after being fired last week.

Labour Deputy Minister Alpheus Mubvumba says the ministry will investigate the matter in which a worker was almost sent home half naked

after he was fired from Pupkewitz Megabuild in Windhoek.

Speaking to *Namibian Sun* yesterday, Mubvumba said: "Whoever is found guilty will feel the full wrath of the law, to the extent that we will request that they be blacklisted from the government procurement system and tenders."

He said he wanted to get to the bottom of the incident.

Mubvumba was recently instructed by President Hifikepunye Pohamba

to investigate certain Chinese-owned companies whose workers were allegedly mistreated.

He said the alleged conduct at Pupkewitz Megabuild was inhumane and disgusting and "nobody should do that to a fellow human being".

"It should not be happening, especially not from a well-established Namibian company that has been operating in this country for long and benefits hugely from government tenders," he said.

The deputy minister was reacting to a report published in *Namibian Sun* on Friday, quoting Reinhold Nangolo, 40, who was fired from the building supplies company last

week. Nangolo claimed that the yard manager asked him to leave all company property behind when he left the premises. Nangolo said he handed in his share certificate and staff card and asked the manager if he should immediately hand back his uniform and the manager answered in affirmative.

"I asked the manager if all people who left the company handed in their uniforms and he replied 'yes'.

"I asked him to show me, but he said he was not the one keeping the uniforms.

"I did not hesitate so I undressed and gave him the uniform. I untied my boots and handed them in as well," Nangolo told *Namibian Sun*

last week. He said a co-worker came to his rescue and supplied him with clothes to save him from going home in his underwear.

Nangolo said he was dismissed after he was found guilty on two disciplinary charges.

In the first instance, he had refused to help a client because he was allegedly feeling ill. In the second case, Nangolo had sneaked into a prohibited bathroom to take a shower.

"What is a uniform? What was wrong with asking the employee to go undress at home and then return the uniform? What are you going to use a uniform that was already used?" asked a furious Mubvumba.



FOCUS ON ZIM AHEAD OF POLLS

EYES ON THE PRIZE: Supporters of Zimbabwean President Robert Mugabe's Zanu-PF party are reflected in a pair of sunglasses during an election rally in Marondera, about 70km east of Harare, yesterday. Zimbabwe will hold presidential and parliamentary elections on July 31 and police chiefs have reportedly been campaigning for Mugabe, telling rank-and-file to vote for the veteran leader and his party.

PHOTO: NAMPA/NEUTERS

Figuur 4: Voorstelling van die Zimbabwiese verkiesingsartikel in *Namibian Sun*.

Dit is opmerklik dat geen berigte in *Namibian Sun* oor die Zimbabwiese verkiesing verskyn het nie. Ek lei af dat deur 'n "mooi" foto te plaas, nie beteken dat dit hoog op die agenda is nie. Hoewel die foto voorbrand maak vir die verkiesing wat nog moet plaasvind, is die opvolg ook 'n foto, sonder enige berig. Daar kan afgelei word dat die mense nie verandering verwag nie en dat verkiesings in Zimbabwe maar altyd dieselfde eindig. Die foto is op 16 Julie 2013 op die voorblad gepubliseer. Die onderskrif van die foto lees: "Ondersteuners van die Zimbabwiese President Robert Mugabe se Zanu-PF part word in 'n sonbril gereflekteer gedurende 'n verkiesingsveldtog. Zimbabwe sal op 31 Julie presidensiële en parlementêre verkiesings hou. Polisiehoofde het glo, na wat berig word, mense aangesê om vir Mugabe te stem (eie vertaling)."

Die volgende nuuskriteria is duidelik uit die foto en onderskrif:

- Impak: Die kleurvolle foto trek aandag. Hoewel daar net 'n foto is en geen berig nie, is die afstandsdimensie psigososiaal en kry die belangstelling van die verkiesing voorrang.
- Onmiddellikheid: Die foto is die vorige dag tydens 'n politieke veldtog geneem.
- Konflik. Daar is 'n mate van intimidasie met polisiehoofde wat inwoners aansê om vir pres. Robert Mugabe te stem.

Allgemeine Zeitung laat hom ook lei deur nuuskriteria in politieke beriggewing, maar plaas van sterk op konflik te fokus, speel afstand/nabyheid 'n groter rol, veral psigososiale afstand (sien 2.3.1.1.1) omdat die berigte 'n invloed op Namibiërs het. Politieke besluite wat geneem word, het 'n invloed op die samelewing en die inwoners van daardie gemeenskappe. 'n Wet wat byvoorbeeld in werking tree en stel dat die minimumloon vir huiswerkers nou N\$15 per uur is, het 'n invloed op huiswerkers, sowel as diene wat huiswerkers in diens neem.

Die intensiteitsdimensie wat grotendeels in politieke beriggewing geïdentifiseer word, is die omvang van die gebeure en die status quo wat ontwig word deur politieke besluite wat 'n invloed het op die landsburgers.

Die Duitse dagblad het meer artikels geskryf wat nader aan die publiek is as *Namibian Sun*. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die Engelse dagblad meer

internasionale stories gedra het. Volgens Fischer (persoonlike onderhoude, 29 Sept. 2017) is impak en prominensie belangriker nuuskriteria, want “hoe meer mense daardeur geraak word, hoe groter die impak”. Dit dra volgens hom meer gewig as byvoorbeeld emosionele impak en vreemdheid. “Binne politieke verslaggewing sal prominensie wel meer gewig dra, omdat die president en die politieke partye hier van groot belang sal wees,” sê Fischer oor waarom impak nie die belangrikste aanduiding van nuuswaarde is nie.

Allgemeine Zeitung skryf op 5 Julie 2013 oor die aankoop van ’n elektroniese verkiesingstelsel. Dit sal die eerste keer wees dat Namibiërs op ’n elektroniese manier sal kan stem tydens ’n verkiesing.

Die volgende nuuskriteria is in die artikel geïdentifiseer:

- Impak: ’n Nuwe stelsel tydens ’n verkiesing het ’n groot impak, omdat honderdduisende burgers na die stembus moet gaan en hierdie nuwe toestel moet gebruik. Daar is ’n geografiese afstandsdimensie betrokke wat nie net in die hoofstad gesentreer is nie, maar oor die hele land. Nie net moet hierdie nuwe toestel bekend gestel word nie, maar dit moet ook in landelike gebiede kan werk en akkuraat wees. Dit kan ’n groot impak hê indien dit teen die verkiesingsdatum nie werk nie.
- Onmiddellikheid: Die aankondiging van die stelsel is die vorige dag bekend gestel.
- Nabyheid: Dit raak alle Namibiërs oor die land wat oud genoeg is om te kan stem.

Die Duitse koerant berig soos volg oor **die Zimbabwiese verkiesing**. *Allgemeine Zeitung* berig op 8 Julie 2013 oor die verkiesing. Die artikel dui daarop dat die verkiesing op 31 Julie sal voortgaan en dat die datum nie geskuif sal word, soos verwag is nie. Die artikel verskyn drie weke voor die verkiesing en kan verduidelik hoekom die storie klein is.

Hieronder volg ’n voorstelling van die artikel wat in *Allgemeine Zeitung* verskyn het.

**AKTUELL
MITTENDRIN
FÜR DICH**



Eine Meinung

Die neuseeländische Fisch-industrie teilt zum geplanten Phosphatabbau in Namibia die Meinung des hiesigen Sektors. **Seite 8**

Namibia siegt

Die Fußballer aus Namibia haben gegen Mauritius gewonnen und somit einen Traumstart beim COSAFA-Cup 2013 hingelegt. **Seite 4**



Otji Helan

Einen erfolgreichen Auftakt des 59. Karnevals feierte der Karnevalsverein Otjiwarongo am vergangenen Wochenende. **Seite 9**

Das Wetter

Windhoek 10°/24°
Swakopmund 11°/22°
Tsumeb 9°/22°
Weitere Werte und Vorhersage **Seite 2**

Drängler verursacht Unfall

• Pkw touchiert und in Picknickplatz gerast – Mehrere Verkehrstote am Wochenende

Hohe Geschwindigkeit, Missachtung des Sicherheitsabstandes und rücksichtsloses Fahren führten wahrscheinlich zu einem Unfall bei dem eine Frau ums Leben kam und der Fahrer verletzt wurde. Im Windhoek Stadtgebiet gab es am Wochenende mehrere Unfälle mit Todesfolge.

Von Dirk Heinrich
WINDHOEK

Der Fahrer des weißen Personewagens fuhr bei hoher Geschwindigkeit so dicht auf mich auf, dass ich nicht mal mehr sein Nummernschild sehen konnte. Plötzlich scherte er aus, war neben mir und muss dann die Kontrolle verloren haben. Er rammte mich hinten an der Seite und im nächsten Moment schleuderte ich von der Straße", sagte der Fahrer eines blauen VW Golf, der auf dem Weg von Swakopmund nach Windhoek war. Der Unfall ereignete sich am vergangenen Freitag gegen 11.30 Uhr 30 Kilometer nördlich der Windhoek Stadtmittelpunkt auf der B1 in der Nähe der Kreuzung nach Okavango und Namiib Poultry. Nachdem der vermutlich rücksichtslos fahrende Fahrer eines weißen Personewagens den blauen Golf an der rechten hinteren Seite berührt hatte, schleuderten beide Fahrzeuge nach rechts



Mit hoher Geschwindigkeit hatte der Personewagen seitlich rutschend den Picknickplatz getroffen und sich dabei überschlagen. Die 39-jährige Beifahrerin kam ums Leben, während der Fahrer und Unfallverursacher verletzt wurde. Rettungskräfte mussten die Insassen mit schwerem Gerät aus dem Wrack befreien. Glücklicherweise hielt sich zu dem Zeitpunkt niemand an dem beliebten Rastplatz auf.

FOTO: DIRK HEINRICH

Unverschuldet landete der Fahrer dieses Golfs auf dem Picknickplatz. Sein Fahrzeug krachte gegen einen Baum, blieb aber auf den Reifen und der Fahrer unverletzt.



über die Gegenfahrbahn. Der Golf traf einen trockenen Baumstamm auf einem Picknickplatz, riss diesen aus dem Boden und kam am Rand des Rastplatzes zum Stillstand ohne sich zu überschlagen. Der weiße Pkw sei den Polizisten zufolge quer über den Picknickplatz geschleudert, habe die betonierten Bänke und den Tisch seitwärts getroffen und habe sich anschließend überschlagen. Dabei kam die Beifahrerin ums Leben und der Fahrer wurde schwer verletzt. Rettungskräfte mussten schweres Gerät einsetzen, um die Insassen des weißen Pkw aus dem schwer beschädigten Wrack zu befreien. Der Fahrer des Golfs, der allein in dem Fahrzeug war, blieb unverletzt.

Es sei ein Wunder, dass kein Fahrzeug auf der Gegenfahrbahn getroffen worden sei und dass sich zu dem Zeitpunkt niemand auf dem Rastplatz befand, so einer der Polizisten. Nicht nur der Fahrer des Golfs sondern auch einige der Verkehrspolizisten an der Unfallstelle bemängelten, dass sich zahlreiche Autofahrer nicht an den vorgeschriebenen Sicherheitsabstand halten. Dieser Umstand würde zu zahlreichen Unfällen nicht nur auf den Fernstraßen sondern auch in den Städten führen.

Ebenfalls am Freitag kam ein Mann unbekannten Alters ums Leben, als sich das Fahrzeug auf dessen Ladefläche er sich befand, bei Out of Nature

Estate am Südrand der Windhoek Stadtgrenze auf der B1 gegen 9 Uhr überschlug. Der Polizei zufolge muss sich der Fahrer wegen Totschlags verantworten und wird der Fall weiter untersucht. In den frühen Morgenstunden am gestrigen Sonntag kam es zu einem Zusammenstoß an der Kreuzung Florence-Nightingale- und Hans-Dietrich-Genscher-Straße zwischen einem kleinen Bakkie und einem Fahrzeug welches Sicherheitsbeamte transportierte. Ein Sicherheitsbeamter starb und acht weitere wurden verletzt und ins Karutura-Krankenhaus gebracht. Allem Anschein nach hatte der Bakkiefahrer die rote Ampel missachtet.

Schnelle Lösung für Neckartal

Landwirtschaftsminister fordert keinen weiteren Zeitverlust bei Vergabe

Windhoek (dh) • Nachdem das Obergericht in der vergangenen Woche zum vierten Mal die Auftragsvergabe zum Bau des Neckartal-Staudammes an die Vergabekommission (Tender Board) zurückverwiesen hat, fordert der Minister vom zuständigen Ministerium (Landwirtschaft, Wasserbau und Forstwirtschaft), dass „nicht noch mehr Zeit verschwendet werde“. In einer Presseerklärung sprach Minister John Mutorwa die „Erwartung, die Hoffnung und den Wunsch aus, dass das Urteil und die Forderung des Obergerichts so gut wie möglich, prompt, fair und dringend von der Vergabe-

kommission ausgeführt wird, damit so schnell wie möglich mit dem nationalen Projekt im Rahmen der Planung und Etat begonnen werden kann". „Zu viel Zeit ist bereits verloren gegangen und ich habe zuvor bereits auf die Wichtigkeit des Neckartal-Damm-Projekts hingewiesen", betonte Mutorwa. Seit dem Jahre 2011 wurde bereits vier Mal die Auftragsvergabe vor Gericht angefochten und den Klägern recht gegeben. Die Vergabe des milliardenschweren Auftrags musste mehrere Male neu aufgearbeitet und entschieden werden. Im Mai dieses Jahres hatte das

Gemeinschaftsunternehmen Vinci-Oracom Joint Venture überraschend seine Klage gegen die angeblich defekte Auftragsvergabe zurückgezogen (AZ berichtete). Da erklärte das Konsortium CSC Neckartal Dam Joint Venture den Rechtsstreit gegen die Vergabekommission sowie den Minister für Landwirtschaft, Wasserbau und Forstwirtschaft und die Finanzministerin als Hauptangeklagte fortzusetzen. Wie die Vinci-Oracom hatte auch CSC an der umstrittenen Ausschreibung teilgenommen, bei der die italienische Firma Salini SpA am 14. März dieses Jahres den Zuschlag erhalten hatte.

Der Wahltermin bleibt

Simbabwer gehen in drei Wochen an die Urne

Windhoek/Harare (fia) • Nachdem der Oberste Gerichtshof von Simbabwe entschieden hat, dass der Termin für die Parlaments- und Präsidentschaftswahlen nicht verschoben wird, ist das Volk des Krisenstaates wie geplant am 31. Juli zum Urnengang aufgerufen. Das Urteil, das den Staatspräsidenten Robert Mugabe stützt, wurde am Donnerstagabend bekannt. In einer ersten Reaktion am Freitag sprach die Organisation Crises in Zimbabwe Coalition (Johannesburg) von einem „schwarzen Donnerstag". Dies könne zu einer Auseinandersetzung mit der Staatengemeinschaft

SADC führen, die dazu aufgerufen wird, die Entwicklungen genau zu beobachten und zu beachten, dass das Machtteilungsabkommen von 2009 bis zum Ende umgesetzt wird. Die Staats- und Regierungschefs der SADC hatten sich auf einem Sondergipfel Mitte Juni dafür ausgesprochen, die Vorbereitungen für die Wahlen in Simbabwe auszuweiten und somit den Premier und Oppositionsführer Morgan Tsvangirai unterstützt (AZ berichtete). Tsvangirai war einer von vier Antragstellern vor Gericht, die den Wahltermin verschieben lassen wollten, weil sie die Vorbereitungszeit als zu kurz ansahen.

Figur 5: Vorstellung van die Zimbabwiese verkiesingsartikel in *Allgemeine Zeitung*.

Die volgende nuuskriteria is teenwoordig:

- Impak: Die impak om 'n verkiesingsdatum te skuif, is groot, hoewel dit nie op Namibiërs van toepassing is nie. Weer eens is die afstandsdimensie psigososiaal en voel Afrikalande in hierdie opsig nader as lande wat nie op die vasteland is nie.

Om te illustreer watter rol nuuskriteria speel, word daar na die plaaslike politieke storie gekyk wat *Republikein* op 3 Julie 2013 publiseer. Die ander twee koerante het dit nie gedek nie. Dit handel oor twis in Swapo (Namibië se regerende party). 'n Voormalige parlamentslid is in die moeilikheid by die sekretaris van die jeugliga nadat uitlatings oor lede van die liga op Facebookgemaak is.

Die storie het verskyn 'n dag nadat die woordewisseling op sosiale media begin het (onmiddellikheid), talle prominente politici is by die insident betrek (prominensie), en die twis dui op konflik. Die feit dat die besware op sosiale media gelug is, voeg ook die nuuskriterium van vreemdheid/buitengewoonheid by die lys.

Die Afrikaanse dagblad berig op 31 Julie 2013 oor die Zimbabwiese verkiesing op die voorblad. Dit gaan oor die verkiesing wat daardie dag plaasvind en dat Zimbabwiërs die geleentheid het om vir 'n nuwe regerende party te kan stem tydens 'n demokratiese verkiesing. Hieronder volg 'n voorstelling van die berig.



Woensdag 31 Julie 2013

Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

D-dag vir Zimbabwe

Estelle de Bruyn

Zimbabweërs gaan vandag stemmas toe om vir 'n nuwe regering en president vir die land te stem.

Die regerende Zanu-PF se 89-jarige pres. Robert Mugabe, wil sy bewind van 33 jaar verleng. Die leier van die amptelike opposisie en eerste minister in 'n ongemaklike regering van nasionale eenheid, mnr. Morgan Tsvangirai, se dit is tyd vir verandering.

Mugabe se anti-Westerse drift is so vurig soos voor Zimbabwe se onafhanklikwording. Westerse lande beskou Mugabe daarenteen as 'n diktator.

Opposisiepartye in Zimbabwe se heersende onreëlmatighede met vandag se verkiesing maak dit ongeloofwaardig. Tog was die aanloop tot die verkiesing relatief vreedzaam en vry van geweld, anders as in 2008 toe 'n gewelddadige intimidasieveldtog deur Zanu-PF ondersteuners teen die Movement for Democracy and Change (MDC) gevoer is.

Namibië se adjunkminister van buitelandse sake, mnr. Peysa Mushilenga, lei 'n waarnemingsdelegasie na die verkiesing. Hy het telefonies uit Harare aan Republikein gesê alles is voorberei vir die verkiesing en mense is reg vir die stemmers.

"Tydens my besoek aan Zimbabwe was ek in vyf provinsies. Wat ek waarneem het, is dat die atmosfeer bevorderlik is vir die hou van 'n verkiesing. Ek het nêrens geweld teëgekom nie en gesien dat vreedsame veldtogte gevoer is. Ek het vergaderings van albei die groot partye bygewoon. Daar is groot openbare belangstelling in die verkiesing en heelwat buitelandse media is in Zimbabwe om oor die verkiesing verslag te doen," het Mushilenga gesê.

Bewoens die nasionale waarnemingsdelegasie, is ander Namibiërs ook afgevaardig om in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC), die Afrika-unie (AU) en SADC Parlementêre Forum se waarnemingsdelegasie te dien.

Volgens Mushilenga sal die Namibiëse afvaardiging in Zimbabwe bly tot na die uitslae bekendgemaak is. Die uitslae word binne vyf dae na die verkiesing verwag.

Die sekretaris-generaal van die Congress of Democrats (CoD), mnr. Tsvadzo Gurirah, het in 'n verklaring gesê die Zimbabweanse krisis duur reeds 13 jaar sedert die Mugabe-bewind 'n referendum oor 'n nuwe grondwet verloor het.

NA. BL. 2



TEEPARTYTJIE VIR KLEIN PRINSIE

Die Britse hoofkommissaris in Namibië, me. Marianne Young, het gister 'n teepartytjie by haar woning ter viering van die hertog en hertogin van Cambridge, William en Catherine, se eersgeborene se geboorte gehou. Die teepartytjie is ook gehou om die Britse gemeenskap in Namibië bymekaar te bring en hul netwerk vir kommunikasie te hervestig.

» Kabinet verander bemarkingskema na 1:1

Hulp vir skaapboere

Skaapboere in Namibië kan danksy 'n tydelike ingryping deur die kabinet van 15 Augustus net soveel skape op die hoof uitvoer as wat hulle plaaslik bemark.

Roselle Rademeyer

Die kabinet het gister as 'n tydelike droogtehulpmaatregel vir skaapboere die bestaande 4:1-uitvoerreguleering na 1:1 verander wat beteken net soveel skape as wat binelands geslag word, mag lewend na Suid-Afrika gaan.

Die uitvoerbeperkings vir beeste op die hoof is ook onlangs deur die kabinet verander.

Daarmee saam sal skaapboere bewoens die reeds goedgekeurde aansporingsbetaling van N\$70 per kop vir skape wat plaaslike geslag word, nog 'n bykomende N\$30 ontvang. Boere wat veevoerterskepe na die plaaslike abattoirs stuur, sal buiten dié N\$100 met 'n verdere N\$20 vergoed word.

Mnr. Calle Schlettwein, minister van handel en nywerheid, het by 'n media-konferensie aan belanghebbendes en joernaliste gesê die maatreëls sal op 15 Augustus in werking tree en tot 15 November van krag wees.

Volgens hom is die aansporingsbetaling verhoog om veral kommunale boere wat meestal met veevoerterskepe

pe boer, tegemoet te kom. Abattoirs mag ook nie heffings instel op veevoerterskepe en dié boere benadeel nie.

Schlettwein het egter benadruk dat hierdie tydelike maatreëls in werking gestel gaan word om verligting te bring terwyl die droogte voortduur.

Voorstelle vir 'n langtermyn oplossing vir die streng 6:1-uitvoerskema wat reeds jare lank groot wrywing in die kleinveebedryf veroorsaak, dien tans voor 'n tegniese komitee wat twee maande tyd gegee is om 'n plan gereed te kry.

Calle Schlettwein

MINISTER VAN HANDEL EN NYWERHEID

"Die sleutelwoord vir die langtermyn is industrialisasie en verhoogde produktiwiteit."

Hy het vroeër aan Republikein gesê dit was tydens die groot vergadering twee weke gelede in Windhoek waar al die rolspelers byeen was, duidelik dat groot verskeidenheid in die kleinveebedryf heers.

Schlettwein het gesê hoewel die bedryf saamstem dat gewis infrastruktuur en markte bestaan, die vertrekpunt een was van "die wenner kry alles" pleks van 'n langtermyn "wen-

wen-oplossing" te vind waarby almal sal baat. Hy het gesê alle aspekte van die kleinveebedryf moet optimaliseer word. "Die sleutelwoord vir die langtermyn is industrialisasie en verhoogde produktiwiteit."

Intussen het die minister ook gister bekend gemaak dat die 15% uitvoerheffing op nat en gesoute velle vanaf 'n datum wat binnekort in die Staatskoerant aangekondig sal word, opgehef sal word.

Die Vleisraad mag egter eers 'n uitvoerpermit uitreik indien plaaslike leerlooierye nie belangstel om velle wat vir hulle aangebied word, verder te verwerk nie.

Terselfdertyd moet die nat en gesoute velle (uitgesluit swakvarkvleis) die land in gestelde vraghouers verlaat wat deur die Vleisraad in samewerking met die ministeries van landbou, water en bosbou en finansies (doel) vir kontrole doeleindes nagegaan is.

Mnr. Sakkie Coetzee, uitvoerende bestuurder van die Namibië Landbou-unie (NLU), het die regering namens produsente vir die tussen-tydse verligting bedank en die verskeuring gegee van boere se samewerking vir 'n langtermyn oplossing.

Mnr. John Mutorwa, minister van landbou, water en bosbou, het op sy beurt versoek dat dieselfde gees van "gee en neem" na alle vlakke van die tegniese besluitnemingproses sal deursnyf wanneer oor die pad vooruit vir die bedryf besluit word.

IN VANDAG SE KOERANT

AFRIKA
NUUS

KANSE VIR VRYE
VERKIESINGS IN
ZIMBABWE SKRAAL

7

GEBRUIK

Amateur
FOTOGRAAF

DIRK HEINRICH
OOR FOTO'S VAN
NATUURLEWE

10

SPORT

BOYS

JAPANNER HET LENGTE-
VOORDEEL

BO AMBUNDA

36



Nuus > 2-7 | Praat saam > 8 | Die Mark > 13 | Motors > 20 | Kleinadvertensies > 23 | Sport > 33

BESOEK ONS AANLYN BY > WWW.REPUBLIKEIN.COM.NA


Figuur 5: Voorstelling van die Zimbabwese verkiesingsartikel in Republikein.

Dit bevat die volgende nuuskriteria:


- Impak: In terme van die politieke onstuimighede in Zimbabwe, het 'n verkiesing 'n groot impak. Die intensiteitsdimensie fokus op die status quo wat die toekoms kan verander, veral wanneer 'n nuwe regerende party aan bewind sal wees.
- Onmiddellikheid: Die artikel word gepubliseer op die dag wat die verkiesing in Zimbabwe plaasvind.
- Prominensie: Talle Namibiese politici het die verkiesing gaan bywoon.

Die grafika wat volg, toon hoe die ander elemente van agendastelling neerslag vind in dekking oor politieke sake. Dit sluit opvolge, genres, plasing en ruimte in.

4.2.1.1.3 Opvolge en genres



Figuur 6: Aantal opvolge oor politieke stories



Figuur 7: Verskeie genres aan politieke nuus afgestaan

Volgens Nakatana (persoonlike onderhoud, 21 Aug. 2017) is dit belangrik om lesers op hoogte te hou van sake, veral as 'n gebeurtenis oor 'n tydperk strek en van nasionale belang is, soos byvoorbeeld 'n verkiesing. Om daardie rede is opvolgberiggewing vir *Namibian Sun* van groot belang.


Wat daarby aansluit, is die tipe genres waarin geskryf word. *Namibian Sun* skryf amper net soveel kommentaar oor politieke sake as nuusberigte. “Politiek is 'n belangrike onderwerp in ons koerant. Ons heg waarde daaraan deur ook hoofartikels oor die onderwerp te skryf,” sê Nakatana (persoonlike onderhoud, 27 Augustus 2017) (sien **2.3.1.1.6**).

Hoewel *Allgemeine Zeitung* politiek ook hoog op die agenda plaas, word baie minder opvolge oor die onderwerp geskryf. Terwyl 'n artikel oor die Zimbabwiese verkiesing weke vooraf op die voorblad gepubliseer is, is daarna glad nie weer van die verkiesing in die algemeen melding gemaak nie. 'n Mens sou 'n opvolg verwag oor 'n berig wat belangrik genoeg was om op die voorblad te verskyn (sien voorbeeld hieronder oor die Zimbabwiese verkiesing). Fischer (2017) sê die dagblad moet aan opvolge werk, omdat dit afgeskeep word. Spasie is volgens hom 'n groot probleem. “Afhangende van die nuus van die dag, kan 'n opvolg oor 'n internasionale gebeurtenis uitval, omdat ander, meer plaaslike nuus, belangriker geag word,” sê hy (Persoonlike onderhoud. 29 Sept. 2017).


Republikein skryf min artikels oor die onderwerp en volg nog minder stories op. Die feit dat die frekwensie laag is, versterk die bevinding dat die onderwerp nie so hoog op die agenda is nie.

Hierna sal die ander agendastellingskriteria van politieke nuusitems bespreek word.


4.2.1.1.4 *Plasing, kwadrante, ruimte en meganismes*



Figuur 8: Bladsy waarop politieke nuus verskyn



Figuur 9: Kwadrante waarin politieke nuus verskyn



Figuur 10: Kolomsentimeter aan politieke nuus afgestaan

Tabel 10: Meganismes wat bydra tot ruimte in politieke nuusberigte

Visuele elemente	Republikein	AZ	NS
Grootste kop op die bladsy	5	6	8
Subkop	5	13	2
Foto's en onderskrifte	3	10	17
Grepe en prikke	1	0	1
Statistiek	0	0	1

Die teorie word gebruik om te argumenteer dat dat hoe belangriker die onderwerp, hoe meer ruimte daaraan afgestaan sal word (sen 2.3.1.1.3). Belangrike berigte sal ook prominente spasie ten opsigte van plasing geniet. Talle visuele meganismes is in politieke nuusberigte betrokke en het 'n invloed op die ruimte wat aan die betrokke onderwerp afgestaan is.

Bogenoemde artikels word voorgehou ter verduideliking. Die berig van *Namibian Sun* is op die **voorblad** (plasing) **links onder**(kwadrante) gepubliseer oor **280 kolom/cm**(ruimte). Daar is 'n addisionele **8 kolom/cm**aan die oorloop na **bladsy 2**toegestaan. Die berig het die grootste kop op die bladsy en het ook 'n opsomming. Daar is ook 'n foto en 'n onderskrif by die berig.

Allgemeine Zeitung publiseer 'n foto van die toestel op die **voorblad** (plasing), **links bo**(kwadrante) oor **32 kolom/cm**. Die **artikel** op **bladsy 2**word **regs onder** gepubliseer oor **56 kolom/cm** (ruimte). Die berig het die grootste kop op die bladsy, sowel as 'n subkop en opsomming.

Die *Republikein*-artikel word ook op die **voorblad**(plasing) **regs bo**(kwadrant) gepubliseer. Daar word **16 kolom/cm**(ruimte) aan die artikel afgestaan. Die berig het die grootste kop op die bladsy en het ook 'n subkop en opsomming.

Só het die drie koerante oor die Zimbabwiese verkiesing berig:

Namibian Sun publiseer op die **voorblad** (plasing), **links onder**(kwadrant) 'n groot foto oor die verkiesingsveldtog. Dit beslaan oor **140 kolom/cm** (ruimte). Die foto-onderskrif het nie die grootste kop op die bladsy nie en bevat geen meganismes nie.

Allgemeine Zeitung publiseer op die **voorblad** (plasing), **regs onder** (kwadrant) 'n berig wat oor **8 kolom/cm** (ruimte) strek. Die berig het nie die grootste kop op die bladsy nie, maar het wel 'n subkop.

Republikein publiseer ook die berig op die **voorblad** (plasing), **links bo** (kwadrant). Dit beslaan **28 kolom/cm** (ruimte). Die berig het nie die grootste kop op die bladsy nie en daar is geen ander meganismes in hierdie berig geïdentifiseer nie.

Opsomming:

Na afloop van die bespreking van agendastellingselemente binne politiek as onderwerp, kan afgelei word dat *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* politiek hoog op die agenda plaas. Dit word in albei koerante gesien in die aantal berigte wat geskryf word, die aantal voorbladstories, prominente spasie op 'n blad, sowel as die hoeveelheid ruimte wat aan die onderwerp afgestaan is, die hoeveelheid opvolge en die gebruik van visuele meganismes.

Volgens Nakatana strook dit met die Engelse dagblad se ideologie. "Sekere stories het 'n politieke stem, maar dit gaan meer oor die impak wat dit op die mense het en nie die agenda van een persoon of politikus wat afgedwing word op die lesers nie," sê hy. Nakatana (persoonlike onderhoud, 27 Aug. 2017) sê ook hulle moet nie fokus verloor van wie die lesers is nie. "Ons moet vir hulle nuus aanbied wat hulle baie graag wil lees," sê hy.

Fischer het tydens die onderhoud gesê politiek is die allerhoogste onderwerp, omdat alle beleide op regeringsvlak berus en dat dit prioriteit moet geniet. Volgens hom kan een gebeurtenis in verskillende onderwerpe geplaas word. "Stroping byvoorbeeld is 'n omgewingskwessie, maar dit is ook 'n misdadkwessie en met genoeg fokus binne die media sal dit oor tyd 'n politieke kwessie word wat in die parlement bespreek sal word, wat dit dan 'n politieke storie sal maak," sê hy (Fischer, S. 2017, (persoonlike onderhoud, 29 September).

Daarteenoor fokus *Republikein* in 'n mindere mate op die onderwerp. Terwyl sommige artikels wel voorbladspasie geniet, word afgelei *Republikein* stel nie in die breë 'n politieke agenda daar nie en word baie minder oor die onderwerp geskryf. Volgens Booysen (persoonlike onderhoud, 1 September 2017) het lesers 'n groot kans om nuus te beïnvloed, wat gevind word in verskeie kommunikasiemediums soos die brieweblad en sosiale media. “Maar die leser het nie die voorskrywende gesag nie,” voeg hy by. “Dit berus steeds by die nuusredakteur wat voorkeur gaan geniet, op grond van wat daardie dag geproduseer is,” meen hy.

Uit die inhoudsanalise is die volgende verskille en ooreenkomste afgelei: Die Duitse en Engelse koerante fokus op groter politieke kwessies wat meer impak het, as gevolg van die aantal mense wat daardeur beïnvloed is. Dit kan verduidelik hoekom die fokus van politieke nuus in hierdie twee dagblaaie nasionaal van aard is.

Daarteenoor word afgelei *Republikein* fokus meer op plaaslike gebeure in die hoofstad. Die aantal kere wat oor die onderwerp berig is, sowel as die aantal opvolge, plasing en ruimte wat aan politieke sake toegestaan is, dui daarop dat dit nie hoog op die agenda geplaas word nie.

Dit kan gesien word in die berigte wat as voorbeelde voorgehou is. Al drie die artikels waaroor net 'n betrokke koerant geskryf het, was “eie-inisiatief stories” en het nie aan die lig gekom na afloop van 'n mediakonferensie nie. Die berigte van *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* het 'n impak op honderdduisende mense. *Republikein* se artikel het net 'n impak op die lede van die Swapo-party en hoewel vreemdheid betrokke is, het dit nie veel impak op die inwoners van die land nie.

In vergelyking met die ander twee koerante fokus *Republikein* nie op dieselfde tipe berigte nie. Ten spyte daarvan kan afgelei word die drie koerante, ongeag die inhoud, wel dieselfde nuuskriteria as belangrik beskou, hoewel nie altyd in dieselfde mate nie. Hoewel prominensie die meeste in *Namibian Sun* se beriggewing geïdentifiseer is, kan dit toegeskryf word aan die feit dat politici soos die president baie betrokke sal wees.

Impak, onmiddellikheid en konflik speel in al drie die koerante 'n groot rol wanneer dit kom by die bepaling van nuuswaarde.

Ten slotte kan afgelei word *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* plaas politiek hoog op die koerante se agenda omdat dit met hul ideologieë strook (sien 1.2). Die onderwerp word nie hoog op *Republikein* se agenda geplaas nie.

Hierna volg die ramingselemente wat gebruik word om vas te stel hoe politieke nuus in die drie dagblaaie geraam word.

4.2.1.1.5 Raming

Wanneer 'n mens kyk na die nuushoek waaruit berigte geskryf word, kry jy 'n goeie idee van hoe die nuus geraam word (sien 2.3.2.1.2).

Tabel 11: Verskeie nuushoeke in politieke berigte gevind

Nuushoek	Republikein	AZ	NS
Konflik	3	4	7
Ekonomies	3	2	3
Moraliteit	0	0	2
Verantwoordelikheid	1	4	6
Mensestories	1	1	4
Politiek	5	25	12

Die volgende meganismes van Tankard (2001) word gebruik om vas te stel uit watter hoek artikels geskryf word:

- Inleidingsparagraaf
- Kop

Die woorde wat in die inleidingsparagraaf gebruik word, kan 'n aanduiding gee wat die nuushoek is. Die volgende woorde is in die artikels gevind wat 'n politieke nuushoek aandui: “**verkiesing**”, “**politieke partye**”, “**revolusie**”, “**kommuniste**”, “**regime**”, “**demokrasie**” en “**presidentskap**”.

Republikein maak in Julie 2013 meer gebruik van woorde soos “**politieke partye**”, “**demokrasie**” en “**verkiesings**”.

In die berig oor die twis in Swapo word die volgende woorde gebruik: “**party**” en “**jeugliga**”. In die berig oor die Zimbabwiese verkiesing verskyn die woorde

“**stembus**”, “**regering**” en “**president**”. Die kop, “D-dag vir Zimbabwe”, word deur *Republikein* gepubliseer. Dit dui daarop dat ’n groot geleentheid in Zimbabwe plaasvind. Dit is nie die leistorie op die bladsy nie. Die inleidingsparagraaf, “Zimbabwiërs gaan vandag stembus toe om vir ’n nuwe regering en president vir die land te stem,” dui op ’n verantwoordelikhedsraam, omdat dit ’n groep mense (inwoners van die land) in ’n posisie plaas om ’n probleem op te los deur vir ’n ander regerende party te stem (sien 2.3.2.1.1).

Namibian Sun maak meer gebruik van woorde soos “**verkiesings**”, “**kommuniste**” en “**regime**” (eie vertaling). In die artikel oor die geld wat aan die regering terugbesorg is, word die volgende woorde gebruik: “**kwessies**”, “**regeringsinstansies**” en “**tesourie**”. In die foto-onderskrif oor die Zimbabwiese verkiesing word die volgende woorde geïdentifiseer: “**president**”, “**verkiesing**” en “**veldtog**”. *Namibian Sun* se kop lees, “Focus on Zim” en word gepubliseer voor die verkiesing plaasvind. Die onderskrif “Ondersteuners van Zimbabwiese President Robert Mugabe se Zanu-PF party word in ’n sonbril se lense gereflekteer tydens ’n verkiesingsveldtog in Zimbabwe. Die land se presidensiële en parlementêre **verkiesings** sal op 31 Julie plaasvind en polisiehoofde het glo vir kiesers gesê om vir Zanu-PF te stem,” dui op ’n politieke nuushoek.

Allgemeine Zeitung gebruik woorde soos “**verkiesing**”, “**presidentskap**” en “**demokrasie**” (eie vertaling) wanneer ’n politieke nuushoek aangedui word. In die artikel oor die verkiesingstelsel word woorde soos “**verkiesing**” en “**N\$24 miljoen**” gebruik. In die artikel oor die Zimbabwiese verkiesing word “**Zimbabwiese president**”, “**verkiesing**” en “**geen uitstel**” gebruik. Die kop van die Zimbabwe-berig lees “Der Wahltermin bleibt”, (Verkiesingsdatum bly – eie vertaling) in vet kleinletters onderaan die bladsy. Die subkop lees dat Zimbabwiërs oor drie weke na die stembus gaan. Die inleiding dui daarop dat die Hooggeregshof van Zimbabwe besluit het dat die datum vir die **verkiesing** nie uitgestel sal word nie en inwoners sal soos beplan op 31 Julie gaan stem. Dit dui op ’n politieke nuushoek (sien 2.3.2.1.1).

Opsomming:

Hoewel die drie koerante net een keer oor dieselfde gebeurtenis berig, kan gesien word dat elke koerant ook die inligting anders aanbied vir hul lesers. Die drie artikels

het ook nie op dieselfde dag of week verskyn nie. Van die artikels is weke uit mekaar gepubliseer.

Nakatana sê dit is belangrik om nuwe nuushoeke op gebeurtenisse te vind. “Dit blaas nuwe lewe in ’n berig, veral wanneer die gebeurtenis van groot belang is en dit opvolge kan verseker,” sê hy (Nakatana, F. 2017. Redakteur: *Namibian Sun*, persoonlike onderhoud, 27 Aug. Windhoek).

Vir Fischer is die nuushoek van berigte ook belangrik. “Veral in die geval waar ander media reeds oor ’n gebeurtenis berig het, kan jy probeer om ander inligting aan lesers voor te hou,” sê hy (Persoonlike onderhoud. 29 Sept. 2017).


Ten slotte kan afgelei word die raming van nuus daartoe bydra om aandag na sekere berigte te trek deur die gebruik van woorde. Raming stel die koerante ook in staat om nuwe nuushoeke te ontdek om sodoende meer oor ’n betrokke gebeurtenis te skryf indien dit van belang is.

Politiek is hierbo aan die hand van die inhoudsanalise en die onderhoude in diepte bespreek. Volgende sal die inhoudsanalise en onderhoude van hof en misdaad saam bespreek word, omdat hierdie onderwerpe hand aan hand loop.


4.2.1.2 Hof en misdaad

Deur hierdie twee onderwerpe saam te bespreek, kan inligting aandui tot watter mate artikels opgevolg word. Hieronder volg ’n voorstelling van hoeveel nuuskriteria binne hof- en misdaadstories geïdentifiseer is.

4.2.1.2.1 Nuuskriteria geïdentifiseer



Figuur 11: Nuuskriteria teenwoordig in hofberigte



Figuur 12: Nuuskriteria teenwoordig in misdaadberigte

Republikein, Allgemeine Zeitung en Namibian Sun berig oor misdade en hofsake wat landswyd voorgekom het. Dit sluit ernstige misdade soos moord en verkragting in, sowel as minder ernstige oortredings soos huisbraak. Terwyl aandag aan minder ernstige misdade gegee is, het die hofberiggewing op groter oortredings gefokus.

Uit *Republikein* se 28 hofberigte fokus 21 daarvan op hofsake in Windhoek. Dit sluit in moord-, verkragting- en bedrogsake, asook minder ernstige sake soos onderhoudsake en die onregmatige afdanking van werknemers. Berig is oor vier verskillende verkragsake in Julie 2013 gelewer en oor twee verskillende moordsake. Die ander sewe nuusitems fokus op sake buite die hoofstad. Dié sake fokus op groter oortredings soos rassehaat en verkragting. Uit die sewe nuusitems is daar ses verskillende hofsake.

Republikein skryf 12 nuusitems oor misdade wat buite Windhoek plaasvind en 11 oor misdade in die hoofstad. Die misdaadsake waarvoor buite die hoofstad berig word, is grotendeels groter oortredings soos moord, onwettige jagtogte, stroping en verkragting. In die hoofstad is die fokus van misdade moord, dwelmsmuse en aanranding. Soos teoreties (sien 2.3.1) uiteengesit is, is 'n onderwerp meer nuuswaardig indien dit meer nuuskriteria bevat. Talle nuuskriteria is binne die twee onderwerpe geïdentifiseer. Daar kan afgelei word deur die nuuskriteria wat in die berigte geïdentifiseer is, dat hofberiggewing hoog op die Afrikaanse dagblad se agenda is, gevolg deur misdaad.

Die tipe misdade en hofsake waarvoor berig word, bevat ernstiger oortredings en verduidelik hoekom konflik 'n groter rol speel as impak. "Lesers kan bloot 'n sekere gebeurtenis interessant vind, wat die impak opstoot, maar die rede agter die konflik kan in hierdie geval 'n groter rol speel," sê Booysen (persoonlike onderhoud, 1 Sept. 2017).

Hof- en misdaadsake wat voorbladspasie geniet het, het ook die meeste nuuskriteria bevat, waarvan impak, konflik en emosionele impak baie belangrike faktore was.

Veral misdade en hofsake oor moord en verkragting het die gemeenskap geraak, ook op emosionele vlak. Daar word afgelei konflik het op een of ander wyse ontstaan vir die misdaad om plaas te vind.

Hoewel daar tydens die inhoudsanalise gevind is prominente mense is wel betrokke by sekere hofsake en misdade, het ander nuuskriteria meer gewig gedra. Dit word deur Booysen beaam, wat gesê het impak is 'n baie belangrike faktor. "Daar word gekyk na hoeveel opspraak hierdie betrokke misdaad en/of hofsake in die

gemeenskap maak en hoeveel mense dit raak,” sê hy (persoonlike onderhoud, 1 September 2017).

Volgens Booysen hang dit ook af in watter stadium van die verhoor die saak is. 'n Hofsaak veral geniet die meeste aandag wanneer dit die eerste keer in die hof verskyn en daarna wanneer argumente gelewer word en wanneer 'n uitspraak gemaak word. “Ras is nie 'n oorwegende faktor wanneer 'n misdad of hofstorie voorkeur geniet nie, dit gaan oor die belang van die lesers en die aard van die gebeurtenis,” sê hy (Booyesen, D, persoonlike onderhoud, 1 Sept. 2017).

Allgemeine Zeitung skryf minder oor hofsake as oor politiek, maar meer as die Afrikaanse dagblad. Die Duitse koerant skryf die meeste hofartikels uit al drie die koerante met 32 artikels in Julie 2013. Oor 'n totaal van 22 hofsake word vanuit Windhoek berig en die ander 10 fokus op ander dorpe. Die hofsake in die hoofstad fokus grotendeels op moord, verkragting en bedrog, terwyl die sake buite Windhoek ook oor ernstige misdade soos moord en verkragting gaan. Uit al die artikels wat geskryf is, fokus net vyf artikels op wit mense, waarvan nie een Duitssprekend is nie. Uit die vyf artikels is vier verskillende sake buite Windhoek gebaseer.

Allgemeine Zeitung skryf amper net so dikwels oor misdade in Windhoek as buite Windhoek, met 14 voorvalle wat in die hoofstad plaasvind en 13 buite die hoofstad. Die sake in Windhoek sluit verkragting, kubermisdad, hondediefstal, huisbraak en bedrog in. Buite Windhoek fokus sake op 'n skietery, roof, stroping en aanranding.

Verskeie nuuskriteria is in *Allgemeine Zeitung* in hofberiggewing en misdadstories geïdentifiseer, maar in 'n mindere mate as die ander twee koerante. Ten opsigte van die teorie kan afgelei word hofstories en misdad is vir die koerant belangrik, maar nie so hoog op die Duitse koerant se agenda soos politiek nie.

Oor die tipe berigte waaroor hulle berig lewer, sê Fischer die dagblad skryf oor Namibiese kwessies. “Ons skryf nie Duitse stories oor Duitssprekende mense nie. Ons bied nasionale nuus aan soos enige ander dagblad, net in 'n ander taal,” sê hy.

Volgens hom kan die aantal berigte toegeskryf word aan die werk van goeie joernaliste. “Wanneer jy 'n goeie joernalis het wat sy onderwerp ken en gespesialiseerd is binne die veld, kan jy goeie en deeglike werk verwag wat sterk is,” sê hy (Fischer S, persoonlike onderhoud, 29 Sept. 2017).

Hy is ook van mening dat volgens die demografie, Duitssprekendes in die minderheid is en net 1% van die bevolking uitmaak. “Per capita sal daar minder oor Duitse mense geskryf kan word,” sê hy (persoonlike onderhoud, 29 Sept. 2017).

Binne hof as onderwerp word die volgende berig as voorbeeld gebruik. *Republikein* en *Allgemeine Zeitung* berig op 29 Julie 2013 oor Ryno van Zyl se appèlsaak wat misluk het. Hy is van moord aangekla nadat hy sy ma teen sy pa beskerm het en hom in die rug geskiet het. Sy pa het die huisgesin vir jare aangerand en mishandel.

Die artikel het die volgende nuuskriteria teenwoordig wat in beide artikels voorkom:

- Impak: Die impak was groot toe sy appèlsaak misluk, omdat talle aangevoer het dat hy uit selfverdediging opgetree het om sy ma te beskerm. Die uitspraak het 'n groot impak gehad omdat lesers geïnteresseerd was in die saak.
- Onmiddellikheid: Die artikels is die dag ná die hofsaak gepubliseer en nog relevant.
- Konflik: Daar het konflik ontstaan omdat sy familie van mening was dat geregtigheid nie geskied het nie. Die emosionele impak was daarom ook groot.

'n Misdaadberig wat deur *Republikein* én *Allgemeine Zeitung* geplaas is, gaan oor 'n skietvoorval op Hentiesbaai. Die presidentswag het 'n troeteldier op die strand doodgeskiet nadat die hond in hul rigting geloop het. Die wag het bedreig gevoel en geskiet. Hoewel die honde nie aan 'n leiband was nie, is die honde geken op die klein kusedorpie en weet almal dat die honde vriendelik is en glad nie aggressief nie.

Republikein plaas die berig op 22 Julie 2013, terwyl die Duitse koerant die berig op 23 Julie 2013 publiseer. In beide die artikels is die volgende nuuskriteria betrokke:

- Die impak binne die klein kusedgemeenskap is groot omdat insidente soos die nie 'n alledaagse gebeurtenis is nie. Benewens die feit dat die afstandsdimensie geografies naby is (beide die koerante het 'n kuskantoor sowat 70 km vanwaar die skietery plaasgevind het), speel die psigososiale

afstandsdimensie ook 'n rol. Die intensiteitsdimensie is die ongewoondheid van die gebeurtenis. Dit is onverwags en uniek.

- *Republikein* berig twee dae ná die insident en die Duitse koerant drie dae ná die insident oor die voorval en dit is nog relevant.
- Omdat dit die president se lyfwag was, is daar prominensie.
- Die insident is naby en die gebeurtenis vind op 'n rustige kusdorpie plaas.
- Daar is konflik en vreemdheid in die berig, omdat 'n lyfwag se eerste reaksie was om te skiet.
- Emosionele impak: Die eienaar van die honde was gevolglik baie ontsteld en het 'n onderhoud met *Republikein* gevoer.

Namibian Sun skryf minder artikels oor hof in vergelyking met die hoeveelheid politieke artikels, en net soveel hofstories as *Republikein*. Uit die hofberigte fokus 20 berigte op sake wat in Windhoek plaasvind en agt op sake buite Windhoek. Soos *Republikein* fokus hofsake uit ander dele van die land op groter oortredings. Van al die berigte in Windhoek handel drie sake oor wit mense wat beskuldigdes is en gaan die sake oor rassehaat en dronkbestuur.

Uit die 26 misdaadnuusitems waaroor *Namibian Sun* berig, is 16 daarvan uit Windhoek en 10 uit ander dele van die land. Die misdade op ander dorpe in die land fokus grotendeels op aanranding, verkragting en moord. Die misdade waaroor in Windhoek berig word, sluit moord, verkragting, motorongelukke en diefstal in.


Verskeie nuuskriteria word in die betrokke onderwerpe in *Namibian Sun* geïdentifiseer. Hoewel die Engelse dagblad baie nuuskriteria in hofberiggewing en misdaadnuus insluit, is meer kriteria steeds in politieke artikels betrokke. Daar kan afgelei word dat hof en misdaad op die agenda geplaas word, maar nie heelbo nie.

Volgens Nakatana kry hof en misdaad ook baie aandag in die koerant, “omdat ons geïntegreerd met die uitdagings in ons land is,” verduidelik hy. “Bedrog het byvoorbeeld 'n effek op die hele ekonomie. Armer gemeenskappe voel dit die ergste,” sê hy (Persoonlike onderhoud. 27 Aug. 2017).


Namibian Sun berig op 10 Julie 2013 oor 'n skuldigbevinding nadat 'n ma haar pasgebore baba lewend begrawe het. Die vrou is skuldig bevind aan moord. Sy het aangevoer sy het die kind begrawe omdat hy “lelik” was. Die artikel bevat meeste van die nuuskriteria:

- Impak: Die weggooi van babas is 'n groot probleem in die land en die impak oor die voorval is daarom groot. Die gebeurtenis dui op 'n ongewone intensiteitsdimensie wat lesers se aandag gryp.
- Onmiddellik: Die artikel volg 'n dag ná die skuldigbevinding.
- Prominensie: Hoewel die vrou ten tyde van haar eerste hofverskyning nie 'n prominente persoon was nie, is sy beslis geken vir haar oortreding teen die tyd wat die hofsaak tot 'n einde gekom het.
- Vreemdheid: Daar is 'n mate van vreemdheid daaraan dat 'n ma haar baba begrawe.
- Emosionele impak: Omdat die insident nie enig in sy soort is nie, is die emosionele impak op die gemeenskap groot.


4.2.1.2.2 Opvolge en genres




Figuur 13: Opvolge oor hofstories



Figuur 14: Verskeie genres wat gebruik word in hofverslaggewing



Figuur 15: Aantal opvolge oor misdaadstories



Figuur 16: Verskeie genres wat gebruik word in misdaadnuus

Republikein skryf 'n paar hof-opvolge, waarvan twee opvolge fokus op sake wat buite Windhoek plaasgevind het. Vier opvolgartikels fokus op hofsake wat in die hoofstad plaasgevind het. Hoewel opvolgartikels aandui die onderwerp geniet groter prominensie in die koerant, kan afgelei word opvolge in hofsake is noodsaaklik,

omdat hofsake langer (tot jare) neem om afgehandel te word. *Republikein* plaas ook twee opvolge oor misdaadstories. Twee addisionele stories word opgevolg van misdaad tot in die hof. Een voorbeeld is twee broers wat onwettig op 'n boer se plaas gejag het. Die berig is op 5 Julie 2013 gepubliseer. Die opvolg in die hof is op 24 Julie gepubliseer. Dit was die tweede hofverskyning sedert hul inhegtenisneming op 4 Julie. Die redakteur noem weer dat die stadium van 'n hofsaak 'n groot rol speel, omdat hofsake jare vat om te finaliseer (Booyesen, D, persoonlike onderhoud, 1 Sept. 2017).

Allgemeine Zeitung publiseer ook twee opvolge oor hofsake buite die hoofstad. Uit die drie koerante skryf *Allgemeine Zeitung* ses opvolge oor misdaadstories. Dit is die meeste opvolge wat oor die onderwerp geskryf word. Die Duitse koerant volg geen stories op van misdaad tot in die hof in Julie 2013 nie. Volgens Fischer (2017) sukkel hulle met opvolge weens kapasiteit- en spasiekwessies. “Dit hang ook natuurlik af watter nuwe, groter sake dalk van groter belang was,” sê hy. Hy noem ook dat wanneer 'n misdaad- of hofberig wel opgevolg word, dit van nasionale belang sal wees (Persoonlike onderhoud. 29 Sept. 2017).

Namibian Sun skryf twee hofopvolge en twee misdaadopvolge. Een voorval is as 'n misdaadberig aangebied: 'n Taxibestuurder het 'n motorongeluk veroorsaak. Die passasier in die ander motor was die presidentsvrou. Die eerste berig is op 30 Julie 2013 gepubliseer, ná die ongeluk die vorige dag plaasgevind het. Die storie is een keer opgevolg (as 'n hofstorie) toe borgtog aan die bestuurder van die taxi toegestaan is. Die berig is op 31 Julie 2013 gepubliseer, nadat hy op 30 Julie in die hof verskyn het.

Opvolge, volgens die teorie, dui daarop dat meer spasie aan 'n betrokke onderwerp gegee word. Ek lei af *Republikein*, hoewel in 'n mindere mate in vergelyking met *Allgemeine Zeitung*, hof steeds boaan die agenda plaas met die talle opvolge wat geskryf is.

Daar kan afgelei word *Allgemeine Zeitung* plaas ten opsigte van opvolge hof en misdaad hoër op die agenda as die ander twee koerante. Dit strook met die teorie dat hoe hoër die frekwensie, hoe hoër op die agenda is dit. Uit die teorie kan verder afgelei word Afrikaanse en Engelse dagblaaie plaas misdaad laer op die agenda as ander onderwerpe.


Wanneer daar gekyk word na genres word hof- en misdaadberigte in al drie koerante meestal as nuusberigte aangebied met 'n paar hoofartikels. Net een spotprent oor 'n hofsaak word in *Republikein* gepubliseer. Nie een van die koerante plaas spotprente oor misdaad nie. Meestal nuusberigte word oor die onderwerp geskryf.

Hoewel kommentaar ook as belangrike genre geag word om addisionele prominensie aan 'n onderwerp te verleen, word hoofartikels in 'n mindere mate deur die koerante oor hierdie onderwerp aangebied.


Nuusberigte staan sterker teenoor ander genres soos rubrieke. Daar kan afgelei word dat *Republikein*, hoewel daar min hoofartikels en net een spotprent oor die onderwerp is, hof steeds hoog op die agenda plaas. Deur ander genres in te sluit, verhoog die nuuswaardigheid van 'n onderwerp en strook dit met die teorie (sien **2.3.1.1.6**).

Hierna sal die ander agendastellingselemente in die twee onderwerpe bespreek word.


4.2.1.2.3 *Plasing, kwadrante, ruimte en meganismes*



Figuur 17: Bladsy waarop hofnuus verskyn




Figuur 18: Kwadrante waarin hofnuus verskyn




Figuur 19: Kolomsentimeters aan hofnuus afgestaan

Tabel 12: Visuele elemente teenwoordig in hofstories


Visuele elemente	Republikein	AZ	NS
Grootste kop op die bladsy	15	12	10
Subkop	15	24	2
Foto's en onderskrifte	8	8	17



Figuur 20: Bladsy waarop misdaadnuus verskyn



Figuur 21: Kwadrante waarin misdaadnuus verskyn



Figuur 22: Kolomsentimeters aan misdaadnuus afgestaan

Tabel 13: Visuele elemente teenwoordig in misdaadstories

Visuele elemente	Republikein	AZ	NS
Grootste kop op die bladsy	11	7	9
Subkop	11	14	5
Foto's en onderskrifte	4	7	11

Uit die 19 artikels wat *Republikein* oor hofsake in Windhoek publiseer, word vyf op die voorblad geplaas, teenoor vier uit die sewe buite Windhoek wat op die voorblad spasie geniet. Daar kan afgelei word die Afrikaanse dagblad plaas hof hoog op die agenda en dat dit strook met die teorie dat hoe hoër die frekwensie, hoe hoër op die agenda (2.3.1.1.3) dit is. Dieselfde kan ook gesê word oor die hoeveelheid ruimte wat aan die onderwerp afgestaan word, sowel as die betrokke visuele elemente.

In misdaad as onderwerp plaas *Republikein* vyf van die misdaadstories wat buite Windhoek plaasvind op die voorblad, teenoor drie misdaadstories in die hoofstad wat voorbladspasie geniet. Hoewel meer hofstories voorbladspasie geniet, is misdaad steeds ook vir die Afrikaanse dagblad belangrik. Hoewel misdaadberigte op minder prominente kwadrante gepubliseer is en minder kolomsentimeters aan die

onderwerp afgestaan word in vergelyking met hof as onderwerp, is misdaad steeds vir die Afrikaanse dagblad belangrik.

Bogenoemde artikels word weer as voorbeelde gebruik. Die hofberig oor Ryno van Zyl is deur *Republikein* op **bladsy 3**(plasing) gepubliseer. Die artikel is **regs bo**(kwadrant) geplaas en strek oor **40 kolom/cm**(ruimte). Die artikel se kop is nie die grootste op die bladsy nie. Daar is ook geen ander visuele elemente in die nuusberig geïdentifiseer nie.

Die artikel oor die skietery op Hentiesbaai word **links onder**(kwadrante) op die **voorblad**(plasing) gepubliseer. 'n Totaal van **72 kolom/cm**(ruimte) word aan die berig afgestaan, plus **30 kolom/cm** wat op **bladsy 2** aan die oorloop afgestaan word. Nie net is die artikel se kop die grootste op die bladsy nie, maar is daar ook gebruik gemaak van 'n subkop en foto's.

Allgemeine Zeitung plaas twee hofstories wat buite Windhoek plaasgevind het op die voorblad, teenoor ses sake in Windhoek wat voorbladspasie geniet. Hoewel hofberigte die mees prominente spasie ten opsigte van kwadrante geniet, word meer politieke stories in hierdie kwadrant (links bo) geplaas. Baie ruimte word aan hierdie onderwerp afgestaan, maar steeds nie meer as oor politieke sake nie.

Misdaad as onderwerp geniet nie die beste spasie ten opsigte van die bladsy waarop nuusberigte gepubliseer word, kwadrante waarbinne die nuus geplaas word of die hoeveelheid ruimte wat aan die onderwerp afgestaan word nie.

Die bogenoemde artikels word weer as voorbeelde gebruik. Die Ryno van Zyl-saak word op **bladsy 3** (plasing) gepubliseer, **regs onder** (kwadrant). Die Duitse dagblad staan **17 kolom/cm**(ruimte) aan die berig af. Die artikel het nie die grootste kop op die bladsy nie en geen ander visuele elemente is geïdentifiseer nie.

Oor die skietery op Hentiesbaai plaas *Allgemeine Zeitung* die artikel op **bladsy 2**(plasing). Dit word **regs bo**(kwadrant) gepubliseer oor **100 kolom/cm**(ruimte) in lengte. Die kop is die grootste op die bladsy en bevat 'n subkop en opsomming saam met 'n foto.

Namibian Sun plaas net een van die hofsake wat in Windhoek plaasvind op die voorblad, terwyl een artikel oor hofsake buite Windhoek op die voorblad geplaas

word (sien fig. 11 en 12 oor die nuuskriteria betrokke). Volgens die teorie kan afgelei word dat die Engelse dagblad nie hof boaan die agenda plaas nie, deur nie prominente spasie aan die onderwerp te bied nie.

Die Engelse dagblad staan die meeste spasie aan misdaadnuus af in vergelyking met die ander twee koerante. *Namibian Sun* staan ook die meeste ruimte aan misdaad as onderwerp af, ook meer as politieke sake, in die ondersoekmaand. Die koerant gebruik baie foto's by hul nuusberigte en dra by tot die spasie wat die onderwerpe geniet. *Namibian Sun* plaas net 3 uit 16 stories wat in Windhoek plaasvind op die voorblad, teenoor een storie buite Windhoek wat voorbladspasie geniet. Uit die vyf voorbladstories wat *Allgemeine Zeitung* skryf, is drie in Windhoek en twee op ander dorpe.

Die bogenoemde artikels word weer as voorbeelde gebruik. Die hofsaak oor 'n jong ma wat aan moord skuldig bevind word, word op die **voorblad**(plasing) gepubliseer. Die artikel word **links onder**(kwadrant) geplaas en strek oor **30 kolom/cm** (ruimte). Dit is nie die grootste kop op die bladsy nie en bevat geen ander visuele elemente nie.

'n Hofstorie waaroor al drie koerante berig het, is die kroeggeveg wat op Gobabis plaasgevind het. Die saak handel oor 'n swart man wat 'n bier bestel het, toe die eienaars van die kroeg (twee vriende) na bewering gesê het swart mense is nie in die kroeg welkom nie. 'n Bakleiery het losgebars en 'n klag van aanranding is teen die eienaars gelê. Alle agendastellingselemente sal in die hierdie voorbeelde verduidelik word.

Republikein berig op die voorblad op 1 Julie oor die borgtogaansoek wat suksesvol was. Die naamlyndui aan dat die joernalis op Gobabis was om die hofverrigtinge by te woon. Die artikel word **links onder**(kwadrant) op die **voorblad** (plasing) geplaas en strek oor **30 kolom/cm**(ruimte). Die oorloop na **bladsy 2** strek oor **24 kolom/cm** en word **links bo**geplaas. Dit is die grootste kop op die bladsy en het ook 'n subkop, opsomming, sowel as 'n foto en onderskrif.

Hieronder volg 'n voorstelling van die artikel wat verskyn het.



Maandag 1 Julie 2013

Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

IN VANDAG
SE KOERANT

NUUS

KATIRE NIE
KWAAD OOR
AANVALBLADY
4

MOTORS

DIE KLANK VAN
RENNMOTORENJINS
LOK GROOT
SKAREBLADY
20GEBRUIK
layar

SPORT


BOKS

NAMIBIE BLY LIEF
VIR HARRY
SIMONBLADY
36

RUGBYRAAL-KOMPETISIE

BLADY
36
DStv
Mobile

Nuus ► 2-7 | Praat saam ► 8 | Die Mark ► 11 | Motors ► 20 | Kleinadvertensies ► 23 | Sport ► 34



D-DAG VIR BELASTING

Die finale sperdatum vir belastingopgawes vandag het tot gevolg gehad dat groot getalle belastingbetalers voor die naweek na die ontvanger van inkomste se kantoor gestroom het. Vandag word alle belasting op toegevoegde waarde, BTW-invoerrekeninge, inkomstebelasting, weerhouding van belasting op dienste asook die indiening van inkomstebelasting-opgawes deur salaristrekkers en nie-sake trusts afgesluit. FOTO: NA HOKKE

» Politici het publiek aangehits

Borg in rasse-saak

Openbare verset moet natuurlik wees en nie kunsmatig aangeblaas word nie en daarom kan die sogenaamde protes van lede van die Omaheke-gemeenskap teen borgtog vir twee beskuldigdes nie deur die hof aanvaar word nie.

» Sanet de Waal op Gobabis

Borgtog is Vrydagoggend laat aan die beskuldigdes in 'n aanranding- en rassiesaak op Gobabis toegestaan nadat bykans alle gronde vir die weiering van borgtog wat deur die staat geopper is, deur landdros Victor Nyazo verwerp is.

Nyazo het die staat se saak as swak beskryf en het onder meer gesê dat hy nie bewyse van rassisme en aanranding kon vind nie. Dit moet eers in die verhoor wat nou op 20 Augustus sal plaasvind, vasgestel word. Borgtog van N\$5 000 en N\$10 000 is derhalwe aan onderskeidelik mnr. Nico Kotze en Boeta du Plessis toegestaan.

Kotze en Du Plessis word van rassisme, aanranding en poging tot moord aangekla nadat 'n kroeggeweg op 1 Junie by die Buffalo private klub op die dorp plaasgevind het. Die enigste voorwaarde vir die borgtog is dat Kotze, wat die voorsitter van die klub is, dit gesluit moet hou tot die hoofverhoor afgehandel is.

"Borgtog is daar om te verseker

dat beskuldigdes in die hof verskyn, nie om hulle voor die tyd skuldig te bevind nie," het Nyazo gesê.

Hy het in sy uitspraak gesê die eerste rede vir die teenstaan van borg, naamlik die openbare verset, kunsmatig was. "Met die aanvang van die verhoor het die aanklaer gesê staan hy borgtog teen in openbare belang en die toepassing van geregtigheid en dat die staat 'n sterk saak teen die beskuldigdes het," het Nyazo gesê.

Hy het na mnr. Phillipus Katamelo, lid van die Nasionale Raad en gemeenskapleier op Gobabis, se getuienis in die hof verwys. Hy het gesê die feit dat Katamelo die Sondag na die beweerde aanval geskakel is en oor die saak vergader is, 'n teken daarvan is dat die publiek se reaksie nie spontaan was nie, maar georganiseerd was.



Mnr. Nico Kotze (links) en Frederick (Boeta) du Plessis, Vrydagoggend nadat borgtog aan hulle toegestaan is. FOTO: SANET DE WAAL

"Die openbare mening het die gedrukte en visuele media oorheers. Die hof aanvaar adv. (Louis) Botes se betoog dat vóór die betoging (Vrydag, 7 Junie, met die aanvang van die aansoek), 'n voertuig in die strate rondgeroer het om mense vir die protesoptog te mobiliseer. Dit is 'n wanvoorstelling van openbare verset en as ek dit toelaat, sal ek benedegeeregtheid bevorder," het Nyazo gesê.

NA BL. 2

Onderonsie met vlakvark lei tot boer se dood

» Des Erasmus

'n Skietongeluk het die lewe van 'n vooruitsirewende boer en sakeman van Omaruru, mnr. Johan Storbeck (44), geëis. Hy het gesterf nadat hy op die werf van die plaas Kanona tussen Omaruru en Karibib ná 'n onderonsie met 'n mak vlakvark getref is.

Die koeël het mnr. Storbeck in sy middele getref en hy het nog geleef, maar die dood het sowat twintig minute later ingetree toe met hom oor 'n afstand van sowat 20 km na Omaruru gelaag is. Die ongeluk het Saterdag gebeur waar hy en sy vrou, Liza, die gasheer van twee jagters van Finland op die jag-plaas was.

Mnr. Storbeck was 'n vooraanstaande sakeman met uitgebreide belange in die konstruksiebedryf. Met sy dood was hy by bouprojekte in Caprivi betrokke. Hy was gereeld in naweke op die plaas waar sy vrou, Liza, oorwegend die sake behartig het. Hy word deur Liza en 'n tienerdogter uit 'n vorige huwelik in Suid-Afrika oorleef. Die mak vlakvark in die nabyheid van die opstal het die afgelepe tyd toeneemend probleme veroorsaak. Saterdag het dit 'n stadium bereik waar 'n oordeel oor hom uitgespreek is. Storbeck het 'n skoot op die vark gegee, maar die dier het nog geleef. Dit het die plaashonde laat aanstorm. Volgens 'n weergawe van die voorval het die boer die geweer geswaai om die honde met die kolf op 'n afstand te hou sodat hy die doodskot kon kry. Dit was toe die skoot afgegaan en die koeël hom tussen sy bors en sy naeltjie getref het.

'n Noodrit is feitlik onmiddellik met hom na Omaruru onderneem, maar op pad het hy berwyk. Ná die voorval is die twee Finne na die Erindi-oord oorgeplaas voordat hulle nog vandeerweek per vliegtuig na hul vaderland sal terugkeer. Mense wat Storbeck goed geken het, het gister gesê hy was 'n man met 'n passie vir die veld en jag. Een van sy kenmerke was sy absolute nouletendheid op die veilige gebruik van vuurwapens.



Wyle mnr. Johan Storbeck. FOTO: WILKOU



DINSDAG IN DIE KOERANT

16 lekkerleesbladsye oor plaasvakansies, veldry vir die hele gesin, kindervriendelike bestemmings, leersame wegbrekers en nuttige raad vir vakansies saam met die kleinspan.

Figuur 23: Voorstelling van die hofberig in Republikein

Die nuuskriteria wat in die artikel betrokke is, is as volg:

- **Impak:** Na afloop van die voorval, het die impak oor die saak gegroei, omdat dit rassehaat in die omgewing aangewakker het. Die afstandsdimensie is psigososiaal, waar ras en kultuur veral daartoe gelei het dat meer waarde aan die voorval geheg word. Op 'n kleiner dorpie soos Gobabis, kan 'n voorval soos hierdie die orde van die dorp verander en word die status quo as intensiteitsdimensie geïdentifiseer.
- **Onmiddellikheid:** Die artikel het op die Maandag ná die borgtogaansoek Vrydag in die hof verskyn.
- **Prominensie:** Politici het betrokke geraak om seker te maak alles tydens die hofsaak verloop glad.
- **Nabyheid:** Rassehaat lê duisende inwoners nog na aan die hart.
- **Konflik:** Daar was konflik in die sin dat duisende inwoners nie wou toelaat dat die beskuldigdes borgtog kry nie.
- **Emosionele impak:** Die emosionele impak was groot met rassehaat wat 'n groot probleem in die land is.

Namibian Sun berig op dieselfde dag oor die gebeurtenis. Die artikel word op die **voorblad**(plasing) **regs bo**(kwadrant) gepubliseer. Die naamlyn dui aan die joernalis was op Gobabis om die hofsaak by te woon. Die artikel strek oor **17 kolom/cm**(ruimte). Die oorloop op **bladsy 2** is **regs onder** gepubliseer en strek oor **12 kolom/cm**. Die artikel het nie die grootste kop op die bladsy nie en bevat geen ander visuele elemente in die berig nie.

Hieronder volg 'n voorstelling van die artikel wat verskyn het.

Die nuuskriteria in die artikel is as volg:

- Impak: Sedert die gebeurtenis plaasgevind het, was die hele gemeenskap in rep en roep en was die impak groot van die begin af. Die afstandsdimensie wat geïdentifiseer is, is psigososiaal van aard en daar is meer waarde aan kultuur en ras geheg. Omdat dit die orde van die dag ontwig, is die status quo as intensiteitsdimensie geïdentifiseer.
- Onmiddellikheid: Die artikel het die Maandag ná die borgtogaansoek Vrydag in die hof verskyn.
- Nabyheid: Rassehaat lê duisende inwoners nog na aan die hart.
- Konflik: Daar was konflik in die sin dat duisende inwoners nie wou toelaat dat die beskuldigdes borg kry nie.
- Emosionele impak: Die emosionele impak was groot met rassehaat wat 'n groot probleem in die land is.

Die Duitse koerant berig eers die volgende dag, 2 Julie 2013, oor die hofsaak. Die berig is nie deur 'n joernalis van die koerant geskryf nie, maar is verkry van die Namibiese persagentskap, Nampa. Die artikel verskyn op die **voorblad**(plasing) en word **links onder**(kwadrant) gepubliseer. Dit strek oor **20 kolom/cm**(ruimte).

Dit is nie die grootste kop op die bladsy nie en benewens die gepaardgaande opsomming is daar geen ander visuele elemente nie.

Hieronder volg 'n voorstelling van die artikel wat verskyn het.

Strandhotel

In Kürze soll der Bau des Strandhotels Swakopmund beginnen. Auch der Parkplatz an der Mole wird dabei entwickelt. **Seite 5**

Kader

Fußball-Nationaltrainer Ricardo Mannetti hat gestern den finalen Kader für den COSAFA-Pokal bekannt gegeben. **Seite 6**



Abschied

Nach über 40 Jahren nimmt Gustav Friedel Abschied vom Tourismus. In dieser Zeit hat er viele Reisen vermittelt. **Seite 8**

Das Wetter

Windhoek 11°/25°
Swakopmund 10°/17°
Tsumeb 11°/28°
Weitere Werte und Vorhersage **Seite 2**

Nashorn gewildert

• Viehhirten entdecken ausgetrockneten Kadaver – Nasenhörner wurden abgehackt

Wahrscheinlich wurde das Nashorn schon vor einigen Monaten gewildert, zur gleichen Zeit als eine Kuh im Dezember vergangenen Jahres mit abgehackten Nasenhörnern gefunden wurde. Unverständlich ist, warum das Tier von Hegegebiet-Wildhütern, vom Ministerium oder Rettet-die-Nashörner-Fond nicht vermisst wurde.

Von Dirk Heinrich
WINDHOEK

Ich kann bestätigen, dass ein fast ein Jahr alter Kadaver eines Nashorns im Omatandeka kommunalen Hegegebiet gefunden wurde. Die Nasenhörner wurden gewaltsam entfernt. Beamte des Ministeriums für Umwelt und Tourismus sowie Polizisten einer Sonder Einheit, die den Schmuggel und illegalen Handel mit bedrohten Tieren und deren Produkten bekämpfen, untersuchen den Fall. Ich habe jedoch noch keinen offiziellen Bericht erhalten", sagte der Direktor der Naturschutzbehörde im Umweltministerium, Colgar Sikopo gestern Nachmittag auf Nachfrage.

Informationen zufolge fanden zwei Viehhirten, die in dem unwegsamen und ariden Gebiet unterwegs waren den ausgetrockneten Kadaver des Schwarzen Nashorns und meldeten den Fund sofort am Donnerstag vergangener Woche dem kommunalen Hegegebiet-Komitee und der Polizei. Naturschutzbeamte die sich im Augenblick im ehemaligen Damaraland,

der heutigen Kunene-Region aufhalten, sollen mit einem Hubschrauber zu dem Fundort geflogen sein.

Der Direktor der Naturschutzbehörde konnte gestern keine weiteren Angaben zu dem Nashorn machen. Es ist nicht bekannt, ob es sich um einen Bullen oder Kuh handelt. Sikopo bestätigte gegenüber der Allgemeine Zeitung, dass regelmäßige Kontrollen und Patrouillen durch Naturschutzbeamte, Wildhüter der kommunalen Hegegebiete oder Mitgliedern des Rettet-die-Nashörner-Fonds (Save the Rhino Trust) durchgeführt werden sollten, um zu wissen

„Das Nashorn wurde vielleicht schon vor einem Jahr gewildert.“

Colgar Sikopo,
Direktor Naturschutzbehörde

meinen Zeitung, dass regelmäßige Kontrollen und Patrouillen durch Naturschutzbeamte, Wildhüter der kommunalen Hegegebiete oder Mitgliedern des Rettet-die-Nashörner-Fonds (Save the Rhino Trust) durchgeführt werden sollten, um zu wissen

wo sich die einzelnen Nashörner aufhalten. „Ich weiß nicht ob das Tier vermisst und ob nach ihm gesucht wurde“, sagte Sikopo.

Im vergangenen Jahr wurde Ende Dezember eine gewilderte Spitzmaulnashorkuh (Schwarzes Nashorn) gefunden, die am 21. oder 22. Dezember getötet worden sein muss (AZ berichtete). Wenige Tage zuvor war die Nashorkuh mit ihrem Kalb von Mitarbeitern des Rettet-die-Nashörner-Fonds noch gesehen worden. Auch das Kalb konnte damals nicht gerettet werden.

Die Polizei konnte mindestens eine Person im Zusammenhang mit der Nashornwilderei festnehmen. Gut informierte Quellen sind der Meinung, dass der jetzt gefundene Kadaver von einem Nashorn sei, welches zum gleichen Zeitpunkt wie die Nashorkuh gewildert worden sei. Niemand vom Rettet-die-Nashörner-Fonds konnte gestern erreicht werden.

Am 9. Juni dieses Jahres wurde auf einer Wildfarm bei Omaruru ein Nashornkadaver entdeckt. Das Tier war zwei oder drei Wochen zuvor in eine Drahtschlinge geraten und von den Wilderern getötet worden (AZ berichtete). Die Wilderer nahmen nicht nur die beiden Nasenhörner mit, sondern schnitten auch das Filet aus dem Tier, um das Fleisch zu verkaufen. Der Farmeigentümer sitzt derzeit im Gefängnis weil er einen Wilderer verächtlich erschossen hatte.

BUSHWACKERS SETZT SICH FÜR NASHORNSCHUTZ EIN



Die namibische Firma Bushwackers hat mit einem Nashorn-Schutzprogramm begonnen. Dazu wurden Lose auf der Reismesse Namibia Tourism Expo 2013 verkauft, als Hauptgewinn winkte ein großes Zelt. Von dem eingenommenen Geld sollen jetzt Zelte, Schlafiscke, GPS-Geräte und andere nötige Ausrüstungen für die Wildhüter angeschafft werden, die mit dem Nashornschutz im /Khaedi //Hoas-Hegegebiet beauftragt sind. „Dies ist ein fortlaufendes Projekt von Bushwackers und wir sammeln weiter Geld für die Wildhüter. Wir tun das, um unsere Nashörner zu schützen“, sagte Annemarie Britz von Bushwackers. Das Bild zeigt Freddy Rossouw (l.) von Bushwackers und Warren McFarlane (r.), der das Zelt in der ersten Verlosung gewonnen hat. - FOTO: DANIA BAUSE

Rassismus-Klage verliert Gewicht

Gerichtsverhandlung in Gobabis: Niko Kotze und Frederick du Plessis erhalten Kautions – Proteste und Demonstrationen gegen Kautions gelten nicht immer als Interesse der Öffentlichkeit

Windhoek/Gobabis (Nampa/cev) • Niko Kotze und Frederick du Plessis, die sich in Gobabis u.a. wegen tätlichen Angriffs und Rassendiskriminierung vor Gericht verantworten müssen, haben jetzt Kautions erhalten. Magistratsrichter Victor Nyazo verurteilte am Freitag das Verfahren zwar bis Ende August, bemerkte aber, dass die Vorwürfe gegen Kotze an Gewicht verloren hätten.

Kotze wurde gegen eine Kautions in Höhe von 5 000 N\$ entlassen, derweil du Plessis – der sich zudem wegen versuchten Mordes verantworten muss – 10 000 N\$ hinterlegen musste.

Der Magistratsrichter stimmte nicht mit der Argumentation überein, dass eine Freilassung auf Kautions entgegen des öffentlichen Interesses wäre. Nyazo wies die Staatsanwaltschaft zurück und erklärte, man könne Demonstrationen gegen eine Kautionsgewährung nicht immer als ein solches Interesse der Gemeinde interpretieren – das gelte nur für „spontane Protestveranstaltungen“. In diesem Falle aber seien die Proteste geschürt worden.

Zudem fügte der Richter hinzu, dass viele Personen falsch informiert seien und dass die Annahme bestehe, eine verweigerte Kautions sei eine Form von

Bestrafung. „Jede Person gilt als unschuldig, bis ihr eine Straftat nachgewiesen wurde. Eine Kautions kann aufgrund von Vorwürfen nicht verweigert werden“, so der Magistratsrichter. Ebenso dürfte aber eine Kautions nicht als Freispruch angesehen werden.

Ferner bemerkte Magistratsrichter Nyazo, dass die Beweisführung gegen den Hauptangeklagten (Kotze) an Gewicht verloren habe. Derweil die Vorwürfe gegen Frederick du Plessis durchaus standhalten können, gebe es bei Kotze keinen Grund anzunehmen, dass er der Angreifer gewesen sei oder dass er rassistische Motive gehabt

habe. Er habe sich lediglich gegen die Provokationen und Angriffe des „Opfers“ gewehrt.

Den Angeklagten wird vorgeworfen, einen schwarzen Bewohner von Gobabis, Levi Katire, verprügelt zu haben, nachdem er ein „für Weiße reserviertes Lokal“ betreten habe (AZ berichtete). Die Angeklagten streiten alles ab und meinen, Katire habe den Angriff gestartet, außerdem sei der Zutritt zur Bar nur für Mitglieder gestattet. Magistratsrichter Nyazo bestätigte dies und erklärte, das Gesetz der Rassendiskriminierung treffe nur in öffentlichen Bereichen zu.

Afrikaner sollen Afrika aufbauen

Darussalam (dpa) • US-Präsident Barack Obama hat zum Abschluss seiner Afrikareise das wirtschaftliche Potenzial des Kontinents betont. Die Phase der reinen Entwicklungshilfe näherte sich dem Ende. Es gehe um eine neue Partnerschaft. „Letztlich ist aber das Ziel, dass Afrikaner Afrika aufbauen“, sagte Obama am Montag nach einem Gespräch mit dem tansanischen Präsidenten Jakaya Kikwete. Obamas Afrikareise, die ihn zuvor nach Senegal und Südafrika führte, stand im Zeichen der Wirtschaft und Zusammenarbeit. Obama sprach von einer „Partnerschaft für Wachstum“. Hintergrund ist nicht zuletzt das starke Engagement Chinas, Brasiliens und der Türkei in Afrika.



tourismus
NAMIBIA'S BIGGEST TOURISM PUBLICATION

NICHT VERPASSEN

Die Juli-Ausgabe des Journals **Tourismus Namibia** in drei Sprachen, mit ca. 50 000 Exemplaren und 16 Seiten – HEUTE in der Allgemeinen Zeitung! Viel Freude beim Lesen!

Die artikel bevat die volgende nuuskriteria:

- Impak: Rassehaat het 'n groot impak op inwoners van die land. Die afstandsdimensie wat geïdentifiseer is, is geografies van aard. Die Duitse koerant heg nie so baie waarde aan die psigososiale afstand in vergelyking met die ander twee koerante nie.
- Nabyheid: Rassehaat lê duisende inwoners nog na aan die hart.
- Konflik: Daar was konflik in die sin dat duisende inwoners nie wou toelaat dat die beskuldigdes borgtog kry nie.
- Emosionele impak: Die emosionele impak was groot met rassehaat wat 'n groot probleem in die land is.

Booyesen is van mening dat rassehaat in Namibië 'n werklikheidskwessie is, maar dat dit op 'n baie neutrale manier hanteer word. Haatspraak of rassehaat moenie aangewakker word nie, maar daar moet melding daarvan gemaak word indien dit plaasvind – veral weens die manier waarop die gemeenskap daarop reageer het (Persoonlik onderhoud. 1 Sept. 2017).

Volgens Fischer behoort rassehaat nie nuuswaardigheid te beïnvloed nie. “Die oomblik wanneer 'n koerant meer prominensie daaraan gee, kan dit 'n groter probleem word as wat dit eintlik is,” sê hy. Rassehaat is 'n kwessie in die land, maar hy is van mening dat dit so neutraal as moontlik aangebied moet word om dit nie aan te hits nie (Persoonlike onderhoud. 29 Sept. 2017).

Nakatana (persoonlike onderhoud, 27 Aug. 2017) sê rassehaat verhoog wel nuuswaarde. “Die land word daardeur verdeel, maar die idee is nie om op die probleem te hamer nie. Dit is eerder om vir mense die nagevolgde te wys indien dit wel aangewakker word,” sê hy.

Hierna sal die ramingskategorieë vir hof- en misdaadnuus bespreek word, ten einde vas te stel hoe die drie koerante die nuus binne die betrokke onderwerpe raam.

4.2.1.2.4 Raming

Tabel 14: Verskeie nuushoeke binne hofberigte

Nuushoek	Republikein	AZ	NS
Konflik	13	12	19
Ekonomies	0	4	1
Moraliteit	6	7	2
Verantwoordelikheid	7	6	6
Mensestories	0	2	0
Politiek	0	1	0

Meeste berigte uit al drie die koerante wat oor hofsake geskryf word, dui op 'n konfliknuushoek.

Die volgende woorde is in die drie koerante gevind wat 'n konfliknuushoek aandui: **“twis”, “onwettig”, “bedrog”, “skuld”, “bevooroordeeld”, “verwerp”, “skuldig”, “aangeval” en “verraad”**.

Die Caprivi-hoogverraadsaak word as voorbeeld gebruik om die nuushoek vir die betrokke artikels te bepaal.

Namibian Sun se kop, “Treason accused freedom bid”, is nie die grootste op die bladsy nie. Daar is ook nie 'n gepaardgaande foto nie. Die inleiding, “12 Caprivi-hoogverraadbeskuldigdes het 'n aansoek aan die Hooggeregshof oorhandig om die 2004-beslissing, om hulle eers te vonnis op grond van die feit dat een van die regters hom aan die saak moes onttrek”, dui op 'n konfliknuushoek.

Die Duitse koerant se kop lees “Caprivi-aussprache gekippt” (Caprivi-uitspraak skeefgetrek – eie vertaling) en is die grootste op die bladsy. Die subkop dui daarop dat die uitspraak van die vermeende separatiste ongeldig is. Volgens die opsomming het die Hooggeregshof die veroordeling van 10 vermeende Caprivi-separatiste, wat tussen 30 en 32 jaar tronkstraf opgelê is, ongeldig verklaar. Die inleiding dui daarop dat drie regters tot die gevolgtrekking gekom het dat die skuldigbevinding van die beskuldigdes onwettig was. Dit dui op 'n konfliknuushoek.

Republikein gebruik die kop “Caprivi-aangehoudenenes se appèlsaak slaag” en dit is die grootste op die bladsy. Die artikel het ’n subkop, “Regter was bevooroordeel, bevind hooggeregshof”, en ’n opsomming wat daarop dui dat die regter in die saak nie objektief was nie. Saam met die inleidingsparagraaf dui dit op ’n konfliknuushoek.

Tabel 15: Verskeie nuushoeke in misdaadberigte

Nuushoek	Republikein	AZ	NS
Konflik	12	15	15
Ekonomies	0	2	0
Moraliteit	4	0	3
Verantwoordelikheid	5	3	6
Mensestories	3	7	3
Politiek	0	0	1

Weer eens skryf al drie koerante meestal uit ’n konfliknuushoek (sien 2.3.2.1.1) wanneer daar oor misdaad geskryf word.

Die woorde wat die meeste gebruik binne hierdie onderwerp, wat op ’n konfliknuushoek dui, sluit in: “**staking**”, “**skorsings**”, “**voorwaardes**”, “**skuld**” en “**afgedank**”.

Die soldaat wat vier mense in ’n kroeg doodgeskiet het voor hy homself geskiet het, word as voorbeeld gebruik.

Republikein draai nie doekies ommetdie kop “Soldaat vermoor vier mense” nie. Die vetgedrukte letters is die grootste op die bladsy. Die subkop dui op ’n ander voorval waartydens ’n kind verkrag is. Die opsomming fokus weer op die moord en saam met die inleidingsparagraaf dui dit op ’n konfliknuushoek met woorde soos “**skiet**” en “**vermoor**”.

Die kop “NDF-skietvoorval lei na afstigtingsvrese” van *Namibian Sun* is die leistorie op die bladsy en saam met die foto beslaan dit meeste van die spasie op die bladsy. Die subkop sê vyf is dood en twee beseer in ’n kroegoproer. Die opsomming dui daarop dat geweerskote inwoners laat dink het die rebelle wat die dorp in 1999 geterroriseer het, beter voorberei het en terug is om die Caprivi van die res van die land te skei. Die inleiding lees: “’n Skietvoorval in ’n kroeg op Katima Mulilo het talle

inwoners paniekbevange gelaat en het hulle aan die aanval in 1999 deur die rebelle herinner (eie vertaling).”

Dit dui op ’n emosionele, politieke en konfliknuushoek. In hierdie geval dra die emosionele nuushoek meer gewig, omdat die emosie nie net met diegene wat daardeur is, resoneer nie, maar ook met lesers. Woorde soos “vrees”, “skietery” en “dood” is in die berig gebruik.

Allgemeine Zeitung se kop “Amok mit AK47” (Amok met AK47, eie vertaling) is in vet, swart letters, maar is nie die grootste op die blad nie. Die subkop dui daarop dat vier mense dood is voor die aanvaller homself geskiet het. Die inleiding lees dat die 29-jarige man vier mense in ’n kroeg vermoor en twee beseer het voor hy homself geskiet het. Daar is baie herhaling en aanduidings van ’n konflikraam. Woorde soos “amok”, “AK47” en “skietery” is gebruik.

Opsomming:

Ten einde die beskrywing van agendastellingselemente en ramingskategorieë binne hof en misdaad as onderwerp, kan afgelei word *Republikein* plaashof boaan die agenda en ag misdaad ook as belangrik.

Hoewel *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* meer oor die onderwerp skryf as die Afrikaanse dagblad is dit ook die onderwerp waaroor *Republikein* die meeste skryf. Ander faktore wat die agenda kan bepaal, sluit die aantal voorbladstories in, sowel as prominente spasie op ’n blad, die hoeveelheid ruimte wat aan die onderwerp toegestaan is en die hoeveelheid opvolg.

Konflik word grotendeels as nuushoek in albei onderwerpe gebruik wanneer die nuus geraam word.

Hoewel *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* meer berigte oor hof het as *Republikein*, skryf beide koerante steeds meer oor politiek as oor hof. Daar kan afgelei word dat hoewel hof tog op die twee koerante se agenda geplaas word, dit nie die hoogste op die agenda is nie.

Allgemeine Zeitung en *Namibian Sun* fokus ook hul hof- en misdaadberigte vanuit ’n konfliknuushoek. Die navorser lei af konflik kom sterk na vore, omdat hof en misdaad plaasvind as gevolg van konflik tussen twee partye.

In hierdie onderwerpe is die volgende verskille en ooreenkomste gevind:

- Al drie die koerante ag hof en misdaad as belangrik en dit vorm deel van die koerante se agenda.
- Daar word meestal op misdade en hofsake in die hoofstad gefokus, maar indien 'n saak van buite Windhoek wel prominensie in die koerante geniet, is dit 'n ernstige misdaad soos moord of verkragting.
- Hoewel dit nie die belangrikste element van nuuswaarde is nie, is daar oor talle sake berig waar prominente individue betrokke was, soos die president se raadgewer en 'n bekende staatsaanklaer. Beide hierdie sake het ook elders in die land plaasgevind en nie in die hoofstad nie.
- Hoewel die koerante nie as 'n reël oor dieselfde hofsake of misdade skryf nie, is daar meer ooreenkomste in hierdie onderwerpe as teenoor ander onderwerpe soos hof. Uit die drie koerante, fokus *Republikein* en *Allgemeine Zeitung* op dieselfde tipe nuus in vergelyking met *Namibian Sun*.
- Wanneer daar oor swart slagoffers berig word, skryf *Namibian Sun* meer uit 'n emosionele hoek as die ander twee koerante. Daarteenoor kan dieselfde gesê word wanneer daar oor wit slagoffers binne die Afrikaanse en Duitse koerante geskryf word. Daar word dus afgelei die drie koerante hou hul mark altyd in gedagte wanneer daar oor die omvang van 'n voorval geskryf word.
- *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* maak ook van dieselfde woorde gebruik wanneer daar oor misdaad en hofsake berig word. Hierdie woorde, soos hierbo uiteengesit, kan ook konflik uitlok.
- Konflik is die belangrikste nuuskriteria vir al drie die koerante binne hierdie twee onderwerpe.
- Na afloop van die inhoudsanalise word afgelei hof en misdaad is op al drie koerante se agenda, maar hof word eerste op *Republikein* se agenda geplaas. Die belangrikheid van hierdie onderwerpe kan verduidelik word weens die koerante se ideologieë en die feit dat misdaad en hof 'n impak op 'n groot deel van inwoners dwarsoor die land het.
- Die aantal kere wat oor moord, geslagsgebaseerde geweld en verkragting berig word, kan lig op 'n groter probleem in die land werp. Beriggewing binne hierdie onderwerpe kan 'n aanduiding gee van hoeveel misdaad in die land

voorkom, watter tipe misdaad voorkom en wat die nagevolge binne die regstelsel is wat misdadigers in die gesig staar.

- Weer eens word sterk woorde soos “**skuldig**” en “**moord**” gebruik om die erns van die saak uit te lig en aandag daarna te trek.
- Hoewel die Duitse en Engelse dagblaai meer artikels oor die onderwerp skryf as die Afrikaanse dagblad, staan *Republikein* meer artikels oor die onderwerp aan die voorblad af.

In die volgende paragraaf sal die dekking van plaaslike owerhede in diepte bespreek word.

4.2.1.3 Plaaslike owerhede


Die owerhede wat in die drie koerante dekking geniet, fokus grotendeels net op Windhoek se stadsraad.

Republikein berig die meeste oor ander stadsrade, insluitende Omaruru, Mariental en Rehoboth, hoewel meeste berigte steeds op die hoofstad fokus. Hier kan die betrokkenheid van die lesers gesien word, wat moontlik klagtes op die brieweblad of op sosiale media maak, wat dan deur joernaliste opgevolg word. *Republikein* berig die meeste oor munisipale sake in vergelyking met die ander twee koerante. Nuus oor die owerhede sluit in die begroting, skuld en skorsings.

Die Engelse dagblad skryf nie baie oor die onderwerp nie, maar wanneer plaaslike owerhede wel aandag kry, word daar op die begroting, raadsbesluite en skorsings gefokus. Ook *Allgemeine Zeitung* skryf nie baie oor plaaslike owerhede nie. Wanneer daar wel daaroor geskryf word, fokus dit grotendeels op die begroting, waterbeplanning en plakkers wat grond gryp.

Uit die 19 artikels wat deur *Republikein* gepubliseer is, het 11 op Windhoek se stadsraad gefokus, teenoor *Allgemeine Zeitung* wat agt van die elf artikels oor die hoofstad se munisipaliteit geskryf het. *Namibian Sun* skryf vyf artikels oor Windhoek se stadsraad en vier oor dorpsrade buite die hoofstad.

4.2.1.3.1 Nuuskriteria geïdentifiseer



Figuur 26: Nuuskriteria teenwoordig in munisipale berigte

Uit die inligting in Figuur 26 is dit duidelik dat meer nuuskriteria in *Republikein* geïdentifiseer is in vergelyking met die ander twee koerante. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die Afrikaanse dagblad meer oor die onderwerp berig lewer.

Voorbladstories oor hierdie onderwerp bevat meestal impak, prominensie, nabyheid, konflik en emosionele impak.

Volgens Booysen kan die getal berigte oor plaaslike owerhede 'n aanduiding wees van 'n belangrike gebeurtenis. Dit is volgens hom nie 'n onderwerp wat andersins soveel aandag geniet nie (persoonlike onderhoud, 1 Sept. 2017). Dit is in die analise bevestig, nadat gevind is dat talle artikels oor die stadsraad se goedgekeurde begroting geskryf is.

Uit die aantal berigte wat *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* skryf, kan afgelei word die onderwerp word nie op die agenda van die koerante geplaas nie.

Al drie koerante berig in Julie 2013 oor die munisipale verhogings van Windhoek se stadsraad. Die begroting van die stadsraad het tot N\$3,8 miljard gegroei, met talle tariefverhogings wat inwoners in die gesig staar. Terwyl die tekort in die stadsraad steeds groei, dompel die addisionele tariefverhogings talle arm inwoners verder in armoede.

In al drie die koerante is al die nuuskriteria geïdentifiseer, behalwe vir vreemdheid wat nie by hierdie gebeurtenis van toepassing is nie.

- Impak: Daar is impak omdat dit alle inwoners in Windhoek finansiëel beïnvloed. Die afstandsdimensies is geografies van aard omdat dit in die hoofstad plaasvind, maar daar is ook 'n psigososiale element waar waarde geheg word aan die mense van die land/stad. Dit het ook 'n invloed op die status quo en verander die toekoms met 'n finansiële implikasie.
- Onmiddellikheid: Die artikel volg op 'n Maandag nadat die munisipale verslag die vorige Donderdagaand bekend gemaak is.
- Prominensie: Die stadsraad van Windhoek word as 'n prominente entiteit beskou.
- Konflik: Konflik, hoewel nie fisiek van aard nie, ontstaan tussen die inwoners van Windhoek en die stadsraad.
- Emosionele impak: Talle inwoners word deur die verhogings verder finansiëel beïnvloed en laat hulle armer as wat hulle reeds is.

Die volgende berigte word as voorbeelde gebruik wat net deur een betrokke koerant gedek is. *Namibian Sun* publiseer op 4 Julie 2013 oor die uitvoerende hoof van die Maltahöhe-dorpsraad se kwalifikasies. Die artikel lig uit dat die uitvoerende hoof slegs 'n sertifikaat in bestuur het, terwyl die vereistes 'n diploma in maatskaplike administrasie is, sowel as drie jaar se ervaring. Hy is, hangende die ondersoek, geskors.

Die nuuskriteria sluit in:

- Onmiddellikheid: Die storie is gepubliseer dae nadat dit aan die lig gekom het die uitvoerende hoof voldoen nie aan die vereistes nie.
- Prominensie: Die uitvoerende hoof van die dorpsraad word as 'n prominente persoon in die gemeenskap beskou.

- Konflik: Daar ontstaan konflik omdat ander kandidate nie die pos gekry het nie, hoewel hulle daarvoor kwalifiseer.

Allgemeine Zeitung berig op 26 Julie 2013 oor die Teenkorrupsiekommissie wat sy visier op die burgemeester van Swakopmund het. Dit kom ná honderdduisende Namibiese dollar van die dorpsraad verdwyn het. Die burgemeester word aanspreeklik gehou vir die geld wat vermis word en kan hy nie verduidelik waar die tekort ontstaan het nie. Die volgende nuuskriteria is binne dié berig te sien:

- Impak: Daar is impak omdat die geld wat vermis word, vir talle ontwikkelingsprojekte in die dorp aangewend moes word. Omdat dit 'n invloed op die inwoners van die dorp het en daar waarde aan die mens geheg word, het dit 'n psigososiale uitwerking.
- Prominensie: Die burgemeester van Swakopmund word as 'n prominente persoon beskou.
- Emosionele impak: Talle projekte het agterweë gebly as gevolg van die korting, wat inwoners emosioneel aangeraak het.


Republikein berig op 5 Julie 2013 oor die burgemeester op Gobabis wat nie die minimumloon betaal nie. Daar is gevind die burgemeester gee nie gehoor aan die minimumloon vir sekuriteitswagte wat N\$3,80 per uur beloop nie.

Die volgende nuuskriteria is in die artikel gevind:


- Impak: Die impak is groot omdat, benewens die feit dat die minimumloon nie betaal word nie, die betaalde bedrag 55 sent per uur laer is.
- Onmiddellikheid: Die storie is 'n dag ná die inligting aan die lig gekom het, gepubliseer en is relevant.
- Prominensie: Die burgemeester word as 'n prominente persoon beskou.
- Nabyheid: Dit lê talle inwoners op Gobabis na aan die hart en hulle word beïnvloed deur die minimumloon.

- Konflik: Konflik, hoewel nie fisiek nie, tussen die burgemeester en sekuriteitswagte, het ontstaan en die wagte eis hul aangepaste lone.
- Emosionele impak: Die lewensstandaard van talle mense is deur die voorval beïnvloed.

4.2.1.3.2 Opvolge en genres



Figuur 27: Aantal opvolge oor munisipale berigte




Figuur 28: Verskeie genres wat gebruik word in munisipale verslaggewing

Republikein se 19 artikels was sewe daarvan opvolge, met 'n totaal van ses stories wat oor een gebeurtenis geskryf is – die stadsraad se begroting. Dit strook met die teorie wat uiteensit dat opvolge meer klem lê op dit wat belangrik is. Dit beaam ook Booysen se stelling dat 'n groot gebeurtenis moes plaasvind om intensiewe beriggewing oor die onderwerp waardig te maak. Daar word dus afgelei dat *Republikein* munisipale sake hoër op die agenda plaas in vergelyking met die ander twee koerante. *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* volg tot 'n mindere mate munisipale sake op en dit strook met die teorie wat sê minder opvolge dui op 'n minder belangrike onderwerp.


Hoofartikels oor die onderwerp kry nie baie aandag in enige van die koerante nie en daar word ook net een keer van 'n spotprent gebruik gemaak. Beriggewing is grotendeels nuusberigte wat geskryf word.

Hierna volg die bespreking van die ander agendastellingselemente wat in diepte bespreek sal word.


4.2.1.3.3 Plasing, kwadrante, ruimte en meganismes



Figuur 29: Bladsy waarop munisipale nuus verskyn



Figuur 30: Kwadrante waarin munisipale nuus verskyn



Figuur 31: Kolom/sentimeters aan munisipale nuus toegestaan

Tabel 16: Visuele meganismes binne plaaslike owerheidberigte

Visuele elemente	Republikein	AZ	NS
Grootste kop op die bladsy	10	2	8
Subkop	10	5	2
Foto's en onderskrifte	7	1	11
Statistiek	0	1	0

Uit *Republikein* se beriggewing word gesien vyf berigte wat op die voorblad geplaas is, fokus op Windhoek se munisipaliteit.

Prominensie word aan die Afrikaanse dagblad gegee ten opsigte van die kwadrantplasing en die ruimte wat daaraan afgestaan word.

Hieronder volg 'n voorbeeld van hoe die Afrikaanse dagblad die stadsraad se begroting voorgestel het. *Republikein* berig op 1 Julie 2013 oor verhogings. Die berig word op **bladsy 3**(plasing) **links onder**(kwadrant) gepubliseer. Die artikel strek oor **51 kolom/cm**(ruimte). *Republikein* doen gedurende Julie nog vyf opvolge oor die verhogings. Dit is die grootste kop op die bladsy.

Ander visuele elemente sluit 'n subkop en opsomming in.

Namibian Sun skryf vyf artikels oor Windhoek se stadsraad, waarvan twee op die voorblad gepubliseer word. Die Engelse dagblad publiseer geen stories van dorpsrade buite die hoofstad op die voorblad nie. Volgens bogenoemde elemente word berigte oor plaaslike owerhede wel op 'n belangrike kwadrant geplaas, maar dit geniet verder nie prominente spasie in die koerant nie.

Namibian Sun het die berig oor die begroting soos volg aangebied. Die publikasieplaas die berig ook op 1 Julie 2013 op **bladsy 3**(plasing). Dit word **links bo**(kwadrant) op die bladsy geplaas. Die berig strek oor **80 kolom/cm**(ruimte). *Namibian Sun* dra geen meer opvolge oor die munisipale verhogings nie. Dit is die grootste kop op die bladsy en het 'n subkop, opsomming en foto.

Allgemeine Zeitung publiseer vier artikels op die voorblad, waarvan drie op Windhoek se stadsraad fokus. Die onderwerp geniet geensins baie aandag in die koerant nie. Die Duitse koerant bied die inligting oor die begroting soos volg aan.

Allgemeine Zeitung plaas ook op 1 Julie 2013 'n berig hieroor. Die berig word **links onder**(kwadrant) op **bladsy 3**(plasing) gepubliseer. Dit strek oor **60 kolom/cm**(ruimte). *Allgemeine Zeitung* plaas een opvolg oor die verhogings. Dit is die grootste kop op die bladsy, sowel as 'n subkop, opsomming en statistiek.

Daar kan afgelei word *Republikein* staan meer aandag aan munisipale sake af as die ander twee koerante, hoewel ander onderwerpe in die Afrikaanse dagblad steeds meer aandag geniet.

Hierna sal die ramingskategorieë binne plaaslike owerhede as onderwerp bespreek word.

4.2.1.3.4 Raming

Tabel 17: Verskeie nuushoeke binne plaaslike owerheidberigte

Nuushoek	Republikein	AZ	NS
Konflik	8	4	8
Ekonomies	5	3	0
Moraliteit	0	0	0

Verantwoordelikheid	2	3	3
Mensestories	3	1	3
Politiek	0	0	0

Meeste van die munisipale stories wat geskryf is in al drie koerante, het weer eens 'n konfliknuushoek. Die woorde wat die meeste gebruik word om hierdie nuushoek te bepaal, sluit die volgende in: “**skorsing**”, “**skuld**”, “**bedrog**” en “**twis**”.

Windhoek se munisipaliteitsbegroting, waaroor al drie koerante geskryf het, word as voorbeeld gebruik om dit uit te lig:

Die Afrikaanse dagblad gebruik die kop “Windhoek se begroting swel tot N\$3,8 miljard”, en is in groot, gedrukte letters. Die berig gaan gepaard met 'n subkop, “Burgemeester jammer oor tariefverhogings”, en 'n opsomming. Die bedrag word in die kop en opsomming genoem. Saam met die inleidingsparagraaf dui dit op 'n ekonomiese en emosionele nuushoek. Woorde soos, “**jammer**”, “**tariefverhogings**” en “**swel**” word gebruik.

Die kop van *Namibian Sun* is in groot, swart letters geskryf, “High tariff increase for Windhoek” (Groot tariefverhoging vir Windhoek), met 'n subkop, “N\$3,8 billion budget approved” (N\$3,8 miljard-begroting goedgekeur). Die opsomming dui daarop dat die meeste munisipale dienste met 15% sal styg, maar dat die stadsraad steeds nie die N\$314 miljoen-tekort kan verminder nie. Volgens die inleiding het verhogings deur grootmaatverskaffers die stadsraad genoop om tariefaanpassings aan te bring wat inwoners forseer om meer vir dienste te betaal. Dit dui op 'n ekonomiese nuushoek. Die woorde wat gebruik word, is “**tariefverhogings**” en “**begroting goedgekeur**”.

Die kop “Zuschüsse sorgen für Defizite” (Subsidies maak voorsiening vir tekort, eie vertaling) is die grootste op die bladsy. Die subkop dui daarop dat die stadsraad met die huidige begroting steeds in die rooi is en die verhogings gaan inwoners verswelg. Volgens die opsomming bly die finansiële situasie vir die stadsraad gespanne. Die finansiële jaar sal na verwagting miljoene dollar se verliese in die gesig staar. Die inleiding lees dat die burgemeester tydens die aankondiging van die 2013-'14 finansiële jaar se begroting gesê het hulle het wel sukses behaal ondanks probleme en dit dui op 'n ekonomiese nuushoek. Trefwoorde sluit in “**korting**”, “**begroting**” en “**verhoging**”.

Opsomming:

Ten einde die beskrywing van agendastellingselemente en ramingskategorieë binne plaaslike owerhede as onderwerp, kan afgelei word dat *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* baie min aandag aan hierdie onderwerp afstaan. Die navorser lei af as gevolg van bogenoemde frekwensies plaas die Engelse en Duitse koerante nie munisipale sake op die agenda nie.

Republikein heg groter waarde aan hierdie onderwerp en dit kan gesien word aan die aantal voorbladstories, prominente spasie op 'n blad, sowel as die hoeveelheid ruimte wat aan die onderwerp toegeken is en die hoeveelheid opvolge.

Hoewel afgelei kan word *Republikein* plaas munisipale sake hoër op die agenda, is dit steeds nie die onderwerp wat die hoogste op die agenda geplaas word nie, in vergelyking met ander onderwerpe. Daar word afgelei hierdie onderwerp geniet net aandag indien 'n groot gebeurtenis plaasvind, soos in die geval van die munisipale begroting.

Die volgende ooreenkomste en verskille is binne hierdie onderwerp gevind: Hoewel die onderwerp nie op die agenda van *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* geplaas word nie, fokus die drie koerante wel op dieselfde tipe nuusgebeure binne hierdie onderwerp.

Die meeste van hierdie berigte gaan oor sake wat in die hoofstad plaasvind. Hierdie nuusberigte sluit ligter nuus in, soos byvoorbeeld die burgemeester wat 'n nuwe ampsketting ontvang. Wanneer daar wel oor ander plaaslike owerhede berig gelewer word, is dit ernstiger sake soos bedrog.

Die Afrikaanse dagblad gee baie meer prominente spasie in vergelyking met die ander twee dagblaaie. Daaruit kan afgelei word dat die Afrikaanse dagblad die onderwerp belangriker ag.

In alle beriggewing oor die onderwerp gebruik die koerante dieselfde tipe woorde, veral in die berigte oor die munisipale begrotings, om aandag na die berigte te trek.

Daar word dus afgelei hoewel dit nie die belangrikste onderwerp in enige koerant is nie, word prominente spasie steeds aan plaaslike owerhede afgestaan indien die omvang van die gebeurtenis hom daartoe leen.

In hierdie deel van die hoofstuk is agendastellingselemente en nuusraming aan die hand van koerantanalise en onderhoude met die redakteurs bespreek.

Die volgende algemene woorde is in die drie koerante geïdentifiseer wat op die volgende nuushoeke dui:

- Ekonomiese nuushoek: “**ontwikkeling**”, “**begroting**”, “**belasting**”, “**subsidies**”, “**onderspandeer**”, “**tariefverhogings**”, “**korting**” en “**ontwikkeling**”.
- Mensestories: “**moraal**” en “**jammer**”.
- Moraliteit: “**borgtog**”, “**verkragting**”, “**bloedskande**”, “**hoogverraad**” en “**vergifnis**”.
- Verantwoordelikheid: “**skande**”, “**beskuldigdes**”, “**onderhoud**”, “**regte**”, “**vonnis**”, “**wetshersiening**” en “**gee homself oor**”.

Daar is gevind *Republikein* plaas hof, misdaad en plaaslike owerhede as onderwerpe hoog op die agenda. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die Afrikaanse dagblad waarde heg aan onderwerpe wat 'n sterk impak op die gemeenskap het en waar konflik voorkom. Belangrike onderwerpe word geraam deur sterk woorde wat emosie uitlok om aandag op 'n spesifieke berig te fokus.

Namibian Sun daarenteen, plaas politiek, hof en misdaad hoog op hul agenda. Sterk woorde word ook gebruik om nuusberigte te raam en sodoende meer belangrikheid daaraan te verleen.

Allgemeine Zeitung plaas ook politiek, hof en misdaad op hul agenda. Dit stem ooreen met die agenda van die Engelse dagblad. Vir die Duitse koerant is impak op die grootste groep mense ook baie belangrik om nuuswaarde te bepaal. Konflik is ook vir die koerant 'n belangrike maatstaf om nuuswaarde te bepaal. Die nuus word ook, soos binne die ander twee koerante, geraam deur die gebruik van sterk woorde om aandag te trek.

Terwyl *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* se fokus baie dieselfde is, stem hul beriggewing oor politieke sake ooreen. *Republikein* en *Allgemeine Zeitung* se hof- en misdaadberiggewing stem meer ooreen as dié van die Engelse dagblad. Hoewel

plaaslike owerhede min aandag geniet, geniet dieselfde tipe gebeurtenisse spasie in die koerant, maar verskil die aanbieding daarvan in die drie koerante. In die volgende hoofstuk sal die gevolgtrekking en aanbevelings gemaak word.

Volgens die redakteurs het die samesmelting nie 'n groot invloed op die werksaamhede van die publikasies gehad nie. “Sedert die stigting van die *Namibian Sun* in 2007, het ons 'n kantoorruimte met die *Republikein* gedeel,” sê Nakatana (persoonlike onderhoud. 27 Aug. 2017).

Fischer is ook van mening dat die integrasie nie 'n groot invloed gehad het nie, omdat hoewel die *Allgemeine Zeitung* nie voor 2013 'n kantoor met die ander twee koerante gedeel het nie, was almal steeds op dieselfde perseel (persoonlike onderhoud. 28 Sept. 2017).

Hoewel die plan was om meer geïntegreerd te wees, sê Booysen (persoonlike onderhoud. 1 Sept. 2017) is die doel nog nie bereik nie. “Indien 'n joernalis van elke koerant 'n spesifieke geleentheid bywoon, maak dit ekonomies sin dat almal in een motor gaan,” sê hy. Gedurende my werksaamhede nou by die *Windhoek Express*, is die doelwit steeds nie bereik nie, maar is 'n goeie alternatief gevind.

Dit maak nie aldag sin om drie joernaliste na dieselfde geleentheid te stuur nie, veral in nuus wat minder belangrik geag word en wanneer dit verseker nie die le storie vir die volgende dag sal wees nie. Dan word die inligting (in die vorm van toesprake) met die ander koerante gedeel. Die geleentheid en gebeurtenisse wat op 'n spesifieke dag op die dagboek verskyn sal ook 'n invloed hê na watter stories joernaliste gestuur sal word. Byvoorbeeld, dit is minder belangrik om 'n oorhandiging van die kanker vereniging by te woon, indien die joernalis inligting gekry het oor verstopte dreine in die hospitaal se operasiesale. Die hospitaalstorie is baie meer nuuswaardig. Tog maak die publikasie voorsiening vir ligter nuus oor oorhandigings en is dit wel belangrik om hierdie inligting op rekord te plaas – al is dit nie op die eerste drie nuusblaaie nie.

Tydens my werksaamhede by die *Republikein* is gevind dat kopie meer tussen die *Republikein* en die *Namibian Sun* gedeel word. Die *Allgemeine Zeitung* sal eerder vir toesprake vra en self 'n berig uit die inligting skryf.

Daar is geen beleid dat sekere stories anders hanteer behoort te word nie. Die joernaliste besluit watter inligting vir hul die belangrikste is en watter nuushoek die artikel inslaan. “Almal is deeglik bewus vir die mark waarvoor hulle skryf en die aanslag wat die joernaliste neem moet vir die lesers belangrik of interessant wees,” sê Fischer (persoonlike onderhoud. 28 Sept. 2017).

Benewens vir politiekenuus en nuus oor plaaslike owerhede, is daar binne al drie die koerante ’n sterk fokus op hof en misdaad as onderwerp. Terwyl hierdie onderwerpe belangrik is, skryf die koerante nie aldag oor dieselfde gebeurtenisse nie. Tog kan wel afgelei word, dat die meeste stories wat wel binne die drie koerante dieselfde is, die meeste in hierdie onderwerpe gevind word.

Net die Engelse en Duitse koerant ag politiek belangrik, terwyl die *Republikein* meer klem plaas op plaaslike owerhede. Terwyl Fischer en Nakatana van mening is dat politiek ’n belangrike onderwerp is, verduidelik Booysen dat plaaslike owerhede net op die agenda sal wees indien iets groots in daardie maand plaasgevind het, soos gesien kan word.

In hierdie hoofstuk is die bevindinge van die koerantanalise in diepte uiteengesit en bespreek om te kan vasstel wat die agenda is wat die *Republikein*, *Namibian Sun* en die *Allgemeine Zeitung* daarstel, hoe dit van mekaar verskil en ooreenstem. Daar is ook aandag geskenk aan hoe die drie koerante nuus raam. In hierdie hoofstuk word gevind dat die *Republikein* eerder of hof, misdaad en plaaslike owerhede berig lewer. Daarteenoor fokus die ander twee koerante beide meeste oor politieke sake, hof en misdaad. Na afloop van hierdie hoofstuk is gevind dat al drie die koerante hof en misdaad as belangrik ag.

In die volgende hoofstuk sal gevolgtrekkings en voorstelle gemaak word vir toekomstige studies.

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hierdie studie het die navorser ondersoek hoe elke koerant die gebeure van die dag waarneem en aanbied, gegewe die feit dat *Republikein*, *Namibian Sun* en *Allgemeine Zeitung* aan dieselfde maatskappy behoort en kantoorruimte deel, maar verskillende kultuur- en taalgroepe dien.

In die eerste deel van hierdie hoofstuk sal 'n opsomming van die studie gegee word, waarna aandag aan die navorsingsdoelstellings gegee sal word en gevolgtrekkings gemaak sal word. Teen die einde van hierdie hoofstuk sal aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word en tekortkominge bespreek word.

5.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die doel van hierdie studie was om aan die hand van die agendastelling- en ramingteorie vas te stel wat die agenda van elk van die drie susterkoerante is en hoe hul nuus geraam word. Aan die hand van hierdie teoretiese perspektiewe is elemente en kriteria geïdentifiseer om te kan vasstel hoe die drie koerante inhoud aanbied.

In die onderstaande tabel sal die navorsingsvrae en -doelstellings uiteengesit word, sowel as die hoofstuk waarin die betrokke vrae bespreek is.

Tabel 18: Navorsingsvrae, -doelstelling en hoofstukke

Navorsingsvrae	Navorsingsdoelstellings	Hoofstuk
NV1: Wat is die historiese en organisatoriese konteks waarbinne <i>Republikein</i> , <i>Namibian Sun</i> en die <i>Allgemeine Zeitung</i> funksioneer?	Om aan die hand van amptelike dokumentasie en argiefmateriaal vas te stel wat die historiese en organisatoriese konteks is waarbinne die koerante uitgegee word.	Hoofstuk 1

NV2: Hoe kan agendastelling gebruik word om die konstruksie en aanbieding van nuus in <i>Republikein</i> , <i>Allgemeine Zeitung</i> en <i>Namibian Sun</i> te verduidelik?	Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel hoe agendastelling gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die <i>Republikein</i> , die <i>Allgemeine Zeitung</i> en die <i>Namibian Sun</i> te verduidelik.	Hoofstuk 2
NV 3: Hoe kan nuusraming gebruik word om die konstruksie en aanbieding van nuus in <i>Republikein</i> , <i>Allgemeine Zeitung</i> en <i>Namibian Sun</i> te verduidelik?	Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel hoe nuusraming gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die <i>Republikein</i> , die <i>Allgemeine Zeitung</i> en die <i>Namibian Sun</i> te verduidelik.	Hoofstuk 2
NV 4: Hoe bied <i>Republikein</i> , <i>Allgemeine Zeitung</i> en <i>Namibian Sun</i> nuus aan?	Om deur middel van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van die <i>Republikein</i> , <i>Namibian Sun</i> en die <i>Allgemeine Zeitung</i> vas te stel hoe die nuus aangebied word.	Hoofstuk 4
NV5: Hoe kan die ooreenkomste en verskille in die aanbieding van nuus in <i>Republikein</i> , <i>Allgemeine Zeitung</i> en <i>Namibian Sun</i> verduidelik word?	Om deur diepte-onderhoude vas te stel hoe die ooreenkomste en verskille in die aanbieding van nuus in die <i>Republikein</i> , die <i>Allgemeine Zeitung</i> en die <i>Namibian Sun</i> verduidelik kan word.	Hoofstuk 4

Hoofstuk 1 het konteks en motivering vir die studie gebied. In hierdie hoofstuk is gekyk na die geskiedenis van die drie susterkoerante (sien 1.2.2). Daar is ook gekyk na die rol wat die destydse DMH gespeel het in die stigting van *Republikein* en hoe eienaarskap van die huidige NMH sedertdien verander het (sien 1.1). In hierdie hoofstuk is ook gekyk na die medialandskap van Namibië en hoe NMH en al sy publikasies in die mark pas. Die probleemstelling en navorsingsdoelstelling (sien 1.5)

is ook in hierdie hoofstuk vervat, saam met die teoretiese perspektiewe wat binne hierdie studie bespreek word (sien 1.6). Die eerste navorsingsvraag is in hierdie hoofstuk beantwoord en die doelstelling bereik.

In **Hoofstuk 2** is die teoretiese perspektiewe aan die hand van 'n literatuurstudie bespreek. In hierdie hoofstuk is agendastelling en nuusraming (sien 2.3.1 en 2.3.2) as belangrike perspektiewe in die kwalitatiewe benadering voorgehou. Talle elemente van agendastelling (sien 2.3.1), insluitende nuuskriteria, onderwerp, plasing, kwadrante, ruimte, opvolge, genres en visuele elemente is uit die literatuur onttrek. Binne raming (sien 2.3.2) is nuushoeke en trefwoorde in die kop en inleidingsparagraaf gebruik ten einde vas te stel hoe dit die aanbieding en raming van nuus kan verduidelik. In die tweede hoofstuk is die navorsingsvrae, hoe die **agendastelling** en **nuusraming** gebruik kan word om die konstruksie en aanbieding van nuus in die drie koerante verduidelik kan word, beantwoord.

Hoofstuk 3 fokus op die metodes wat gebruik is om die studie te voltooi. Binne hierdie hoofstuk is triangulasie, geldigheid en betroubaarheid gebruik om bevindings te verifieer. 'n Literatuurstudie, onderhoude met redakteurs en die ontleding van amptelike dokumente en die analise van 'n maand se koerante is as metodes in hierdie studie geïdentifiseer (sien 3.3). Hoe die betrokke metodes gebruik gaan word om die navorsingsdoelwit te bereik (sien 3.4), is ook in hierdie hoofstuk bespreek.

In **Hoofstuk 4** is die koerantanalise se bevindings in diepte bespreek. Die elemente wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, is gebruik in 'n datavel om die koerantanalise makliker te maak en om seker te maak geen element word uitgelaat nie. Grafieke en tabelle is gebruik om die data wat gevind is uiteen te sit om die verskille en ooreenkomste te kan uitwys. In die hoofstuk is beantwoord hoe die *Republikein*, *Allgemeine Zeitung* en *Namibian Sun* nuus aanbied, sowel as hoe die ooreenkomste en verskille in die aanbieding van nuus in die drie koerante verduidelik kan word. Die doelstellings is dus bereik.

5.3 NAVORSINGSUITDAGINGS

In hierdie studie is die volgende uitdagings gevind:

- Geen navorsing is gevind wat oor die Namibiese media in die algemeen handel nie. Die meeste inligting wat oor die media beskikbaar is, is op Wikipedia gevind, wat in die algemeen nie as goeie akademiese bron beskou word nie. Dit was egter baie waardevol in hierdie studie. Inligting wat oor die media in die land gevind is, is moeilik bekom en het die navorser genoop om die mediahuise te kontak vir inligting wat gekort het. Inligting oor NMH was ook nie vrylik beskikbaar nie en 'n onderhoud was die enigste manier om inligting oor die maatskappy se geskiedenis te bekom.
- Omdat net een maand se koerante in die studie gebruik is, bied hierdie studie moontlik 'n beperkte weerspieëling van die agenda wat elke koerant daarstel. Dit gee wel 'n duidelike aanduiding van wat elke koerant voorstaan en hoe hulle hul lesers in ag neem.

5.4 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

- Soos hierbo uiteengesit, kan meer studiemateriaal ondersoek word. Dit kan waardevol wees om 'n tydperk te ondersoek waarin spesifieke groot nuusgebeure plaasgevind het, omdat dit moontlik 'n duideliker beeld van veral hoe nuus geraam word deur die koerante, sal bied.
- Die gebruik van sosiale media kan by 'n volgende studie ingesluit word deur te kyk watter tipe nuus as nuusbrekers op sosiale media geplaas word. Daarteenoor sal ook vasgestel kan word watter tipe nuus lesers graag wil lees ten opsigte van die verkeer wat 'n sekere plasing kry.

5.5 GEVOLGTREKKING

In die laaste hoofstuk het die navorser die studie opgesom deur hoogtepunte van die sleutelkwessies in elke hoofstuk te beskryf en hoe dit met die navorsingsdoelstellings verband hou.

'n Tabel is gebruik om te illustreer wat die verband tussen die navorsingsvrae, navorsingsdoelstellings en die hoofstukke is.

In hierdie hoofstuk is spesifieke uitdagings wat tydens die studie ondervind is, bespreek, waarvan toegang tot inligting die grootste was. Die navorser het ook voorstelle gemaak vir toekomstige navorsing wat belangrik is – veral in 'n land waar byna geen navorsing oor media gedoen word nie.

Ten slotte was die motivering agter hierdie studie om te sien hoe drie susterkoerante van mekaar verskil en ooreenstem wanneer hulle aan een maatskappy behoort. Na afloop van hierdie studie kan afgelei word die drie koerante verskil wel van mekaar gegewe hul kulturele ideologieë, die mark vir wie hulle skryf en hul verskillende lesers. Hoewel die koerante aan een maatskappy behoort, kompeteer elke koerant boonop vir spasie in die mediamark.

BRONNELYS

Anderson, J.A. 1987. Communication research: issues and methods. New York: McGraw-Hill.

Ardèvol-Abreu, A. 2015. Framing theory in communication research in Spain, Origins, development and current situation. *Revista Latina de Comunicación Social*, 70, pages 423 – 450.

<http://www.revistalatinacs.org/070/paper/1053/23en.html>. Soos gesien op 2 Maart 2017.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.

Beaumont, R. 2006. Introduction to LittleJohn & Foss. Theories of Human Communication. Soos gesien op 16 Augustus 2014.

http://www.floppybunny.org/robin/web/virtualclassroom/chap5/s5/littlejohn/chapter_intros/littlejohn_sectionA_oct_2005.pdf

Booyesen, D. 2017. Redakteur van die Republikein. Agendastelling en nuusraming (persoonlike onderhoud). 1 September 2017. Windhoek.

Brüggemann, M. (2014), Between Frame Setting and Frame Sending: How Journalists Contribute to News Frames. *Communication Theory*, 24: 61–82. <http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1111/comt.12027/abstract>. Gesien op 13 Junie 2017.

CIA World Factbook: Namibia. 2016 . www.cia.gov/library/publications/the-world-factbook/geos/wa.html. Gesien op 26 April 2016.

Cissel, M. 2012. Media Framing: A Comparative Content Analysis on Mainstream and alternative news coverage of Occupy Wall Street. *Strategic Communications* Elon University. Vol 3, No. 1. <https://www.elon.edu/docs/e->

web/academics/communications/research/vol3no1/08CisseIJSpring12.pdf.

Soos gesien op 5 September 2016.

Clark, M.D. 2016. Poynter. It's time for a new set of news values: Here's where we should start. <http://www.poynter.org/2016/its-time-for-a-new-set-of-news-values-heres-where-we-should-start/418952/>

Soos gesien op 19 September 2017.

Cohan, D & Crabtree, B. 2006. Qualitative Research Guidelines Project: Structuredinterviews. <http://www.qualres.org/HomeStru-3628.html>. Gesien op 10 Desember 2015.

Cohen D, Crabtree B. "Qualitative Research Guidelines Project." July 2006. <http://www.qualres.org/HomeTria-3692.html>. Soos gesien op 17 Augustus 2015.

CONLEY, D. & LAMBLE, S. 2006. The daily miracle. An introduction to journalism. 3rd ed. South Melbourne: Oxford University Press.

Cox, JB. 2014. News You Need to Know: Examining the Prioritization of News Content in Print and Online Publications. J Mass Communicat Journalism. <https://www.omicsonline.org/open-access/news-you-need-to-know-examining-the-prioritization-of-news-con-tent-in-print-and-online-publications-2165-7912.1000210.php?aid=30984>. Gesien op 24 Julie 2017.

Craig, R.T. & Muller, H.L., eds. 2007. Theorizing communication: readings across traditions. Thousand Oaks: Sage.

Craig, R.T. 2007. Communication theory as a field. (*In* Craig, R.T. & Muller, H.L., eds. Theorizing communication: readings across traditions. Thousand Oaks: Sage. p. 63-98).

Craig, T. 1989. Communication Theory as a Field. University of Colorado Boulder. <http://www.clt.astate.edu/mhayes/Craig%20Article.PDF>. Soosgesien op 21 Maart 2016.

Creative Bloq. 2014. Why people focus on the right hand design. <http://www.creativebloq.com/netmag/why-people-focus-right-hand-side-design-3146267>. Soosgesien op 27 Augustus 2016.

Davie, William, R & Maher, T. Michael. 2006. Journal of Broadcasting & Electronic Media. Vol. 50, No. 2. <https://www.questia.com/library/journal/1G1-154757004/maxwell-mccombs-agenda-setting-explorer>. Soosgesien op 11 September 2016.

De Beer, A.S. & Botha, N. 2008. News as representation. (*In* Fourie, P.J., *ed.* Media studies: policy, management and media representation. 2nd ed. Cape Town: Juta. p. 228-242).

De Fleur, Melvin & Ball-Rokeach, Sandra J. (1989). *Theories of Mass Communication*. New York: Longman.

De Vreese, C. 2005. New framing: Theory and Typology. John Benjamins Publishing Company.

Du Plooy, G.M. 2009. Communication research: techniques, methods and applications. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Duddy, J. 2017. FNB Namibia acquires Ebank, Pointbreak. <https://www.namibiansun.com/news/fnb-namibia-acquires-ebank-pointbreak> . Gesien op 16 Mei 2017.

Elo, S. Kääriäinen, M. Kanste, O. Pölkki, T. Utriainen, K. Kyngäs, H. 2014. Qualitative ContentAnalysis: A focusontrustworthiness. <http://sgo.sagepub.com/content/4/1/2158244014522633> Gesien op 3 September

2015.

Elo, S. Kääriäinen, M. Kanste, O. Pölkki, T. Utriainen, K. Kyngäs, H. 2014. Qualitative Content Analysis: A focus on trustworthiness. <http://sgo.sagepub.com/content/4/1/2158244014522633>. Gesien op 3 September 2015.

Fischer, S. 2017. Agendastelling en nuusraming (persoonlike onderhoud). 29 September 2017. Windhoek.

Friedrich Ebert Stiftung (FES). African Media Barometer: The first home grown analysis of the media landscape in Africa : Namibia 2015. Page 27 – 35. Froneman, J.D. 2002. 'n ABC en XYZ van joernalistiek. Potchefstroom: PU vir CHO, SkoolvirKommunikasiestudies.

Froneman, J.D., Swanepoel, T. & Van Rooyen, G.M. 2005. Handboek vir joernalistiek in Suid-Afrika. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Skool vir Kommunikasiestudies.

Golafshani, N. 2003. The Qualitative Report: Understanding Reliability and Validity in Qualitative Research. Volume 8 Number 4 December 2003. Page 597-607. <http://www.nova.edu/ssss/QR/QR8-4/golafshani.pdf>. Gesien op 25 Augustus 2015.

Goodfriend, W. 2015. Sociology's four theoretical perspectives: structural-functional, social conflict, feminism & symbolic interactionism. <http://study.com/academy/lesson/sociologys-four-theoretical-perspectives-structural-functional-social-conflict-feminism-symbolic-interactionism.html>. Soos gesien op 2 September 2016.

Graig, A & Duddy, J. 2016. NMH nou ten volle in Namibiese hande. <http://m.republikein.com.na/sakenuus/nmh-ten-volle-namibiese-hande>. Gesien op 4 Julie 2016.

Greef, C. 2016. Onderhoud met die navorser oor die stigting van DMH, 29 Augustus 2016.

Guion, L. A. 2002. Triangulation: Establishing the Validity of Qualitative Studies1. Page 1 – 3.

Guion, Lisa, Diehl, David and McDonald, Debra. 2011. University of Florida. Triangulation: Establishing the validity of qualitative studies. http://www.ie.ufrj.br/intranet/ie/userintranet/hpp/arquivos/texto_7_-_aulas_6_e_7.pdf. Gesien op 12 September 2016.

Hargreaves, I. 2005. Journalism: A very short introduction. USA, New York: Oxford.

Hogan, J., Dolan, P., Donnelly, P. (2009) 'Introduction', in J. Hogan, P. Dolan and P. Donnelly (eds) *Approachesto Qualitative Research: Theory and Its Practical Application*. Cork: Oak Tree Press.

Hoofredaksie. 2013. Begin van 'n nuwe era. *Republikein*, 4 Julie, 1. Gesien op 24 Augustus 2015, *Republikein*-argief.

Ihlström, C and Lundberg, J. 2014. Journal of Web Engineering, Vol 3. No1. A genre perspective on online newspaper front page design. Rinton Press. Pages 51 – 74.

Katzenbach, J; Oelschlegel, C and Thomas, J. 2016. The cirtical few: 10 Principles of organizational culture. <https://www.strategy-business.com/feature/10-Principles-of-Organizational-Culture?gko=3e299>. Gesien op 17 April 2017.

Kennedy, Patrick. (2009) *How to combine multiple research options: Practical Triangulation*. <http://johnnyholland.org/2009/08/20/practical-triangulation>. Soos gesien op 16 April 2015.

Kudchadkar, H. 2015. News beats. <https://www.slideshare.net/shubs1594/news-beats-journalism-ppt-final>. Gesien op 17 Julie 2017.

Kwansah-Aidoo, Kwamena. 2005. Topical Issues in Communications and Media Research.

https://books.google.com.na/books?id=BmRP2Em3fA4C&pg=PA43&lpg=PA43&dq=triangulation+in+agenda+setting+research&source=bl&ots=RShyFON1ul&sig=wVF7LVabqREMOeOBDKCCSHrWRmc&hl=en&sa=X&ved=0ahUKEwi0laynsZ_KAhXKvxQKHQ3RC8gQ6AEIHzAA#v=onepage&q=triangulation%20in%20agenda%20setting%20research&f=false. Gesien op 4 Januarie 2016.

Littlejohn, S.W. & Foss, K.A. 2011 Theories of Human Communication. Tiendeuitgawe. Long Grove, Ill: Waveland Press.

Long, R. 2014. Introductory Sociology: Theoretical persepectives.

<http://dmc122011.delmar.edu/socsci/rlong/intro/perspect.htm>. Soosgesien op 23 Augustus 2015.

McCombs, Maxwell E. & Shaw, Donald L. (1972). The agenda-setting function of mass media. *Public Opinion Quaterly*, 36.

McLeod, S. 2014. Simply Psychology: The interview Method.

<http://www.simplypsychology.org/interviews.html>. Soos gesien op 16 Desember 2015.

McQuail, D. 2000. McQuail's mass communication theory. 4th ed. London: Sage.

Mieliestronk : Beroepsvoorligting Joernalistiek. Gesien op 17 Augustus 2016.

<http://www.mieliestronk.com/1beroepjoernalis.html>

Mudd, J. 2014. Axia Public Relations: 10 elements of news and newsworthiness.

<http://www.axiapr.com/blog/elements-of-news>. Gesien op 20 Oktober 2017.

Nakatana, F. 2017. Redakteur: Namibian Sun (persoonlike onderhoud). 27 Augustus, Windhoek.

Namibia Media Holdings, <http://www.nmh.com.na/>. Gesien op 25 Augustus 2015.

Newton, N. 2010. The use of semistructured interviews in qualitative research: strengths and weaknesses. Paper submitted in part completion of the requirements of the degree of Doctor of Philosophy, University of Bristol. http://www.academia.edu/1561689/The_use_of_semi-structured_interviews_in_qualitative_research_strengths_and_weaknesses. Gesien op 25 Augustus 2015.

NMH, Media Kit 2013.1

NMH: *Allgemeine Zeitung*. Fact Sheet, 2013. 1

NMH: *Namibian Sun*. Fact sheet. 2013, 1.

NMH: *Republikein*. Fact Sheet, 2013.1

NRC, 2002. *Stijlboek NRC*. [Online] Available at: <https://apps.nrc.nl/stijlboek/stijlgids/journalistieke-genres>

Onbekend. 2010. Mountain Heights Academy Open Course Ware. Parts of a newspaper. <http://openhighschoolcourses.org/mod/book/tool/print/index.php?id=924>. Soos gesien op 11 April 2017.

Onwuegbuzie, A.J. Leech, N.L & Collins, M.T. 2012. The Qualitative Report: Qualitative Analysis Techniques for the Review of the Literature 2012 Volume 17, Article 56, 1-28. <http://www.nova.edu/ssss/QR/QR17/onwuegbuzie.pdf> Gesien op 26 Augustus 2015.

Patton, M & Cochran, M. 2002. A Guide to Using Qualitative Research Methodology. <http://fieldresearch.msf.org/msf/bitstream/10144/84230/1/Qualitative%20research%20methodology.pdf>. Gesien op 26 August 2015.

Phelan, C & Wren, J. 2005. Exploring reliability in academic assessment.
<https://www.uni.edu/chfasoa/reliabilityandvalidity.htm>. Gesien op 5 September 2015.

Reese, S.D. 2003. Prologue – Framing public life: a bridging model for media research. (*In* Reese, S.D., Gandy Jr., O.H. & Grant, A.E., eds. 2003. Framing public life: perspectives on media and our understanding of the social world. Mahwah: Lawrence Erlbaum Associates. p. 7-29).

Reisner, A. 1992. Editors construct the front page.
<http://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/107769909206900416?journalCode=jmqb>. Gesien op 12 November 2017.

Scheufele, D.A. 1999. Framing as a theory of media effects. http://www.phil-fak.uni-duesseldorf.de/fileadmin/Redaktion/Institute/Sozialwissenschaften/Kommunikations-_und_Medienwissenschaft/Vowe/Forschergroupe/Scheufele_Framing_theory_media_effects.pdf. Soos gesien op 14 Augustus 2016.09.18

Scheufele, D.A. and Tewksbury, D. 2006. Framing, Agenda Setting, and Priming: The Evolution of Three Media Effects Models. *Journal of Communication*. Volume 57, Issue 1, pp 9–20. Gesien op 10 Maart 2015.

Schiff, F and Francis, D. 2006. *Quarterly Journal of Ideology*. Organizational Culture and its influence on the News: Class ideology in newspapers and chains. <file:///C:/Users/User/Downloads/Schiff%20Newspapers.pdf>. Gesien op 25 September 2015.

Scott, S. 2013. Sociocultural Theory. Soos gesien op 7 Mei 2014.
www.education.com/reference/article/sociocultural-theory/

Semetko, H.A. & Valkenburg, P.M. 2006. Framing European politics: a content analysis of press and television news.

<http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1111/j.1460-2466.2000.tb02843.x/pdf> Date of access: 9 Sep. 2016.

Shoemaker, P and Reese, S. 2011. Mediating the message: Theories of influences on mass media content.

Spencer-Thomas, O. 2005. News Values. <http://www.owenspencer-thomas.com/journalism/newsvalues>. Soosgesien op 17 Augustus 2015.

Thomas, S. 1987. Culture and Communication: Methodology, Behavior, Artifacts and Institutions. Vol 3. Norwood, New Jersey. Ablex Publishing Company.

Trochim, W. 2006. Research Methods Knowledge Base: Deduction&Induction. <http://www.socialresearchmethods.net/kb/dedind.php>. Gesien op 3 Desember 2015.

Van Baalen, S. 2013. News sources and media framing of the Marikana massacre in South Africa. Department of Government, Uppsala University. 47 pages.

Vinz, S. 2015. The theoretical framework of a thesis: what and how? <https://www.scribbr.com/thesis/the-theoretical-framework-of-a-thesis-what-and-how/>. Soos op 10 September 2016.

Vivian, J. 2006. The Media of Mass Communication. Seventh Edition. Pearson. 544 bladsye.

Vobič, Igor. 2009. Newsroom Convergence in Slovenia: Newsroom Environments of the Media Organizations Delo en Žurnal. Faculty of Social Sciences, University of Ljubljana.

Watson, J. 2003. The News: Gates, Agendas and Values.
[http://core.roehampton.ac.uk/repository2/content2/subs/d.steedman/d.steedman1871/Watson%20\(2003\)The%20News.pdf](http://core.roehampton.ac.uk/repository2/content2/subs/d.steedman/d.steedman1871/Watson%20(2003)The%20News.pdf). Soosgesien op 14 Januarie 2016.

Wikipedia. 2014. *Allgemeine Zeitung*,
[https://en.wikipedia.org/wiki/Allgemeine_Zeitung_\(Namibia\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Allgemeine_Zeitung_(Namibia)). Gesien op 26 Julie 2014.

Wikipedia. 2016. *Republikein*. <https://en.wikipedia.org/wiki/Republikein>. Gesien op Maart 2016.

Wimmer, R.D & Dominick, J.R. 1991. Mass Media Research: An introduction. Third Edition. Wadsworth.

Ya Nangoloh, P. 2012. Namrights: Democracy and Namibia's Unrepresentative Media. Published 8 May 2012.
<http://www.nshr.org.na/index.php?module=News&func=display&sid=1806>.
Gesien op 15 Februarie 2016.